

**'ZE WILLEN GRIEVEN ETEN' : TEORIE EN PRAKTYK
VAN DIE VERTALING VAN 'N NEDERLANDSE
KINDERBOEK**

deur

Maria Elizabeth Nelson (née Gauché)

M.A. (Latyn), S.O.D., Honns. B.A.(Toeg. Ling.)

Proefskrif voorgelê vir die graad

DOCTOR LITTERARUM (Toegepaste Linguistiek)

in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in
die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor : Prof. D.P. Wissing
Mede-promotor : Prof. A.L. Combrink

November 1991

Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid!

Rom. 11:36

Graag wil ek van harte die volgende persone en instansies bedank:

My promotors vir hul deskundige leiding, geduld en aanmoediging en die baie tyd wat hulle aan my gegee het;

My man vir sy liefdevolle en lojale ondersteuning, asook my kinders vir hul aanmoediging en belangstelling;

My vader vir sy aanmoediging en belangstelling oor baie jare;

Adelle Lötter van Inligtingstechnologie en -bestuur en Wilma Breytenbach en ander personeel van die Statistiese Konsultasiediens vir professionele hulp;

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul vriendelike diens;

Professor W. Claassen van die Universiteit van Stellenbosch vir die optiese inlees van die Nederlandse teks;

Willem Scheepers vir sy flinke en gewaardeerde hulp met 'n verskeidenheid take;

Tobie Oosthuysen vir die netjiese drukwerk;

Jane Liza wat die fort by die huis gehou het;

Alle kollegas wat hulp en wenke verleen het.

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie proefskrif uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAWE

DEEL I : INLEIDEND

HOOFSTUK 1	INLEIDING	1
1.1	Aanloop	1
1.2	Probleemstelling	2
1.3	Doel van die studie	3
1.4	Indeling van die werk	3
1.5	Verdere navorsing	4
HOOFSTUK 2	DIE KEUSE VAN 'N VERTAALBENADERING	5
2.1	Die sentrale probleem van vertaling : Ekwivalensie	5
2.1.1	Die term ekwivalensie	5
2.1.2	Die vier fases van Steiner	7
2.1.3	Wisselende vertaalbenaderings in die geskiedenis	8
2.2	Die resepsieteorie	16
2.2.1	Verwagtingshorison en estetiese afstand (Jauss)	17
2.2.2	Teksstrategieë, oop plekke en die implisiete leser (Iser).	18
2.2.3	Leserrespons en interpretatiewe gemeenskappe (Holland en Fish)	20
2.3	Nida se ideaal van dinamiese ekwivalensie	21
2.4	'n Vertaalbenadering vir Otje	24
HOOFSTUK 3	DIE VERTALING VAN KINDERBOEKE	25
3.1	Inleidend	25
3.1.2	Waarom Nederlands vertaal?	25
3.2	Die wenslikheid van vertaalde kinderboeke	25
3.3	Wat is 'n goeie kinderboek?	26
3.4	Doelwitte met en vereistes vir die vertaal van kinderboeke	31
3.4.1	Doelwitte met die vertaal van kinderboeke	31
3.4.2	Vereistes vir die maak van 'n goeie vertaling	32
3.5	Die aktualiteit van Otje vir Suid-Afrikaanse kinders	36
3.6	Die sprokieselement in Otje	38
3.7	Probleme by vertaalde kinderboeke	40
3.7.1	Grade van aanpassings wat gemaak kan word	40
3.7.2	Kategorieë waarin aanpassings gemaak kan word	41
3.7.3	Metodes van aanpassing	42
DEEL II: SOSIOLINGUISTIESE PROBLEME		
HOOFSTUK 4	PROBLEME OP DIE TERREIN VAN LANDESKUNDE	45
4.1	Die term Landeskunde	45
4.2	Landeskunde in wisselwerking met die linguistiek	48
4.3	Landeskunde in wisselwerking met die literatuur	49
4.4	Die eksplisiteer van vreemde elemente deur die vertaler	50
4.5	Voorbeelde uit die vertaalde teks	52
4.5.1	Die invoeging van metatekstuele elemente	52
4.5.1.1	Boomname	53
4.5.1.2	Voëlname	53

4.5.1.3	Geld	55
4.5.1.4	Geboue en hul inrigting	56
4.5.1.5	Tafelgebed	59
4.5.1.6	Inkopies	59
4.5.1.7	Tydskrifte	60
4.5.1.8	Vreemdetaalelemente in die bronteks	60
4.5.2	Verstelling tot iets met dieselfde assosiasie	61
4.5.2.1	Kossoorte	61
4.5.2.2	Amptelike dokumente	62
4.5.2.3	Vervoermiddels	62
4.5.2.4	Plasse en mere	65
4.5.2.5	Eiename	66
4.5.2.6	Titels	66
4.5.2.7	Die gebruik van 'asseblief'	67
4.5.3	Verwerking tot 'n parallelle stelsel of situasie	69
4.5.3.1	A(l)sjebliëft (Voilà)	69
4.5.3.2	Uitstekend	69
4.5.3.3	Plaaslike bestuursinstansies	70
4.5.3.4	Plantsoen en Park	71
4.5.3.6	Giro	72
4.5.4	Eufemismes	73
4.5.5	Aanspreekvorme	74
4.5.5.1	Tos se verhouding met ander volwassenes	74
4.5.5.2	Otje se aanspreekvorm vir haar pa	76
4.6	Vertaalstrategie ten opsigte van elemente in 'n kinderteks waar landeskunde tersake is.	77

DEEL III: SUIWER LINGUISTIESE PROBLEME

SINTAKTIESE PROBLEME

HOOFTUK 5: DIE VERTALING VAN TEENWOORDIGE DEELWOORDE 83

5.1	Inleidend	83
5.2	Statistiek	85
5.3	Tipes oplossings	86
5.3.1	Behoud van 'n teenwoordige deelwoord	86
5.3.2	Teenwoordige deelwoorde wat vervang is met ander sintaktiese strukture	89
5.3.2.1	Teenwoordige deelwoorde vertaal met behoud van woordsoortelike funksie	89
5.3.2.2	Teenwoordige deelwoorde vertaal met grammatikale omstellings	91
5.3.2.2a	Teenwoordige deelwoorde in adverbiale funksie gebruik	91
5.3.2.2b	Teenwoordige deelwoorde in adjektiewiese funksie gebruik	94
5.4	Teenwoordige deelwoorde in die vertaalde teks waar geen teenwoordige deelwoorde in die bronteks is nie.	95
5.5	Vertaalstrategie by vertaling van teenwoordige deelwoorde van Nederlands na Afrikaans in 'n kinderteks	95

HOOFTUK 6 DIE VERTALING VAN NEDERLANDSE WERKWOORDE 97

6.1	Inleiding	97
6.2	Benaderings en terminologie	97
6.3	Vergelyking tussen werkwoorde in bronteks en vertaalde teks	101
6.3.1	Vasstelling van 'n steekproef	101
6.3.2	Metode van ontleding	101
6.3.3	Verskillende tipes diskoers	102

6.3.3.1	Voorbeelde van die nut van diskoersanalise	104
	Hoofstuk 24 (Een gele sportauto) moment 1 : 86.3 - 86.13	104
6.3.4	Voorbeelde van ontleding van die teks	106
	Hoofstuk 4 (Het voorgerecht) Moment 1: 13.3 - 13 18	106
	Moment 2: 13.19 - 13.24	107
	Moment 3: 13.24 - 13.33	108
	Moment 4: 13.35 - 13.36	108
	Moment 5 13.36 - 14.3	109
6.3.5	Opvallende verskille wat aan die lig kom by vergelyking	110
6.3.6	Statistiek vir steekproefhoofstukke	110
6.3.6.1	Die imperfektum	111
6.3.6.1a	Statistiek	111
6.3.6.1b	Tendense aangetoon deur statistiek vir imperfektum	111
6.3.6.1c	Die imperfektum + infinitief	112
6.3.6.2	Die perfektum	114
6.3.6.2a	Statistiek	114
6.3.6.2b	Tendense aangetoon deur statistiek vir die perfektum	114
6.3.6.3	Die plusquamperfektum	115
6.3.6.3a	Statistiek	115
6.3.6.3b	Tendense afgelei uit statistiek vir plusquamperfektum	115
6.3.6.4	Die presens	116
6.3.6.4a	Statistiek	116
6.3.6.4b	Tendense afgelei uit statistiek vir die presens	116
6.3.7	Insigte verwerf deur die vergelyking van bronteks en vertaalde teks	117
6.4	Vertaalstrategie vir die weergawe van werkwoorde by die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek	118

LEKSIKALE PROBLEME

HOOFSUK 7	DIE WEERGAWA VAN EIENAME IN DIE VERTALING	120
7.1.	Inleidend	120
7.2	Ontleding van Eiename in Otje	121
7.2.1	Plekname	121
7.2.2	Karaktername	124
7.2.2.1	Bestaande eiename	124
7.2.2.2	Eiename geskep met 'n spesifieke doel	127
7.3	Perspektiewe op assosiasie	129
7.3.1	Psigologiese perspektief	129
7.3.2.	Linguistiese perspektief	132
7.3.3	Die perspektief van literêre konvensie	134
7.3.4	Narratologiese perspektief	135
7.3.5	Perspektief verkry uit teorie van resepsie-estetika	138
7.3.6	Naamkundige perspektief	139
7.4	Lyste van name uit Otje	140
LYS A :	Plekname	140
LYS B :	Bestaande eiename	141
LYS C :	Klanknabootsende name	142
LYS D :	Fiktiewe eiename met spesifieke assosiasies	143
7.5	Vertaalstrategie by die weergawe van eiename in 'n kinderboek	145

DEEL IV: SAMEVATTING

HOOFTUK 8 SAMEVATTENDE KONKLUSIES EN AANBEVELINGS	146
BIBLIOGRAFIE	155
OPSOMMING	166
SUMMARY	168

DEEL I : INLEIDEND

HOOFSTUK 1 INLEIDING

1.1 AANLOOP

Die vertaler se eerste kennismaking met *Otje* deur Annie M.G. Schmidt was in 1982 toe daar 'n moontlikheid was om dit vir 'n uitgewer in Afrikaans te vertaal. Die genotvolle ervaring om die boek voor te lees vir jong kinders (natuurlik met die nodige verduideliking daarby) het die vermoede bevestig dat vertaling werklik die moeite werd sou wees. Ongelukkig het die uitgewers teen dié tyd besluit dat dit nie 'n ekonomiese proposisie sou wees nie, en het die moontlikheid verval om dit teen betaling te doen. Daarna het die idee posgevat om dit tog te vertaal en as databasis te gebruik vir besinning oor vertaalprobleme van Nederlands na Afrikaans.

Na besinning oor die tipe vertaling wat vir kinderlesers die doeltreffendste sou wees, is die vertaling dus eers gedoen, grotendeels intuïtief, terwyl aantekening gehou is van die probleme wat dit opgelewer het. Hier en daar is gebruik gemaak van byvoorbeeld komponentanalise om tot 'n besluit te kom oor moeilike vertalings. Eers daarna is daar begin met die grootste deel van die teoretiese besinning wat in die volgende hoofstukke vervat is. In oorleg met die promotors is ook besluit dat die vertaling van toe af onveranderd moes bly staan as die stof vir die besprekings. Om hierdie rede word in Hoofstuk 8 by die samevatting 'n aantal 'foutiewe' - of minder geslaagde - vertalings uitgewys, wat nie gekorrigeer is in die vertaling wat in die bylae vervat is nie, maar wat uiteraard wel verander sou word as die boek uiteindelik deur 'n uitgewer in vertaling uitgegee sou word. Plekke waar sulke verbeterings beoog word, is in die bylae aangedui met *.

Die vraag kan egter ook maklik gestel word waarom hier dan 'n Nederlandse kinderboek vertaal is. Afrikaans is immers 'n dogtertaal van Nederlands. Kan Afrikaanssprekende kinders dan nie maar gewoonweg die Nederlandse boek lees nie? Ondervinding het egter getoon dat dit ongelukkig nie so is nie. *Otje* is 'n kinderboek wat afgestem is op kinders van ongeveer ag tot twaalf jaar oud, en as daar gelet word op die toenemende probleme wat Afrikaanse hoërskoolkinders het, volgens die bewerings van onderwysers, met die verstaan van Nederlands, en dat universiteitstudente Engels skynbaar makliker verstaan as Nederlands, is dit duidelik dat bloedweinig indien enige kleiner Afrikaanse kinders die Nederlands sal kan lees en verstaan. Verder moet ook rekening gehou word met die feit dat 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking nie uit 'n Germaanse agtergrond

kom nie, en gevolglik, hoewel hulle miskien Afrikaans verstaan, nog groter probleme sal hê met die begrip van 'n Nederlandse teks. Ook vir hulle maak so 'n vertaling dus iets nuuts toeganklik.

Daar is ook veranderinge wat by latere deurlees van die vertaling oorweeg is omdat dit na verbeteringe lyk, nie as gevolg van teoretiese besinning nie, maar bloot omdat die verloop van tyd beter idees of insig gebring het. Hierdie beoogde veranderings lê meesal op die vlak van die idioom van die taal, maar volgens die bogenoemde ooreenkoms is ook dit nog nie aangebring nie. Ook hierdie beoogde veranderings word aangedui met *.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die basiese aanname by die onderneming van hierdie navorsing was dat die probleme wat ondervind sou word by die weergawe van 'n Nederlandse kinderboek in Afrikaans geklassifiseer sou kon word onder sekere hoofde wat verskillende fasette van vertaling sou dek. Met behulp van die bestaande literatuur oor vertaalteorie kon daar besin word oor die teoretiese grondslag van die spesifieke probleme en oor die praktiese oplossing daarvan. Op dié manier sou 'n bydrae gelewer kon word tot die **integrering van vertaalteorie en praktiese vertaalkunde**.

Na aanleiding van die oplossings wat gevind is, sou dit dan ook moontlik wees om algemene riglyne - **vertaalstrategieë** - aan die hand te doen wat deur ander vertalers gebruik sou kon word. Ook in hierdie opsig sou dus 'n bydrae gemaak kon word.

Die vermoede het ook bestaan dat hierdie vertaalstrategieë nie noodwendig beperk sou hoef te bly tot die twee tale waarvan hier sprake is nie. Afgesien van **ander moderne tale** sou die beginsels wat deur die studie blootgelê word, ook van waarde kon wees vir dosente en navorsers in onder andere **klassieke tale** waar 'n groot deel van die werk wat gedoen word uit vertaling bestaan.

Literatuurstudie het getoon dat, hoewel daar baie geskryf is oor vertaling, daar slegs 'n baie beperkte aantal werke geskryf is oor die **vertaling van kinderboeke**. Die enigste werke wat hierop toegespits is wat opgespoor kon word, is die twee boeke waarvan Klingberg (1978, 1986) onderskeidelik eerste redakteur en skrywer is en waarin 'n hele aantal problematiese aspekte van sulke vertalings behandel word, en die afdeling wat Toury (1980) wy aan verskillende vertalings van die Duitse verhaal **Max und Moritz** in Hebreeus. Toury se hoofklem val op

die plek wat die vertaalde kinderboek inneem in die doeltaalliteratuur en hoe dit bepaal word deur die mate waarin die vertaler hom aanpas by die norme van die doeltaalkultuur. Die resultaat van hierdie studie sou aanvullend kon wees in soverre dit in meer besonderhede 'n aantal probleme bespreek in verband met die vertaling van kinderboeke.

Uit gesprekke met vertaalwetenskaplikes in België¹ en Engeland² asook literatuursoektogte in biblioteke, het geblyk dat bykans geen studies nog onderneem is oor die vertaling van Nederlands na Afrikaans nie. Hierdie studie sou dus minstens op 'n aantal fasette van sulke vertaling meer lig kon werp.

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie werk is dan om na te gaan watter **probleme** ondervind is by die vertaling van **Otje na Afrikaans**, om hierdie probleme te **klassifiseer in tipes**, te kyk na maniere om hulle op te los en uit die gevonde oplossings **algemene strategieë** te vind vir toekomstige vertalings. Hierby was die doel ook spesifiek om die studie toe te spits op die **vertaling van kinderboeke**.

1.4 INDELING VAN DIE WERK

Deel I is **inleidend van aard**, en bevat naas die **probleemstelling en motivering** ook 'n hoofstuk oor die benadering tot **ekwivalensie** in die loop van die geskiedenis, en 'n hoofstuk oor die **kinderboek en die vertaling daarvan**.

Deel II behandel **sosiolinguistiese probleme**.

Deel III behandel **suiwer linguistiese probleme**, sintakties sowel as leksikaal.

Deel IV bevat die **samevattende konklusies en aanbevelings**.

Die **bylae**, wat om praktiese redes apart gebind is, bevat die bronteks en vertaalde teks in kolomme langs mekaar. Die doel hiermee was om verwysing te vergemaklik.

Die bladsynommers en reëlnommers in die bylae word dwarsdeur gebruik om na die teks te verwys, byvoorbeeld 125.14 beteken die voorbeeld of bespreekte geval verskyn in die bylae op bladsy 125, reël 14.

1 Prof. Jeff van den Broeck van die Hoger Instituut voor Vertalers en Tolken, Brussel.

2 Prof. Roger Bell van Central London Polytechnic.

1.5 VERDERE NAVORSING

'n Hele paar van die onderwerpe wat hier in verskillende hoofstukke behandel word, sou elk apart nagevors kon word tot die omvang van 'n proefskrif. Hier word hulle elkeen behandel as een faset van die komplekse netwerk van oorwegings wat by vertaling in ag geneem geneem moet word. Daar is gepoog om telkens ook aan te toon waar daar die moontlikheid bestaan vir breër navorsing. Nog 'n moontlikheid vir verdere navorsing sou wees om te ondersoek in watter mate die strategieë wat ontwerp is by hierdie vertaling van Nederlands na Afrikaans, van toepassing gemaak kan word op vertaling tussen Afrikaans en ander Europese tale.

HOOFSTUK 2 DIE KEUSE VAN 'N VERTAALBENADERING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die begrip ekwivalensie soos dit in die vertaalkunde gebruik word, te omskryf en verder om saam te vat hoe die opvatting oor die bereiking van ekwivalensie in vertaling gewissel het van die vroegste uitsprake af tot op hede. Vervolgens word daar gekyk na die vernaamste aspekte van die resepsieteorie as rugsteun vir die kommunikatiewe fokus van Nida se benadering van dinamiese ekwivalensie. Ten slotte word die vertaler se eie benadering by die vertaling van **Otje** kortliks gestel.

2.1 DIE SENTRALE PROBLEEM VAN VERTALING : EKWIVALENSIE

Deur die eeue was die sentrale probleem (uitgesproke en onuitgesproke) by vertaling steeds die bereiking van ekwivalensie: die daarstelling van 'n teks in die doeltaal wat in die plek gestel kan word van die teks in die brontaal. Ekwivalensie het dus te make met die verhouding tussen die bronteks en die doelteks (Toury, 1980:12)

2.1.1 Die term ekwivalensie

Van den Broeck en Lefevere (1984:77-82) bekyk die term ekwivalensie krities, vergelyk dit met die gebruik daarvan in ander dissiplines, en bespreek die teoretiese voorveronderstellings waarop dit berus en die voorwaardes vir die aanvaarding van twee tekste as ekwivalent. Die lyn van hulle argument word hier verkort weergegee:

Hulle wys daarop dat die term ekwivalensie soos dit in die wiskunde en logika gebruik word, na regte nie op vertaling toegepas kan word vir die optimale verhouding tussen die oorspronklike (bronteks) en vertaling (doelteks) nie, aangesien hierdie verhouding as asimmetries beskou moet word. Dit is die gevolg van die feit dat vertaling nie 'n eenvoudige herkodering is nie: Dit behels die omsetting van 'n oorspronklike representasie na 'n nuwe representasie waarby die gepresenteerde informasie medebepaal word deur die wyse van representasie (vorm). As hierby in ag geneem word die afwesigheid van streng vertaalreëls, kom hulle tot die gevolgtrekking dat die verwisselbaarheid van twee tekste nie op simmetrie en logika berus nie, maar op 'n konvensie, naamlik dat vertaalde tekste in die plek van oorspronklikes gestel kan word.

Die term word op tweërlei wyse verder in die linguistiek gebruik: In die tekssemiotiek kan 'n teks en 'n vertaling daarvan gesien word as twee tokens van

dieselfde **megatipe** en dus as **ekwivalent**, mits die twee by benadering dieselfde betekenis het. Aangesien hierdie wye interpretasie van die begrip ekwivalensie dit moontlik maak om uiteenlopende weergawes te beskou as afsonderlike realisasies van dieselfde megatipe-tekste, maak dit die term ongeskik om te dien as 'n maatstaf vir die optimale ooreenkoms tussen brontekste en vertaalde tekste, aangesien ook middelmatige of swak vertalings, semioties gesien, aanvaar sou moes word as **tokens** van dieselfde megatipe.

Die term ekwivalensie word ook in die linguïstiek aangetref wanneer twee terme/frases/ sinne interlinguaal as ekwivalent gesien word omdat hulle dieselfde semantiese representasie het. As dit toegepas moet word op evaluering van vertalingsekwivalensie, sou dit beteken dat 'n semantiese metataal (bestaande uit semantiese representasies) die uitgangspunt is vir simmetrie. Dit blyk egter dat die praktiese toepassing hiervan groot probleme oplewer sodra daar met langer en minder stereotipe sinne gewerk word.

Volgens Van den Broeck en Lefevere laat die term ekwivalensie dus óf te min speling toe (soos dit in die wiskunde en logika gebruik word) óf te veel (soos in die linguïstiek gebruik) om werklik die optimale verhouding tussen 'n brontekste en 'n vertaalde tekste te kan beskryf.

Hierdie beskouings oor semantiese ekwivalensie is boonop ook beperk tot konseptuele sinonimiteit. Daar is immers ook ander tekstvlakke. As ekwivalensie op al hierdie vlakke bereik kon word, sou 'n mens 'n ekwivalensie van die totale kommunikatiewe effek tussen brontekste en vertaalde tekste kry. Dit is slegs in baie uitsonderlike gevalle moontlik, en ook baie moeilik meetbaar, veral in tekste waarin pragmatiese en artistieke oorwegings domineer.

Wanneer ekwivalensie dus gebruik word om die optimale ooreenkoms ('n vertaler se ideaal) tussen brontekste en vertaalde tekste aan te dui, moet daar in gedagte gehou word dat die term altyd op 'n relatiewe gegewe toegepas word. Ekwivalensie by vertaling is 'n veranderlike, aangesien dit afhang van die **situasie** (tyd, plek, bedoeling met die kommunikasie en teikengehoor/-leser) en van die **konteks** (tekstipe, genre, ens.).

Aangesien die moderne vertaalwetenskap reeds die term ekwivalensie algemeen gebruik, moet aanvaar word dat dit hier gaan om 'n verhouding tussen twee tekste wat dit moontlik maak om 'n sekere tekste as 'n vertaling te bestempel. Op hierdie aanname berus die vergelykende analise van brontekste en vertaalde

tekste. Dus is die vernaamste vraag waarmee so 'n vergelyking hom besig hou op watter manier die ekwivalensie tot stand gekom het.

2.1.2 Die vier fases van Steiner

Die strewe na hierdie ideaal - om ekwivalensie te bereik tussen 'n bronteks en 'n vertaalde teks - vorm die sentrale probleem wat deur die eeue in talle geskifte oor vertaling 'n neerslag gekry het.

Steiner (1975:236-238) verskaf na my mening die bruikbaarste oorhoofse raamwerk waarbinne verskillende benaderings tuisgebring kan word. Hierdie raamwerk word hier kortliks weergegee om eers 'n oorsigtelike beeld te gee. Vervolgens word dit in 2.1.3 verder ingevul. Daarom word daar die figure wat bespreek word, weer teruggevoer na Steiner se raamwerk. Dit moet dus nie gesien word as 'n oorvleueling nie, maar as plasing binne 'n konteks.

Steiner onderskei vier fases in die geskiedenis van vertaalteorie. Eerstens is daar die tyd wat strek vanaf die vroegste uitsprake van Cicero en Horatius (kyk hieronder) tot by die werk van Hölderlin (1804). Hierdie uitsprake kan nie in die streng sin as vertaalteorie beskou word nie, aangesien dit meer die resultaat was van die vertalers se worsteling met praktiese probleme. Behalwe die reeds genoemde name moet hieronder gereken word die werke van mense soos Hieronymus, Luther, Du Bellay, Cowley en Tytler. Hierdie tydperk het egter ook enkele groot teoretiese werke oor vertaling opgelewer, waaronder sowel Steiner as Kelly (1979) die volgende plaas: *De interpretatione recta* van Bruni (ca.1420) en *De optimo genere interpretandi* van Huet (1661, heruitgegee in 1680). Nogtans word hierdie tydperk gekenmerk deur uitsprake met 'n onmiddellike empiriese fokus.

Die tweede fase is een van hermeneutiese ondersoek na wat dit beteken om 'n teks te verstaan sowel as 'n poging om hierdie proses te diagnoseer in terme van 'n algemene betekenismodel. Hierdie hermeneutiese benadering is aan die gang gesit deur Schleiermacher en verder gevoer deur A.W. Schlegel en Von Humboldt. Intussen het die wisselwerking tussen teorie en praktiese probleme natuurlik voortgeduur. Hierdie tydperk kan min of meer beskou word as afgesluit met *Sous l'invocation de Saint Jerome* deur Valery Larbaud in 1946.

Teen hierdie tyd het die moderne stromings al begin - die derde tydperk. Teen die einde van die veertigerjare verskyn die eerste publikasies oor

masjienvertaling. Opvallende tendense in hierdie tyd is die Russiese en Tsjeggiese formaliste wat linguistiese teorie en statistiek toepas op vertaling. Strukturalistiese linguistiek en informasieteorie word betrek by besprekings oor vertaling, en professionele vertalers stig hul eie verenigings en tydskrifte. Steiner (1975:237) beskou Fedorov se *Introduction to the theory of translation* (1953) as verteenwoordigend van hierdie tyd.

In baie opsigte is ons nog in hierdie fase, aangesien die benaderings hierbo genoem nog steeds verder ondersoek word. Sedert die begin van die sestigerjare is daar egter 'n klemverskuiwing. Die 'ontdekking' van Walter Benjamin se geskrif *Die Aufgabe des Übersetzers* wat oorspronklik in 1923 verskyn het, saam met die invloed van Heidegger en Gadamer (kyk onder 2.2 hieronder) het 'n terugkeer tot die hermeneutiese ondersoek van vertaling tot gevolg gehad. Die optimisme oor masjienvertaling het verflou. Die opkoms van die transformasioneel generatiewe grammatika het die ou argumente rondom 'relatiwisme' en 'universalisme' weer na vore gebring vir linguiste. Hiervoor is vertaling 'n vrugbare toetsterrein. Nog meer as in die vyftigerjare word die vertaalteorie en praktyk die knooppunt van ou en nuwe dissiplines. Hedendaagse publikasies oor vertaalteorie neem kennis en maak gebruik van 'n groot aantal ondersoekvelde soos klassieke filologie en vergelykende literatuurwetenskap, leksikale statistiek, sosiolinguistiek, formele retoriek, literatuurteorie en die studie van grammatika in die strewe om duidelikheid te kry oor die vertaalhandeling.

Tog meen Steiner dat daar maar 'n skrale oes van werklik oorspronklike gedagtes na vore gekom het in al hierdie publikasies. Hy haal R.A. Knox aan wat die hele ondersoekveld afskaal tot twee vrae: wat moet voorrang geniet, die literêre weergawe of die letterlike, en is die vertaler vry om die betekenis van die oorspronklike in die styl en idioom wat hy verkies weer te gee? Hoewel dit neerkom op 'n ooreenvoudiging, steek daar tog 'n mate van waarheid in soos blyk wanneer ons kyk na die lyn van die 'vertaalargument' deur die eeue.

2.1.3 Wisselende vertaalbenaderings in die geskiedenis

Soos onder 2.1.2 gestel, word daar nou in meer besonderhede gekyk na 'n aantal vertalers en hulle benadering tot vertaling. Die merkwaardige omtrent hulle is dat almal gestreef het na 'n vertaling wat as getrou / adekwaat aanvaar sou word, maar dat hulle telkens verskil het oor die wyse waarop hierdie ekwivalensie bereik moes word.

Kelly verduidelik die twee pole in benaderings tot getrouheid soos volg (1979:206):

By 'fidelity'... one denotes the translator's commitment. Such commitment, as indeed any responsibility, is shaped by the authority structure, 'personal' or 'positional' under which the translator places himself. Within personal authority structures, one takes responsible autonomy and retains power of decision, while positional structures impose formal patterns of obligation. Commitment, then, based on a personal authority structure, gives rise to translation....(where) the translator's approach to the text is multi-dimensional, author or reader-centred and subjective. Where, however, the translator sees the relation between him and the text as positional, the approach is... unidimensional, text- and object-centred and objective. Thus, depending on the type of authority his text exercises over the translator, fidelity will mean either collaboration or servitude.

In 46 v.C. gee Cicero riglyne vir sy vertaling van werke deur Demosthenes en Aeschines. Hy lê die beginsel neer waarvolgens hy gewerk het: **non verbum pro verbo** (nie woord vir woord nie -*De optimo genere oratorum*:1.3) en sê verderaan **pertinent nec converti ut interpres sed ut orator** (en ek het nie soos 'n tolk vertaal nie, maar soos 'n redenaar: 5.14). Sy hele betoog behels dat hy nie soos 'n tolk bloot oor die inhoud begaan was nie, maar vertaal het as orator vir wie die vorm (styl) uiters belangrik is. Sy prioriteit is dus anders as dié van 'n tolk of blote vertaler. Die vertaalde redevoering moet nog steeds sy oorredende krag hê. Uit 'n moderne oogpunt gesien sou 'n mens dus kon sê dat Cicero in sy vertaalbeleid fokus op die reseptor. Hierdie woorde word 'n skrale twintig jaar later herhaal deur Horatius in sy beroemde en dikwels aangehaalde uitspraak in die *Ars Poetica*, 5.133 (**Nec verbum verbo curabis reddere, fidus interpres** : En sorg dat jy nie woord vir woord weergee soos 'n getroue (oorywerige) tolk nie).

Miskien selfs meer bekend vir sy uitsprake oor vertaling is die kerkvader en Bybelvertaler Hieronymus. Aan die begin van die vyfde eeu skryf hy sy Brief 57 wat 'n verdediging is van 'n vertaling wat hy gemaak het. Kritzinger (1990:2 e.v.) het aangetoon dat hoewel hierdie brief nie Hieronymus se volledige vertaalteorie uiteensit nie - geen samevattende werk is sover bekend nog hieroor gedoen nie - dit nogtans in hooftrekke Hieronymus se vertaalbenadering weergee. In die brief haal Hieronymus verder ook aan uit sy voorwoord tot 'n vroeëre vertaling waarin hy reeds sy vertaalbeleid uiteengesit het. Ter ondersteuning van sy eie benadering haal hy uit klassieke skrywers aan - Cicero en Horatius. Kritzinger (1990:43) wys tereg daarop dat die aanhaling uit Horatius uit verband aangehaal is en in werklikheid nie op vertaalwerk in die streng sin van die woord van toepassing is nie. Nogtans gebruik Hieronymus dit

omdat dit hom pas, en strook met sy eie vertaalwyse wat hy verdedig. Wat hy sê, kan saamgevat word as 'n vertaalstrategie volgens die *sensus de sensu*-beginsel. Hy stel dit teenoor die *verbum de verbo*-vertaalbeginsel. Hieronymus sê dit gaan by vertaling om betekenisoordrag. Die taak van die vertaler is volgens hom om die boodskap wat die skrywer in een taal gegee het in die idioom van 'n ander taal weer te gee. Hy sien dit egter ook so dat die boodskap nie net opgesluit lê in die woorde nie, maar ook in die styl en genre, wat dus alles aandag moet kry, want by vertaling 'word woorde nie getel nie, maar geweeg' (Epistula 57:5.3).

Wanneer 'n mens Hieronymus se stellings fyn lees, kan jy tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat hy eintlik ook vir die reseptor vertaal. Hy sien sy verpligting teenoor die teks so dat hy juis die doel van die oorspronklike weer wil bereik met die vertaling. Die strewe is dus 'n perfekte balans tussen die vertaler se verpligting teenoor die teks en teenoor die ontvanger van die vertaling. Volledigheidshalwe moet hier bygevoeg word dat Hieronymus hierdie benadering uitdruklik uitsluit wanneer dit kom by Bybelvertaling. Daar, sê hy, moet veel meer respek vir die geïnspireerde woorde en woordorde betoon word.

Dis baie belangrik om te beseef dat die verskillende houdings (die persoon-gesentreerde beskouing van taalgedrag en die objek-gesentreerde beskouing) nie noodwendig teenoor mekaar staan nie, maar komplementêr is, en dat nie een van die twee die hele waarheid beet het nie. Kelly (1979:222-227) toon breedvoerig aan hoe die pendulum telkens heen en weer geswaai het tussen hierdie twee benaderings.

Die Romeinse komedieskrywers, Plautus en Terentius, het 'n baie persoonlike houding teenoor hulle brontekste gehad, en die nodige aanpassings gemaak om hulle gehore te behaag. Cicero het die ideaal gehad om 'n Romeinse Demosthenes te wees, maar beseef dat taalstrukture drasties verskil en dat hy Latyn sou moes inspan om sy insig in die stof en die styl van die brontekste te laat blyk. Die resultaat is 'n produktiewe *aemulatio* (wedywering, Quintilianus se term) tussen goeie vriende, 'n tipiese konsep in die klassieke.

Die Jode en vroeë Christene se houding was slaafs: omdat God die Outeur van die Skrif is, is die mens ondergeskik en die Bybel objektiewe waarheid. Die resultaat is formele gelykheid aan die brontekste sover dit maar enigsins moontlik is.

Hieronymus en Augustinus vorm 'n waterskeiding deurdat hulle harmonie soek tussen die Joodse en Romeinse benaderings.

Boethius (begin van die sesde eeu) lui 'n tydperk in van rigiede pragmatisme en objektiwiteit. Vir hom is vertaling objek-gesentreerd, sodat die vertaler afstand doen van die reg om besluite te neem. Uit vrees vir verraad teenoor die bronteks word vasgehou aan formele gelykheid. Vir vyf eeue het Boethius se invloed bly geld.

Vanaf die tiende eeu vind heelwat vertaling van poësie in volkstale plaas, op 'n wyse baie soos dié van Terentius (kyk hierbo) maar sonder dat enige noemenswaardige uitsprake oor teorie gemaak word.

Die vernaamste invloed op vertaalteorie vanuit die Middeleeue het gekom van Dante wat in sy *Convivio* (ca. 1300) vertalers verdoem het wat vorm en ritme verontagsaam. 'n Halfeeue vóór hom het Roger Bacon egter al betoog dat vertaling onmoontlik is op grond van die gebrek aan ooreenstemming in woordbetekenisse. Dit lyk egter nie of hierdie uitspraak veel invloed gehad het op vertaalaktiwiteit nie.

Direk voor en na die val van Konstantinopel in 1453 volg 'n invloed van Griekse geleerdes in Italië, van wie baie nuwe skole stig. Die *De interpretatione recta* van Bruni kan beskou word as 'n manifest van hierdie vroeë humaniste. Dit behels 'n terugkeer tot die *aemulatio* van Cicero en 'n opneem van 'n persoonlike houding teenoor die teks. Die sterk punt in hulle benadering en dié van hul humanistiese navolgers in die sestiende eeu was insig in die doel van die oorspronklike, saam met genot in die eindproduk van vertaling. Op hierdie stadium fokus vertaalteorie slegs op die doel van vertaling en verwaarloos die praktiese verkenning van tegnieke.

Vanaf die begin van die sewentiende eeu gee vertaalteorie al meer aandag aan die grammatikale komponent, veral na die verskyning van Port Royal se werk oor *grammaire générale*. Teen die tyd dat Campbell se werk in 1789 verskyn, is daar al goeie begrip vir die teoretiese grondslae van vertaaltegniek en kommentaar wat van insig getuig oor die verhouding tussen tegniek en doel. Hy het 'n lang inleiding geskryf tot sy vertaling van die vier evangelies, met 'n praktiese teorie van semantiese en grammatikale ekwivalensie binne die raamwerk van sowel literêre as geestelike doelwitte vir Skrifvertaling.

Afgesien van Huet (1661) se byna Middeleeuse verdediging van letterlikheid, is die kenmerk van hierdie tyd 'n aggressiewe houding van persoonlike gesag by die vertaler. Teen 1750 word geleidelik ewewig bereik tussen letterlikheid en vryheid in prosavertaling. Sowel Campbell as Batteaux (1747) keur uiterstes af.

Dis merkwaardig dat ook tegniese vertalings nou 'vryer' word. Net soos in die literatuur, was die Romantiese revolusie egter onderweg in die vertaalkunde.

Die tweede periode wat Steiner (1975) onderskei (kyk hierbo) begin met Schleiermacher se werk *Über die verschiedenen Methoden des Übersetzens* in 1813. Hierdie werk lui die tyd van vertaalideologieë in. Die Romantiekteorieë van nasionale en artistieke doelwitte is eintlik 'n terugwaartse stap, want hulle besinning oor vertaaltegniek is onvolledig en heeltemal uit pas met wat hulle besig was om in die praktyk te doen. Die Romantici se ontleding van tegnieke gaan gebuk onder 'n foutiewe aanname wat reeds deur Batteaux uitgewys is: dat die behoud van woordorde (soos hulle dit beoefen het in die sgn. *Interlinearversion*) ook behoud van sintaktiese struktuur vereis.

Dié ommeswaai deur die Romantici behels hernude aandag op die plig van die vertaler as 'n bemiddelaar tussen twee literature en wend die aandag af van die vertaler se reg om sy eie virtuositeit ten toon te stel. Tog het die negentiende eeu geen noemenswaardige bydrae gelewer tot die vertaalteorie nie.

In 1909, met die verskyning van Bally se *Précis de Stylistique* begin die *Völkerpsychologie*, wat sterk beïnvloed is deur Von Humboldt, deur te dring tot die vertaalteorie van die Praagse skool. Dit bly egter geïsoleerd van ander linguistiese teorieë. Op hierdie stadium word vertaalteorie in Amerika ontwikkel in die konteks van antropologiese navorsing en Christelike sendingwerk, en in Engeland in die raamwerk van koloniale administrasie.

Hierdie soort isolasie tussen vertaalteoretici duur voort tot in Steiner se derde periode wat na die Tweede Wêreldoorlog begin. Vir afsonderlike skole van linguistiek beteken dit konsolidasie en vir elkeen 'n volledige uitspel van sy teorie van vertaaltegnieke. (Die eerste hiervan is Vinay en Darbelnet se werk oor die vergelyking van die grammatikas van Engels en Frans in 1958.) Geleidelik word vertaling 'n filosofiese en epistemologiese probleem. Groepe vertaalteoretici toon min begrip vir mekaar se teorieë. Tog word dialoog tussen hulle ingelei deur die versamelwerke van Brower (*On translation*, 1966) en van Arrowsmith en Shattuck (*The craft and context of translation*, 1964).

Tans verkeer ons volgens Steiner se indeling in die vierde periode waarvan die kenmerk is konsolidasie van vertaalteorie. Met Mounin word in 1963 'n verband gelê tussen beskrywing van die vertaalproses en die onderliggende taalfunksies. Sosiolinguiste toon belangstelling, die Romantici geniet weer aandag. Alles dui

op 'n verwydering van die muur tussen literator en vertaler, tussen doelwitte en metodes.

Die tyd is dus verby toe die fidelitas van die vertaler gemeet is aan een van twee uiterstes. Vertaalteoretici beweeg al meer na 'n sintese. So toon Nida (in Brislin, 1976:67) die verband aan tussen vertaalbenaderings en die perspektief of fokus van vertalings, asook op die oorvleueling van verskillende benaderings. As die fokus val op die teks, veral as dit beskou word as van hoogstaande literêre gehalte, is die onderliggende teorie meesal filologies. So 'n vertaling maak 'n deeglike studie van genres en stilistiese kenmerke van die bronteks plus ander soortgelyke tekste in sowel die bron- as die doeltaal.

Wanneer die fokus val op die strukturele ooreenkomste / verskille tussen tale, kan die korresponderende teorie beskou word as 'n linguistiese teorie. Die tipes vergelykings tussen die tale kan te make hê met oppervlakstrukture of dieptestrukture. Nida se analise van moeilike oppervlakstrukture in die vorm van terugtransformasie tot 'n vlak waar alles uitgedruk word in terme van die vier fundamentele elemente objekte, gebeure, abstrakte en relasies, is 'n voorbeeld van 'n linguistiese vertaalbenadering.

Wanneer die fokus van 'n vertaling op die kommunikasieproses is, berus dit waarskynlik op 'n sosiolinguistiese teorie. Dit is die soort vertaalbenadering wat Nida propageer in sy ideaal van dinamiese ekwivalensie. Hy wys ook daarop dat Catford (1965) se benadering, wat hoofsaaklik 'n linguistiese is, tog ook beweeg in die rigting van 'n kommunikasie-georiënteerde teorie met die klem wat hy lê op die verskillende dialekte en registers. Volgens Nida (1976:76) verwaarloos sosiolinguistiese vertaalteorie nie die linguistiese aspek nie, maar bring dit na 'n meer relevante vlak waar dit gesien kan word in terme van die waarde wat dit het vir kommunikasie. Die sosiolinguistiese benadering stel die vertaler in staat om soms linguistiese gegewens beter te interpreteer met behulp van die ekstralinguistiese konteks. Ook die filologiese benadering word gebruik onder die sambreel van die sosiolinguistiese. Die agtergrond van die totstandkoming van 'n teks is vir die vertaler van nut omdat dit die kommunikasie in 'n konteks plaas. In die praktyk is daar dus 'n groot mate van oorvleueling tussen die verskillende benaderings in sowel die formulering van beginsels as in die aanbevole prosedures.

Gideon Toury het in sy boek *In search of a theory of translation* (1980) sy benadering tot vertaling weergegee, besin oor die aard van vertaling en verder

ook aandag gegee aan die doel en metodologie van die beskrywing van vertaalverskynsels (vgl. ook Toury, 1985).

Hy vestig die aandag daarop dat die oorwig van uitsprake oor vertaling in die verlede gedoen is oor literêre vertaling, maar dat dit sedert ongeveer 1960 verander het sodat alle tipes vertaling, sowel die handeling as die resultaat daarvan, nou aandag geniet, en dat die interdisiplinêre benadering aanvaar word as die enigste werkbare een. Hy sien 'n verskuiwing van die posisie van vertaling binne die raamwerk van literêre studie as gevolg van 'n redelik drastiese heroriëntering in literêre studies in die geheel, tot 'n meer pragmatiese benadering met 'n meer dinamiese konsep van wat 'literêr' is. Die vernaamste onderwerpe van bespreking is nou kommunikatiewe funksie van die teks sowel as resepsie waardeur hierdie funksie opereer (Toury, in Holmes, Lambert & van den Broeck, 1978:v-vi)

Sy benadering tot vertaling is 'n semiotiese: Vertaling as proses behels die uitvoer van oordragoperasies op een semiotiese entiteit, behorende tot 'n sekere sisteem met die bedoeling om 'n ander semiotiese entiteit daar te stel wat aan 'n ander sisteem behoort. Die resulterende entiteit is tweeledig van aard: dit is deel van die doelsisteem, maar ook 'n verteenwoordiger van 'n ander entiteit (die bronteks) waarmee dit 'n invariante kern deel. So 'n oordragoperasie betrek drie stelde verhoudings: tussen elk van die twee entiteite en sy eie sisteem (dit behels sy aanvaarbaarheid volgens die sisteem se norme); tussen die twee entiteite self ('n verhouding wat genoem word adekwaatheid, ekwivalensie, korrespondensie) en derdens tussen die twee sisteme of kodes. Laasgenoemde verhouding bepaal hoogstens vertaalbaarheid, maar nie of 'n werk as 'n vertaling geklassifiseer kan word nie. Dit kan slegs gebeur op grond van 'n verhouding tussen die twee tekste. Toury meen dat die vertaalwetenskap groot vordering gemaak het - en daarmee ook onderskei word van vergelykende taalwetenskap - deur toenemend die fokus te verskuif van **interlinguale** verhoudings na **intertekstuele** verhoudings (1980:12).

Oor **kommunikasie** in vertaalde tekste gee Toury (1980:16,141), wat vertaling ook beskryf as 'n sosiaal-georiënteerde handeling, die baie belangrike perspektief dat die doelwit om die vertaalde teks as kommunikasie te laat funksioneer, 'n bepalende faktor is by die formulering van vertalings en dat dit die oorsprong is van die verhouding tussen die bronteks en vertaalde teks en van die aantoonbare invariante kern in die twee. Uit hierdie gesigspunt kan die

reseptorsisteem selfs die inisiërende sisteem genoem word. Uit hierdie oogpunt gesien lê die doeltaalsisteem dus sekere beperkings op die vertaling.

Dié beperkings sien Toury hoofsaaklik as die norme van die doeltaal wat volgens sy siening 'n deurslaggewende rol speel, nie alleen by die keuse van tekste om te vertaal nie, maar ook by die wyse waarop dit vertaal word. Dit is baie insiggewend dat Toury na uiteensetting van **preliminêre** sowel as **operasionele** vertaalnorme ook kom tot die stel van wat hy 'n **initial norm** noem. (Hy noem dit so in die sin dat dit algemeen is en die logiese prioriteit het bo die ander meer spesifieke norme. Die vertaling **primêre norm** kan aan die hand gedoen word hiervoor.) Dit dui die vertaler se basiese keuse aan tussen twee pole: óf hy onderwerp homself aan die oorspronklike teks, met dié se tekstuele verhoudings en die norme wat daarin uitgedruk en vervat word, óf aan die linguistiese en literêre norme wat opereer in die doeltaal en die polisisteem van die doeltaal (Toury, 1980:51). Dit toon dus groot ooreenstemming met wat Kelly noem **persoonlike** en **slaafse** houding van die vertaler teenoor die teks, soos hierbo genoem.

Toury (1980:141) besin oor die posisie wat vertaalde kinderliteratuur inneem in die doeltaalliteratuur. Volgens sy oordeel neem dit byna altyd 'n perifere (of sekondêre) posisie in, omdat dit vertaal word op 'n wyse wat bedag daarop is om aanvaarbaar te wees. Dit kom tot uiting in die vertaler se keuse om homself te onderwerp aan die norme van die doeltaalsisteem. Op hierdie manier word vertaalde kinderliteratuur 'n versterkende faktor van konserwatisme.

Toury (in Holmes et al., 1978:98) sien dit ten slotte as 'n leemte in die vertaalteorie dat bestaande teorieë meesal preskriptief is, en dus nie geskik is om as afspringplek te dien vir navorsing nie. Hy meen vertaalteorie moet hersien word met die oog op die behoefte van die student van vertaalwetenskap sodat die teorie meer beskrywend en verduidelikend sal wees.

Volgens Kelly (1979:226) kan reg slegs geskied aan alle tipes tekste deur 'n tipologie van funksies. Die groot strome in die vertaalwetenskap is slegs oënskynlik teenstrydig, want almal het te make met semiotiese funksies terwyl die bydraes van grammatikale en linguistiese teorie 'n analise is van die manier waarop doelwitte bereik kan word. 'n Komprehensiewe vertaalteorie, indien moontlik, sou moes soek na die essensiële harmonie tussen die vertaalpraktyk in alle tye en genres, en 'n bevredigende analise gee van die verskille. Kelly meen die bewussyn van die bedoeling ('n tipologie van taalhandelinge) wat 'n aspek is van Buber en Ebeling se hermeneutiese teorie kan 'n brug slaan tussen filosofie

en die pragmatiese en sosiolinguistiese teorieë soos dié van Halliday en Labov onderskeidelik. Daar moet erkenning gegee word daaraan dat vertaling net so sosiaal soos taal is en net so individueel.

2.2 DIE RESEPSIETEORIE

Soos onder 2.3 hieronder aangedui sal word, is daar in die vertaling van Otje uitgegaan van die dominansie van die eis van kommunikasie. Die boek moet opnuut die kinderleser aanspreek. Aangesien hierdie benadering so sterk fokus op die reseptor van die doelteks, word hier 'n samevatting gegee van die vernaamste bydraers tot die vorming van die resepsieteorie en die belangrikste konsepte waarvoor hulle verantwoordelik was.

Wanneer die geskiedenis van literêre werke nagegaan word, blyk dit dat die ontvangs (resepsie) daarvan gewissel het in verskillende tye, en ook die opvatting van wat as literatuur beskou word. Vandag word dit dus algemeen aanvaar deur baie literatuurwetenskaplikes dat dit nodig is om ook die rol van die leser en die interaksie tussen teks en leser na te gaan. Hulle deel dan ook die aanname dat by die lees van 'n literêre werk daar nie skeiding gemaak kan word tussen die leser en die werk, subjek en objek nie. Dit is die terrein wat deur die **resepsie-estetika** bestudeer word (Cloete, Botha & Malan, 1985:50). Die begrip word omskryf as

die ontvangs, reproduksie, aanpassing, assimilasië of kritiese beoordeling van 'n literêre produk of sy elemente deur 'n leser of lesers. Die leser 'konkretiseer' die teks as hy lees, gee dus konkrete gestalte daaraan as 'n estetiese objek (Cloete et al., 1985:50).

Omdat daar verskillende tipes lesers is, vind resepsie op verskillende maniere plaas. Die resepsie van vertaalde werk word gekompliseer deur die feit dat die leser 'n tweede reseptor is wat 'n boodskap/teks ontvang deur 'n bemiddelaar (die vertaler) wat as eerste reseptor opgetree het, die teks vir homself gekonkretiseer, met behulp van (bewuste of onbewuste) analise gedekodeer en in 'n tweede boodskap gekodeer het.

Hoewel alle resepsieteoretici hulle besig hou met die leser en/of die teks-leserverhouding, gaan dit nie hier om 'n enkele eenvormige teorie nie. Hier word slegs enkele bydraes tot die formulering van dié teorie genoem onder die naam van die persone wat die bydrae gelewer het. Spesiale aandag word gegee aan begrippe wat van besondere betekenis of nut is vir die vertaler.

2.2.1 Verwagtingshorison en estetiese afstand (Jauss)

Jauss (1982) se grootste belangstelling is die literatuurgeskiedenis wat hy wil hernu. Hy wil dit benader uit die oogpunt van hoe tekste ontvang is vanaf hulle publikasie, en ook van die lesersgroepe deur wie die tekste ontvang is. Dit hou terselfdertyd 'n erkenning in daarvan dat daar meer as een geldige interpretasie van 'n literêre werk kan wees.

Met die term **verwagtingshorison** bedoel Jauss die spesifieke konstellasie van verwagtings waarmee die leser die teks benader. Dit is 'n komplekse samestelling van die leser se persoonlike vooroordele, sy voorkennis van die genre en van ander tekste sowel as van die verband tussen die teks en die werklikheid (1982:589 e.v.) Die idee van die **horison** kry Jauss van Gadamer wat dit gedefinieer het as 'n standpunt wat die gesigsmoontlikhede beperk en 'n essensiële deel is van die konsep van die gesitueerdheid van elke mens (Gadamer, 1975:267).

Gadamer, wie se boek **Truth and method** oorspronklik in Duits in 1960 verskyn het, het die herstel van hermeneutiek nagestreef as 'n legitieme metode van wetenskaplike ondersoek. Op die inspirasie van Heidegger vestig hy opnuut die aandag daarop dat daar nie so iets soos objektiwiteit moontlik is nie, en dat die leser dus onvermydelik die teks benader met sekere vooroordele - of vanuit 'n sekere paradigma. Die woord 'vooroordeel' het só nie noodwendig meer 'n negatiewe konnotasie nie. Die praktiese toepassing van Jauss se verwagtingshorison lewer egter probleme op. Verder is hy ten regte gekritiseer omdat hy die lesers van 'n bepaalde tyd te homogeen sien.

Die ander begrip wat deur Jauss ingevoer is, is dié van **estetiese afstand**, wat gebruik word as 'n maatstaf om die kunskarakter van literêre werke mee te 'meet': Die afstand tussen die leser se verwagtingshorison (vir hom die bekende estetiese ervarings) en die verandering van horison wat die resepsie van die nuwe werk van die leser vereis, bepaal die kunskarakter van die werk (Jauss, 1982:35 e.v.). Hoe kleiner hierdie estetiese afstand is, hoe nader kom die werk aan blote ontspanning (Cloete et al., 1985:52).

Ook hierdie begrip lewer probleme op, soos byvoorbeeld dat daar geen estetiese ervaring sal wees wanneer die werk heeltemal teen 'n leser se verwagtingshorison ingaan, en daar 'n baie groot estetiese afstand is nie. Hierdie konsep word in Hoofstuk 7 toegepas op die vertaling (vgl. 7.3.5). Dit is egter deurgaans ter sake, waarskynlik hier meer as normaalweg, omdat by die normale

verwagting waarmee kinders van 'n sekere ouderdom 'n teks lees, hier die verswarende faktor bykom dat die teks uit 'n ander kultuur kom. Die implikasies wat die kultuurgebonde uitinge in die teks vir die vertaling het, word in Hoofstuk 4 bespreek.

Jauss onderskei drie estetiese ervarings, naamlik **skepping**, **resepsie** en **katarsis** (1982:73). Laasgenoemde word bereik deur die kommunikatiewe estetiese ondervinding. Deur die in-gesprek-tree van die leser met die teks gebeur daar sekere dinge in die leser se gemoed wat hom verander, of ander insigte gee. Terwyl **katarsis** waarskynlik deur die meeste mense beskou sal word as 'n begrip wat te verhewe is vir kinderliteratuur, word daar in Hoofstuk 3 gewys op die werk van Bettelheim en Hazard wat die belang van goeie kinderliteratuur vir die kind se geestesontwikkeling en vir probleemoplossing aangetoon het (vgl. 3.3).

2.2.2 Teksstrategieë, oop plekke en die implisiete leser (Iser).

Wolfgang Iser hou hom hoofsaaklik besig met die manier waarop bepaalde teksstrategieë die leser se resepsie rig. Waar Jauss hom in 'n sin besig hou met die makrokosmos van resepsie sou 'n mens kon sê dat Iser hom toespits op die mikrokosmos daarvan (Holub, 1984:83). Enkele van die belangrikste begrippe wat hy gebruik, word vervolgens uitgelig.

Eerstens werk hy met die begrip **onbepaaldheid** ('indeterminacy') van die literêre teks wat volgens hom nóg met die werklikheid van die leser se wêreld nóg met sy ervaring gelykgestel kan word, maar wat 'n manier is om ons iets oor die werklikheid te vertel deur die leser in 'n kommunikasie-situasie te plaas. Dit toon ooreenkomste met die illokusionêre handeling wat beskryf word in die teorie van spraakhandeling deur Austin en Searle (vgl. Van Jaarsveld, 1987:1-13). Die ooreenkoms tussen die spraakhandeling en die literêre teks is dat dit 'n potensiële effek (illokusionêre krag) het en 'n paslike respons van die ontvanger ontlok. Maar literatuur werk anders met konvensies as 'normale' spraak. Laasgenoemde bevestig konvensies wat bekend is uit vorige kommunikasie, terwyl die literêre teks konvensies op so 'n manier orden dat dit deurbreek word en die leser tot nadenke stem (Iser, 1980:112). Hiermee sluit Iser aan by Roman Ingarden wat van die standpunt uitgaan dat die literêre teks slegs 'skematiese insaes' aan die leser gee wat dan self die teks moet voltooi. Iser gebruik die term **oop plekke** (gapings, 'blanks'). Hierdie gapings is 'n voorwaarde vir aktiwiteit van die kant van die leser, vir kommunikasie tussen teks en leser en vir die totstandkoming van die estetiese objek (1980:113). Volgens Iser se teorie reguleer die oop plekke die leser se respons.

Dit impliseer dan dat nie enige konkretisering aanvaarbaar sou wees nie, omdat die tekstuele gegewens 'n sekere kontrole uitoefen deur wat nie gegee is nie - die gapings.

Terwyl hierdie proefskrif te make het met die vertaling van 'n kinderverhaal, moet hier op twee belangrike aansluitings gewys word met die teorie van Iser.

In 'n geïllustreerde verhaal soos hierdie, ondervang die boek (teks plus illustrasies) gedeeltlik die konkretiseringsproses by die leser. Die leser hoef hom nie voor te stel hoe Tos lyk nie (hy word glad nie beskryf nie) want die tekening staan daar, word raakgesien voordat hy nog begin lees het. Die verdere implikasie hiervan is dat 'n groot deel van die konkretisering nie meer individueel sal wees nie. Alle lesers gaan nou aan Tos dink as vet en aan Otje as 'n dogtertjie met 'n langbroek en steil, kort hare. Dit is om hierdie rede dat iemand soos Bettelheim gekant is teen illustrasies in kinderboeke. 'n Belangrike element van fantasie by die leser gaan verlore as daar illustrasies is. (Hy sê: 'The illustrated story is robbed of much content of personal meaning which it could bring to the child who applied only his own visual associations to the story, instead of those of the illustrator') (1976:59). In Hoofstuk 4 word 'n paar keer verwys na die nut wat die illustrasies sou kon hê by die begrip van vreemde dinge, soos byvoorbeeld die portiek. Bettelheim skryf natuurlik as psigoloog, en nie in die eerste plek met die oog op vertaalde werke nie. Wat hy sê, geld sekerlik ook vir Otje, maar die landeskundige probleme bewys dat illustrasies ook 'n besliste bydrae kan lewer by die begrip van vertaalde werke.

Tweedens is daar wel in Otje gapings wat deur die lesers self individueel aangevul moet word, en dit is die gebruik van sommige eiename wat 'n besondere assosiasie moet oordra (kyk Hoofstuk 7). In hierdie geval word die konkretisering deur die kinderleser verder bemoeilik deurdat die name in die vertaling eers deur die filter van die vertaler se eie interpretasie gegaan het - wat ook nie noodwendig is soos die skrywer dit bedoel het nie. Die verhaalstruktuur van Otje bied verder nie besondere gapings nie - daar is weinig oop plekke in die chronologie en ook baie min in die ruimtelike uitbeelding.

Iser se belangstelling in die rigtingaangewende rol van die teks bring 'n mens by sy begrip implisiete leser. Dit kan saamgevat word as die rol van die leser soos dit in die teks self vervat is en opgeroep word deur die som van die teksaanwysings. Daaruit kan 'n werklike leser aflei watter kode onderliggend is aan die teks en hoe dit gelees moet word (1974:xii). Iser se uitleg dat lees 'n medium word waardeur 'n mens sy eie innerlike ontdek, toon verwantskap met

Jauss se katarsis, wat weer, soos ons reeds aangetoon het, aansluit by Bettelheim se 'nut' van fantasieverhale.

2.2.3 Leserrespons en interpretatiewe gemeenskappe (Holland en Fish)

Norman N. Holland (1980:365) kritiseer Iser se implisiete leser-teorie omdat dit geen empiriese verkenning insluit nie. Hy beskou dit nie dat teks regulerend werk nie, maar vir hom is lees 'n persoonlike transaksie tussen leser en teks met geen fundamentele onderskeid tussen die rolle van die twee nie. Holland noem Iser se teorie **bi-aktief**, en hy maak die term ook van toepassing op die leserrespons-teorie van Stanley Fish met sy benadering van 'affective stylistics,' wat daarop neerkom dat teks en leser saamspan om 'n respons tot stand te bring.

Holland sien persepsie as 'n konstruktiewe daad waarmee die leser die skemas van sy eie gees oorplant op die data wat hy met sy sintuie waarneem. Die kritiek dat volgens sy teorie geen twee response op 'n teks sal ooreenstem nie, skep vir hom geen probleem nie. Hy sien die moontlikheid van intersubjektiviteit - lesers se ervaring kan verryk word deur ander lesers s'n (1980:368). Terwyl Iser die teks as regulerend beskou, meen Holland dat die regulerende faktor(e) geleë is in die leser self wat strewe na harmonie tussen die aansprake van die innerlike en uiterlike wêreld.

Die vernaamste kritiek teen Holland se leserresponsteorie is dat dit te veel klem lê op die individu terwyl enige teks 'n sosiale produk is en enige verhouding wat 'n leser daarmee kan hê, ook sosiaal bepaal word. Die teks het 'n andersheid nie as 'n suiwer objek met 'n eie betekenis nie, maar in die sin dat daar 'n algemene sosiale konsensus is oor die soort diskoers wat dit is en oor die soort beperking wat betekenis in so 'n diskoers rig. Teoreties het die leser die vryheid om dit te ignoreer, maar in die praktyk gebeur dit nie maklik nie.

Fish gee met sy boek *Is there a text in this class?* (1980) 'n verduideliking van 'affective stylistics'. Volgens sy teorie pas die leser sy interpretasie die hele tyd aan terwyl hy met die teks besig is. Dit groei dus steeds. **Betekenis** word 'n gebeure en word gelykgestel aan die leser se ervaring van die teks (1980:3). Omdat so 'n siening noodwendig lei tot uiterste subjektiviteit en ook relativisme, sê Fish die leser kan slegs interpreteer wat hy lees as hy/sy deel is van 'n **lesersgemeenskap** ('community of readers'). Hieruit het voortgevloei dat die onderskeid tussen teks en leser laat vaar moet word, aangesien geeneen van die twee onafhanklike status het nie. Interpretatiewe strategieë word nie in werking gestel na afloop van die lees nie: hulle vorm die lees van 'n teks en gee dus vorm

aan die teks. Hierdie interpretatiewe strategieë is nie suiwer subjektief nie, maar word gevorm in interpretatiewe gemeenskappe, groepe lesers wat dieselfde interpretatiewe strategieë deel (1980:13). Hierdie terme is Fish se vernaamste bydrae. .

Fish redeneer dat die gapings in die teks soos Iser dit sien, nie deur die teks self daargestel word nie, maar deur die leser se interpretatiewe strategieë. Op die vlak van interpretasie verskil Fish egter weinig van Iser. Sy mees omstrede stelling is dat teorie geen uitvloeisel het nie. Dit berus daarop dat hy die aannames waarmee 'n teks benader word, nie meer as teorie aanvaar nie. Teorie wat dus gebruik word as basis by die praktyk, noem hy 'n aanname ('belief') (1980:328).

Fish se teorie van interpretatiewe gemeenskappe is baie toepaslik op vertaling waar dit belangrik is om die teikengehoor vooraf te identifiseer. In die geval van **Otje** was dit baie duidelik omlin: die interpretatiewe gemeenskap wat die vertaalde boek sou lees, sou Afrikaanssprekende kinders wees in Suid-Afrika, wat in 'n groot mate waardes deel. Dit het die rigting aangewys om die kommunikasie af te stem op hierdie kinders, en dan in die ouderdomsgroep van ongeveer agt tot twaalf jaar.

2.3 NIDA SE IDEEAAL VAN DINAMIESE EKWIVALENSIE

By die vertaling van **Otje** is van die standpunt uitgegaan dat goeie kommunikasie die mees dominante vereiste is. Vervolgens moes 'n besluit geneem word hoe 'n vertaler daaraan reg kon laat geskied. Hierby het die genre - 'n kinderverhaal - die deurslag gegee. Die spesifieke eise wat aan die vertaling van 'n kinderboek gestel word, word in Hoofstuk 3 behandel. Hier val die aandag op vertaling as kommunikasie en die literêre en vertaalteorie wat daaraan ten grondslag lê.

Sodra **kommunikasie** gesien word as die dominante funksie by 'n vertaling, beteken dit dat die vertaler fokus op die ontvanger van sy boodskap (die vertaalde teks). So 'n uitgangspunt word onder andere deur Eugene Nida van Bybelvertalingfaam gehandhaaf. Hy sê (1981:22):

If we look at translations in terms of the receptors, then we introduce another point of view: the intelligibility of the translation. Such intelligibility is ... to be measured .. in terms of the total impact the message has on the one who receives it.

En (1981:24):

Dynamic equivalence is therefore to be defined in terms of the degree to which the receptors of the message in the receptor language respond to it in substantially the same manner as the receptors in the source language.

Nida se ideaal van dinamiese (of funksionele) ekwivalensie (wat eintlik neerkom op ekwivalente respons) laat dus die klem val op die leser se ontvangs van die teks. Daarmee staan 'n mens midde in die literêre teorie van resepsie-estetika. Die ontwikkeling van hierdie konsep is hierbo in breë trekke nagegaan.

Nida se dinamiese ekwivalensie is doelbewus as 'n vertaalbenadering gekies, omdat dit die klem laat val op die kommunikasie met die reseptor. Dit is dus bo 'n linguistiese benadering (soos deur Catford, 1965, uiteengesit) of 'n semantiese vertaling (Newmark, 1981:22) gekies wat meer geskik sou wees vir 'n teks waarin die estetiese funksie van die taal as sodanig sterk op die voorgrond is.

Hoewel kommunikasie voorop gestel is by die vertaling van Otje, moet die aandag daarop gevestig word dat Nida se benadering nie absoluut konsekwent gevolg is nie. Soms is afgewyk daarvan ten gunste van 'n meer teksgeoriënteerde benadering om redes wat telkens aangedui is (vgl. byvoorbeeld 4.5.1.3. oor die vertaling van die geldeenheid en die gebruik van jy as aanspreekvorm, 4.5.5.2).

Nida wys in sy voorwoord (1981:vii) daarop dat daar by hierdie benadering die wetenskaplike oriëntering ten opsigte van linguistiese strukture, semantiese analise, informasieteorie en die probleme van kulturele gapings ten grondslag lê. Hoewel dit baie duidelik afgestem word op 'n sekere resultaat (dinamiese ekwivalensie) word daarby 'n verskeidenheid studievelds betrek. Boonop word gebruik gemaak van verskillende tegnieke soos komponentanalise, diskoersanalise en die afbreek tot kernsinne. Sommige van hierdie tegnieke word ook in hierdie studie gebruik (vgl. komponentanalise in Hoofstuk 4, diskoersanalise in Hoofstuk 6). Hoewel die gebruik van kernsinne nêrens eksplisiet gestel word nie, lê dit byvoorbeeld ten grondslag van die vertaling van sommige van die eiename in Hoofstuk 7.

Volgens Nida (1981:3) is daar 'n aantal aannames in verband met die doeltaal wat ten grondslag lê van 'n vertaling wat van die lesers 'n reaksie sal ontlok wat ekwivalent is aan dié op die bronteks. Dit is naamlik dat elke taal sy eie aard het ('its own genius') en dat vir effektiewe kommunikasie die vertaler die doeltaal se

eie kenmerkende aard moet respekteer. Dit behels 'n bereidheid om enige formele verandering te maak wat nodig mag wees om die boodskap in die kenmerkende strukture van die doeltaal weer te gee.

'n Verdere aanname is dat enigiets wat in een taal gesê kan word, ook in 'n ander taal gesê kan word, tensy die vorm 'n essensiële deel van die boodskap is. Dit is duidelik dat hier gedink word aan 'n vorm soos poësie, wat nie by Otje ter sake is nie, of dinge soos woordspeling. Die enkele gevalle van woordspeling in Otje kon maklik weergegee word danksy die feit dat die bron- en doeltaal so na aan mekaar lê (vgl. 92.1-6, Emilia Schier : Emilia Bykans en oorkonde wat verwar is met oogkunde, 150.31-36). Aangesien die duidelikheid van die boodskap egter steeds voorop staan, is dit dikwels nodig om die vorm te verander, selfs by twee tale waar die verwantskap so groot is soos Nederlands en Afrikaans. (Vgl. byvoorbeeld in Hoofstuk 5 die groot aantal verskillende strukture wat in Afrikaans gebruik word om die boodskap wat gedra word deur die Nederlandse teenwoordige deelwoord weer te gee.)

Die benadering wat dinamiese ekwivalensie as ideaal stel, ontloop dus die eeuoue vraag of 'n vertaling brontaal- of doeltaal-georiënteer moet wees, aangesien dit nou ontvanger-georiënteer is. Aangesien daar verskillende groepe lesers kan wees, hou dit eintlik in dat vir elke groep 'n ander vertaling gemaak sal word of gemaak behoort te word (Newmark, 1981:10). In die geval van 'n kinderboek soos Otje is dié kwessie redelik maklik om op te los, aangesien die teikengehoor min of meer homogeen is soos hierbo aangetoon is.

Newmark (1981:11) noem twee besware teen die ideaal van dinamiese ekwivalensie in literêre vertalings. Die eerste is dat by tekste met 'n sterk lokale kleur of 'n kultuur wat ver verwyder is van dié van die doeltaal die doel met die vertaling juis mag wees om lesers bekend te stel met dié onbekende kultuur, dus nie eerstens om dieselfde effek te kry nie. Dit is veral van toepassing op vertalings uit die klassieke tale, maar nie op Otje nie.

Sy tweede beswaar is dat indien 'n kunstenaar skryf vir sy eie bevrediging (soos baie digters beweer dat hulle doen) die beginsel van ekwivalente effek/respons irrelevant is. Die vertaler se lojaliteit lê dan by die skrywer, en sy plig is om soveel moontlik van die werk te herskep. Dit lyk duidelik dat 'n kinderverhaal - al kan dit sekerlik ook 'n kunswerk wees - tog beslis afgestem is op 'n gehoor. Ook hierdie beswaar kan dus nie op Otje toegepas word nie.

Newmark (1981:10) se standpunt is dat 'n algemene vertaalteorie nie 'n enkele vertaalbenadering (soos dinamiese ekwivalensie) kan voorstaan nie, maar moet rekening hou met die hele spektrum van tekstipes en die maatstawwe wat vir hul vertaling geld sowel as die vernaamste veranderlikes wat ter sake is. Dit is in wese ook Kelly se standpunt soos hierbo genoem.

2.4 'N VERTAALBENADERING VIR OTJE

Die basiese uitgangspunt by die maak van die vertaling van **Otje** was om 'n teks in dié doeltaalkultuur daar te stel wat vir Afrikaanssprekende kinderlesers vlot en natuurlik sou klink en boonop begryplik en genotvol sou wees. Daarby is nie geprobeer om alle vreemde elemente heeltemal 'weg' te vertaal nie, maar wel om dit so te eksplisiteer dat dit vir die lesers begryplik en verrykend is. Kortom, die ideaal was 'n vertaling wat teenoor die bronteks sou kon staan as funksionele ekwivalent.

Daarby is nie probeer om alle vreemde elemente heeltemal 'weg' te vertaal nie, maar wel om dit so te eksplisiteer dat dit vir die lesers begryplik en verrykend is.

HOOFSTUK 3 DIE VERTALING VAN KINDERBOEKE

3.1 INLEIDEND

Terwyl die onderwerp van hierdie proefskrif spesifiek probleme by vertaling van 'n Nederlandse **kinderboek** is, is dit noodsaaklik om kortliks aandag te gee aan die probleme verbonde aan die vertaal van kinderlektuur in die algemeen.

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan watter vereistes gestel word aan 'n goeie kinderboek, en ook om 'n oorsig te gee oor sienswyses in verband met die wenslikheid van, doelwitte met en vereistes vir vertaalde kinderboeke. Binne hierdie raamwerk word daar ook gekyk na die aktualiteit van **Otje** vir Suid-Afrikaanse kinders en die sprokielement in **Otje**. Ten slotte volg daar 'n paar inleidende opmerkings oor probleme by die vertaling van kinderboeke.

3.1.2 Waarom Nederlands vertaal?

Dat 'n vertaling van 'n Nederlandse kinderboek wel sinvol is, is reeds aangetoon onder 1.1. Dit maak so 'n boek toeganklik vir jong kinders, en ook vir dié uit 'n nie-Germaanse agtergrond.

3.2 DIE WENSLIKHEID VAN VERTAALDE KINDERBOEKE

Verder kan die vraag gestel word waarom dit nodig/ wenslik is om **kinderboeke** te vertaal. Livingstone (1989:3) behandel hierdie vraag in verband met die vertaling van poësie vir kinders, en sien as 'n belangrike doelwit hiermee dat dit 'n basis vorm vir 'n estetiese opvoeding, hoewel sy die probleme daaraan verbonde nie onderskat nie. Elizagary (1981:49) sien poësie vir kinders in die rol van 'n 'literary antibody' en maak hieroor 'n stelling wat myns insiens ook van toepassing gemaak kan word op alle goeie kinderboeke: Sy beskou poësie as

the preventative vaccine against aridity of spirit, insensitiveness and the diminution of the faculties for the perception of beauty. A vaccination for the spirit in order that man, moulded by technology, might not resemble it so much.

Bogenoemde is waarskynlik motivering genoeg vir die vertaling van enige goeie boek, iets wat al eeue lank beoefen word as 'n aktiwiteit wat die moeite werd is.

3.3 WAT IS 'N GOEIE KINDERBOEK?

Die logiese volgende vraag is dan wat verdien die kwalifikasie van 'n goeie kinderboek?

Een van die probleme by vertaalde kinderboeke wat maklik 'n beswaar word, is die feit dat dit byna altyd uit 'n ander land kom of minstens uit 'n ander kultuur wat 'n aantal elemente bevat wat vreemd is vir die kinderleser. Moet 'n goeie kinderboek dan nie juis aansluit by die wêreld wat vir die kind bekend is nie? Marcham (1989) behandel hierdie probleem in 'n artikel oor boeke spesifiek vir jong kinders. Sy stel haar eksplisiet ten doel om aan te dui wat die dinge is wat vir hulle bekend en dus voorspelbaar aangenaam sal wees om van te lees. Hieronder noem sy dan dinge soos kinders in gewone huishoudelike situasies besig met alledaagse aktiwiteite. Dit sluit situasies in waar kinders emosies soos angstigheid, ongeduld, verwondering en genot kan verken.

Marcham se oogmerk is om die soort boeke te identifiseer wat sal meewerk om die leesgewoonte by kinders aan te kweek. Haar artikel bied dus wel leidrade van die tipe kinderlektuur wat aangemoedig moet word, en dus ook by implikasie wat die moeite werd sou wees om te vertaal.

Sy wys verder daarop dat kritiek al uitgespreek is dat baie kinderlektuur slegs 'n beeld gee van 'n soort élite middelklas, terwyl daar baie kinders is wat te make kry met armoede, geweld en onkunde en wat dus baie kon baat daarby om boeke te lees waarin van dié soort dinge gepraat word waarmee hulle kan identifiseer en wat hulle as 't ware kan help om dit deur te dink.

Ten einde relevant te wees vir kinders, moet 'n boek volgens Marcham (1989:9) erkenning gee aan verskille ten opsigte van ouderdom, geslag, intelligensie en sosio-ekonomiese omstandighede.

Terselfdertyd het kinders egter ook die kapasiteit om die vreemde en fantastiese, in die oorspronklike betekenis (vgl. Van Gorp et al., 1986:142) te geniet, veral as dit 'n bekende situasie as afspringplek het. Dit kan hulle byvoorbeeld ook help om in te sien dat waardes nie altyd net 'n kwessie van swart of wit is nie, en dat dinge nie altyd so eenvoudig is soos dit op die oppervlakte lyk nie. Marcham (1989:7) haal 'n verhaal aan (Stevenson, 1978: *The worst person in the world*) waarin die lelike monster byvoorbeeld op die ou end baie vriendelik en saggeaard blyk te wees terwyl die humeurige, afsydige grootmens al die tyd eensaam is en behoefte het aan die kinders se vriendskap. 'n Mens sou die

Afrikaanse voorbeeld hierby kan voeg van Liewe Heksie wat so sukkel om dinge reg te kry - iets waarmee 'n kind hom kan vereenselwig.

Soos 'n kind ontwikkel, kan hy boeke begin lees wat ook nuwe idees onder sy aandag bring. Boeke wat 'n brug kan slaan tussen vertroude situasies en nuwes sal vir 'n kind waarde hê en ook sy belangstelling prikkel (Marcham, 1989:11). Sy wys daarop dat in 'n vroeë stadium daar 'n groot mate van universaliteit bestaan by alle kinders. Dan, volgens die eise van die samelewing, ondergaan hulle 'n 'inisiësie' wat daarop neerkom dat die kind twee psigologiese ingesteldhede inneem : een vir die huis waar hy aanvaar word vir sy eie unieke self, en die ander vir situasies buite die huis waarin hy bedreig voel. Boeke wat 'n verkenning inhou van oorgangsituasies sal vir sulke kinders aantreklik wees. Hy bevind hom dan in 'n situasie waar hy kan identifiseer met wat gesê word. 'Dit is 'n verkenningsproses waar die kind homself kan plaas binne 'n vreemde wêreld wat tyd en plek transendeer (Lonsdale & Mackintosh, 1968:7).

Op hierdie terrein is baie belangrike werke geskryf deur die Amerikaanse psigoloog en psigiater, Bruno Bettelheim. In sy boek *The uses of enchantment* (1976) verduidelik hy - eers samevattend en dan in meer besonderhede aan die hand van 'n aantal bekende sprokies - watter onmisbare rol sprokies speel in 'n kind se psigologiese ontwikkeling. (Oor Otje as 'n verhaal met sprokieselemente, kyk 3.6.)

Vir 'n kinderverhaal om werklik boeiend te wees, moet dit hom genot verskaf en sy nuuskierigheid gaande maak, maar om sy lewe te verryk, moet dit sy verbeelding prikkel, en hom help om helderheid oor sy emosies te kry. Dit moet hom aanspreek op die vlak van sy vrese en aspirasies, volle erkenning gee aan sy probleme, en terselfdertyd oplossings aan die hand doen (Bettelheim, 1976:5). In al hierdie opsigte is die sprokie die ideale kinderliteratuur. Hoewel sprokies oënskynlik niks te make het met die moderne lewe nie, kan daaruit meer geleer word oor mense se innerlike probleme en van die regte oplossings in moeilike omstandighede, as uit enige ander storie wat binne die kind se begripsvermoë val. Bettelheim sê (1976:5):

He needs ... a moral education which subtly, and by implication only, conveys to him the advantages of moral behavior, not through abstract ethical concepts but through that which seems tangibly right and therefore meaningful to him.

Hierdie sinvolheid kry hy in sprokies. Ten einde te kan begryp wat sulke stories vir 'n kind beteken, moet 'n mens verstaan dat hulle die kind aanspreek op sy eie vlak van emosionele en psigologiese ontwikkeling. Hulle handel oor die innerlike spanninge wat hy ervaar op 'n manier wat hy onbewustelik verstaan en, sonder om die innerlike worsteling wat grootword inhou te verkleineer, bied hulle voorbeelde van oplossings aan.

Dit is ook belangrik dat die sprokie nuwe dimensies open vir 'n kind se verbeelding en hom in staat stel om sy dagdrome so te konstrueer dat dit 'n beter rigting aan sy lewe gee (Bettelheim,1976:7). Ook Hazard (1966:157 e.v.) het hom uitgespreek oor die rol van die sprokie in die kind se emosionele ontwikkeling.

Psigoanalise is ontwikkel om mense in staat te stel om die problematiese aard van die lewe te aanvaar sonder om daardeur vernietig te word of toe te gee aan ontvlugting. Hierdie werk word vir die kind deur die sprokie gedoen, want dit bring by hom die boodskap tuis dat stryd teen moeilikhede 'n onvermydelike deel van die lewe is, maar dat as die mens nie wegstroom nie, maar die stryd moedig aanpak, hy as oorwinnaar kan uittree. Baie moderne kinderverhale probeer om die noem van moeilikhede en onaangenaamhede te vermy. Daarenteen begin baie sprokies met die dood van 'n ouer en die gevolglike dilemma waarin die hoofkarakter hom bevind. Alles wat boos is, word ook nie uit sprokies geweier nie, wat dit vir die kind eintlik meer 'nuttig' maak, aangesien hy deeglik bewus is van die bose neigings ook in homself. Sprokies kweek nie in die eerste plek by die kind 'n sin vir moraliteit deurdat die bose gestraf word nie. Baie belangriker is die boodskap dat 'crime does not pay'. (In Otje, wat natuurlik nie suiwer sprokie is nie, is die 'les' 'n bietjie meer subtiel: dit help nie om weg te hardloop vir moeilikhede nie.) Dit is nie die feit dat die goeie die oorwinning behaal wat 'n sin vir moraliteit bevorder nie, maar die feit dat die held vir die kind die aantreklikste is, sodat hy met hom identifiseer in sy stryd. As gevolg van hierdie identifisering verbeel die kind hom dat hy saam met die held ly, en ook saam met hom oorwin. Dit doen die kind heeltemal op sy eie en verwerf so 'n sin vir die morele.

Ook Weinreich (1978:147) impliseer dieselfde wanneer hy sê dat boeke (benewens televisie en strookverhale) aan die kind sekondêre ondervindings verskaf wat saam met die primêre - wat hy self beleef het - ingebou word in sy totale ideë-wêreld, en dat die invloed daarvan as baie belangrik geag moet word.

Dit is baie interessant dat in Rusland (soos trouens ook in Kuba) baie geld en aandag deur die staat bestee word daaraan om kinderboeke van goeie gehalte te publiseer, en dit sluit ook in dat hulle van die beste kinderboeke in die wêreld in vertaling publiseer. Motyashov (1978:97-103) toon riglyne aan vir die vir die keuse van kinderboeke met die oog op vertaling. Hy meen dat daar vier basiese kriteria aangelê word: esteties, opvoedkundig, moreel en polities. Hiervan beskou hy die estetiese as die belangrikste, en ook die maatstaf wat die algemeenste oor die wêreld aanvaar word. Dit moenie so afgestem wees op volwasse smaak dat dit té pretensieus is nie, en ook nie té jonk in smaak, dit wil sê sonder 'n sin vir die estetiese nie. Hy beskou dit as 'n groot toets vir 'n verhaal as dit deur almal geniet kan word. Daar is stories (bv. Heidi) waaroor hy meen daar kan geargumenteer word. Niemand sal egter die meriete van Hans Andersen se sprokies kan betwis nie.

Opvoedkundige maatstawwe verskil meer van land tot land. Oor die algemeen word aanvaar dat die boek opbouend en informatief moet wees en dat die kennis wat oor ander lande verstrekkend word, outentiek en korrek moet wees. Dit moenie in konflik wees met aanvaarde morele en etiese norme nie.

Die morele maatstaf is juis ook dat die boek aan hierdie basiese norme sal voldoen. Sonder twyfel moet 'n goeie kinderboek 'n aansporing wees tot vlyt, eerlikheid, respek vir ouer persone, 'n balans tussen selfkritiek en selfgeloof, verdraagsaamheid en 'n sin vir verantwoordelikheid. Dit behoort empatie te wek en 'n humane uitkyk te bevorder en terselfdertyd by die lesers 'n afkeer te kweek van egoïsme, wreedheid, verraad, valsheid, geweld, parasitisme, gierigheid, onverskilligheid teenoor ander se pyn en lyding, ensovoorts. Die morele vereistes wat aan die goeie kinderboek gestel word, kom daarop neer dat die kind ingelei word in die wêreld van algemeen-menslike geestelike en etiese waardes en dat hy leer om afsydig te staan teenoor 'n eng pragmatiese verbruikershouding teenoor die natuur en die gemeenskap.

Daar is dus 'n groot mate van eenstemmigheid tussen kenners van verskillende nasionaliteite oor die estetiese, opvoedkundige en morele kriteria, hoewel dit individueel geïnterpreteer sal word.

Ten slotte is daar die politieke maatstaf. Motyashov (1978:100 e.v.) verwerp die idee dat alle politieke idees uit kinderboeke geweerd moet word. Hy sê politiek is óók deel van die kind se wêreld, en eintlik is daar net twee moontlikhede in die politiek: die een is progressief en demokraties, met die doel om te bevry en op te hef; die ander is reaksionêr en antidemokraties met die doel om mense te

onderdruk en te verslaaf. Juis die tweede word op kinders afgedruk deur goedkoop en minderwaardige publikasies. 'n Mens moet dus nie bang wees om kinders op die regte tyd te vertel van 'n progressiewe, humane, demokratiese en regverdige beleid nie, want anders laat 'n mens hulle weerloos teen die monster van antidemokratiese reaksionêre mag.

Motyashov is van mening dat sover dit kinderboeke aangaan, die idee van wat 'uitstekend' ('top-rate') is, grotendeels objektief is, in die sin dat dit die ondervinding van baie mense oor verskeie geslagte heen verteenwoordig. Wanneer daar op hierdie gemeenskaplike basis gewerk word, kan daar 'n vrugbare internasionale uitruiling van kinderboeke wees.

Die Administratiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het in 1960 besluit om te begin met die toekenning van jaarlikse medaljes vir die beste kinderboek wat in die vorige twaalf maande verskyn het, sowel as een vir die beste vertaalde kinderboek. Mettertyd is besluit dat dié toekenning bekend sou staan as die C.P.Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar. In die uitgawe van Januarie 1961 van Suid-Afrikaanse Biblioteke is uitgebreide norme gepubliseer wat gebruik kon word by die beoordeling van kinderboeke (vir die ouderdomsgroepe 12 jaar en jonger). Hierdie norme is in 1973 kort saamgevat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Dit behels die volgende:

Woordinhoud

Die boek moet 'n besondere bydrae tot die kinderliteratuur vorm en moet al die kenmerke van kinderliteratuur van die hoogste gehalte besit.

Illustrasies

Die illustrasies moet voldoen aan hoë kunsvereistes. Dit moet by die teks aansluit en 'n geïntegreerde deel van die boek uitmaak.

Vertaling

Vertaalde boeke moet aan dieselfde vereistes voldoen wat aan oorspronklike werke gestel word, en dit moet as vertaling geslaagd wees. Dit is ook in meer besonderhede uitgespel in SABI se vereistes vir vertaalde kinderboeke (kyk onder 3.4.2).

Tipografiese en bibliografiese versorging

Dit moet getuig van hoë vakmanskap van die uitgewer, asook van goeie smaak en aanvoeling vir die teks en illustrasies.

Paul Hazard het in 1944 'n uiters leesbare boek oor die ontwikkeling van kinderliteratuur die lig laat sien, waarin hy eers te velde trek teen die verdraaide idees wat by tye geheers het oor kinderboeke (sy eerste hoofstuk is getitel: 'Men have always oppressed children) en dan sy eie ideale vir kinderboeke saamvat. Onder andere sê hy:

I like books that remain faithful to the very essence of art; namely, those that offer to children an intuitive and direct way of knowledge, a simple beauty capable of being perceived immediately, arousing in their souls a vibration which will endure all their lives.....

And books that awaken in them not maudlin sentimentality, but sensibility; that enable them to share in great human emotions; that give them respect for universal life - that of animals, of plants; that teach them not to despise everything that is mysterious in creation and in man (Hazard, 1944:42).

Dit blyk dus dat al kan 'n mens hoeveel feitelike vereistes neerlê vir 'n kinderboek, die goeie kinderboek altyd een sal wees wat onmiskenbaar kuns is. Daarom sê Bettelheim (1976:12) ook: 'The fairy tale could not have its psychological impact on the child were it not first and foremost a work of art'.

3.4 DOELWITTE MET EN VEREISTES VIR DIE VERTAAL VAN KINDERBOEKE

3.4.1 Doelwitte met die vertaal van kinderboeke

Klingberg (1986:10) noem 'n viertal doelwitte met die vertaling van kinderboeke. Die eerste is gewoon om meer kinderliteratuur daar te stel wat hopelik van hoogstaande gehalte sal wees. 'n Vertaler met hierdie doel voor oë sal probeer om taamlik naby aan die bronteks te bly, anders word die oorspronklike nie in sy totaliteit aan die lesers in die doeltaal gegee nie.

'n Tweede doel met vertaling kan wees om aan kinders 'n groter kennis en begrip te gee van ander nasionaliteite. Ook dit sal lei tot 'n noue navolging van die bronteks, aangesien die verwydering van eienaardighede wat eie is aan die vreemde kultuur nie die leser se kennis van dié kultuur sal bevorder nie.

Daar is egter nog twee doelwitte, wat pedagogies van aard is, en wat die effek kan hê dat die vertaling veranderings aan die bronteks inhou. Die vertaler kan ten doel hê om aan die lesers 'n vertaling te lewer wat hulle kan verstaan. Dit is wat beoog is met die vertaling van *Otje*. Aangesien kinders oor die algemeen 'n geringer kennis het van vreemde kulture as volwassenes, is die vertaler van kinderboeke altyd meer in die versoeking om aan die bronteks te verander as 'n vertaler van literatuur vir volwassenes.

Nog 'n pedagogiese oogmerk kan wees om by te dra tot die vorming van waardes by die jong lesers. Ook dit kan lei tot veranderings of weglatings indien die vertaler in die bronteks waardes teëkom wat hy as skadelik ag vir sy teikenlesers.

De Villiers (1987:12) wys egter ook op die verbreding van die kind se ervaringswêreld deur vertaalde tekste. Sy meen nie net die kind se kennis van ekstra-linguistiese elemente word hierdeur uitgebrei nie, maar ook sy linguistiese vermoëns (vgl. 4.2).

3.4.2 Vereistes vir die maak van 'n goeie vertaling

Die stelling kan gemaak word dat wanneer 'n vertaler vir homself 'n sekere doelwit gestel het met die maak van 'n vertaling, die oorkoepelende vereiste vir 'n goeie vertaling sal wees dat dié doel wel bereik word. So sal die toets van dinamiese ekwivalensie aan die vertaling van *Otje* in die geheel gestel kan word, aangesien dit in Hoofstuk 1 as ideaal gestel is vir hierdie vertaling.

Dit is natuurlik egter ook moontlik om 'n aantal meer gespesifiseerde vereistes te noem. Steenberg (1983:42-44) stel 'n aantal vereistes wat sy indeel volgens die ouderdom van die kinders vir wie die boeke bedoel is. Dit word vervolgens behandel.

Vir **kleuterboeke** (vir kinders van ongeveer 3 tot 6 jaar) stel sy die vereiste dat die vertaling uit min of meer dieselfde aantal woorde moet bestaan as die bronteks, aangesien die uitgewer wat die reg op vertaling verkry, gewoonlik die illustrasies van die oorspronklike daarmee saam koop. Die woorde en illustrasies moet dus bymekaar pas, in inhoud sowel as bladruimte. Verder moet die vertaling ingestel wees op eenvoud en weloorwoë gebruik van woorde, gepaard met 'n sekere ritme. Die vertaler word 'n mate van vryheid gegee met die gebruik van herhaling en verandering van woordorde mits die 'resultaat nog goeie Afrikaans bly'. Die stelling 'die vertaler in Afrikaans (kan) ook verdere herhaling van woorde oorweeg omdat Afrikaans hom besonder goed daartoe

leen en omdat die kleuter behoefte het aan terugkerende patrone' (1983:42) is egter aanvegbaar, want dit sou neerkom op 'n 'verbetering' (dus 'n skending) van die bronteks deur die vertaler tensy dit gedoen word om te kompenseer vir 'n ander effek wat verlore gegaan het in die vertaling.

In kleuterboeke kom dikwels gediggies of rympies voor. Hier kan die vertaler kies om redelik getrou te bly aan die woorde, met die gepaardgaande verlies van rym en/of ritme, of hy kan dit herskep tot iets wat ongeveer dieselfde inhoud het waarin hy sy eie rym en ritme aanwend.

Steenberg (1983:43) stel dit ook onomwonde dat die vertaler nie die vertaling behoort te aanvaar van 'n boek wat hy as minderwaardig beskou nie. Dit is 'n vereiste wat sekerlik nie net vir kleuterboeke geld nie. Trouens, die vereiste dat 'n goeie kinderboek werklik kuns moet wees, kom telkens weer na vore (vgl. die uitsprake hierbo van Hazard, Bettelheim en die standarde gestel deur die SABV).

Kinderboeke

By kinderboeke vir kinders van ses tot tien of twaalf jaar wat al self kan lees, is die storie-element baie belangrik en kan boeke ook omvangryker wees. Dis in hierdie kategorie wat *Otje val*, en dis een van die redes waarom by die uitstippel van 'n vertaalbeleid in 2.4 die volg van die verhaal as 'n primêre vereiste gestel is. Die kind verken op hierdie ouderdom nie slegs sy eie wêreld nie, maar ook nuwe wêrelde en die streke van die gees. Die moontlikhede van temas en benaderings is dus groot sover dit vertalings aangaan, maar Steenberg stel dit steeds as sentrale vereiste dat die bronteks so suiwer en verstaanbaar moontlik weergegee moet word in die vertaalde teks, hoewel nie woordeliks nie.

Ook die vertaling van beeldspraak in 'n kinderboek moet aan bogenoemde vereiste beantwoord. Dit is nie iets wat in *Otje juis* aan die orde kom nie.

Dialog in 'n kinderboek moet, volgens die vereistes wat Steenberg (1983:43) stel, veral waak teen letterlikheid. Die belangrikste is om die emosie agter die woorde weer te gee. As daar sekere karakters is wat kenmerkende uitdrukkings gebruik, moet dit in vertaling eerbiedig word in aangepaste vorm.

Steenberg (1983:44) beskryf *Jeugboeke* as nader aan werke vir volwassenes, maar werke waarin die klem sterker val op avontuur, onderlinge verhoudings en die ontdekkings van verskillende ruimtes. Sommige tieners lees al heelwat Engels, wat vertaling van jeugboeke uit dié taal dalk oorbodig laat lyk, maar daar

is tog ook diegene wat nie graag Engels lees nie. Dit regverdig dan wel die vertaling van werklik goeie jeugboeke uit Engels. Ander Europese tale is natuurlik baie minder bekend, en kom dus ook in aanmerking vir vertaling.

Vir die vertaling van jeugboeke stel Steenberg eintlik net een sentrale eis: die vertaler moet homself betrokke kan voel by die boek, sodat hy met groot simpatie die stemming en styl van die bronteks tot sy reg kan laat kom. Uiteraard beperk dit hom natuurlik tot die vertaal van werke waarmee hy homself kan vereenselwig. Sy gee toe dat 'n vertaler onvermydelik sy eie stempel afdruk op sy vertaalwerk, maar vereis dat dit so onopsigtelik as moontlik moet wees, en dat die vertaler as 't ware 'n skaduwee moet wees van die skrywer.

Die verdere eise wat Steenberg aan die vertaler stel (1983:44-46) het te make met die manier waarop hy sekere tipes vertaalprobleme oplos, soos die kwessie van werkwoordstye en eiename, wat in ander hoofstukke van hierdie proefskrif aan die orde kom.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het met die oog op die C.P. Hoogenhout-toekenning vir vertaalde kinderboeke ook sekere vereistes vir vertaalde werke te boek gestel, naamlik:

- A Al die beginsels wat vir kinderboeke vasgelê word, is ook van toepassing op vertaalde kinderboeke.
- B 'n Boek wat met die oog op vertaling of bewerking in Afrikaans gekeur word, sal in tema, tekstuur en materiaal geskik wees vir Suid-Afrikaanse kinders van die ouderdomsgroepe vir wie dit oorspronklik geskryf is.
- C Die Afrikaanse weergawe sal die gees en stelwyse van die oorspronklike werk getrou navolg.
- D In gevalle waar die illustrasies van die oorspronklike werk in die Afrikaanse weergawe opgeneem word, sal daar noukeurig gelet word op korrelering tussen teks en grafiese voorstelling.

'n Baie belangrike aspek word deur Binder (1976:24-25, met treffende voorbeelde) onder die aandag gebring, naamlik dat sorg gedra word dat die titel en voorkoms van die vertaalde boek nie misleidend moet wees in dié opsig dat dit nie die regte ouderdomsgroep aanspreek nie.

Stolt (1978:140-145) gee voorbeelde van hoe die teks van 'n vertaalde kinderboek in werklikheid 'verdraai' kan word indien ander illustrasies as die oorspronklike gebruik word, wat nie dieselfde gees adem as die bronteks nie. Dit beteken dan ook, as die vertaalde teks goed is, dat die leser heen en weer geslinger word tussen teks en illustrasies wat mekaar weerspreek. Dit is hier van

groter belang as persoonlike smaak of selfs artistieke kwaliteit. Dieselfde persoonlike beskeidenheid word verwag van 'n illustreerder as van 'n vertaler: om homself te onderwerp aan die gees van die bronteks. Illustrasies in 'n kinderboek is dus onderhewig aan dieselfde gevare as wat hieronder genoem word by die vertaling van kindertekste.

Volgens Stolt (1978:133 e.v.) het die vertaling van die kinderboek bewys dat die tradisie wat die meeste voorkom, nie getrouheid aan die bronteks is nie, maar aanpassing. Sy noem as voorbeeld **Robinson Crusoe** wat deur die jare deur byna onbeperkte aanpassings in vertalings gegaan het - en oral gewild was. Syself beskou dit egter as 'n ongesonde tradisie, veral aangesien dit meesal die resultaat van bymotiewe was, en van sekere taboes wat op vertalers van kinderboeke gelê is.

Stolt (1978:134) noem drie bronne van ergernis vir die oorspronklike outeur van kinderboeke wanneer dit vertaal word. (Dit kan uit die oogpunt van die vertaler as moontlike slaggate gesien word):

- * Veranderings gemotiveer deur opvoedkundige oogmerke en taboes;
- * Vooropgestelde idees oor wat kinders wil lees, waaraan hulle waarde heg en wat hulle kan verstaan. Dikwels gaan dit gepaard met onderskatting van die kinderleser, terwyl die kind 'n geweldige kapasiteit het vir die inname van vreemde dinge en ook daardeur bekoor word, afgesien van die opvoedkundige en informatiewe waarde wat dit het;
- * 'n Kinderagtige houding wat neerslag vind in sentimentalisering of verfraaiing. Die vertaler se styl kan sterker wees as sy wil om die outeur se styl te reproduseer. Soms neem die vertaler se simpatie vir 'n karakter onbewustelik oor. Dit kan tot gevolg hê 'n verskuiwing van perspektief wat neerkom op 'n growwe inmenging met die bronteks.

Toury (1980:141) besin oor die posisie wat vertaalde kinderliteratuur inneem in die doeltaalliteratuur. Volgens sy oordeel neem dit byna altyd 'n perifere (of sekondêre) posisie in, omdat dit vertaal word op 'n wyse wat bedag daarop is om aanvaarbaar te wees. Dit kom tot uiting in die vertaler se keuse om homself te onderwerp aan die norme van die doeltaalsisteem. Op hierdie manier word vertaalde kinderliteratuur 'n versterkende faktor van konserwatisme.

Die bekende Sweedse skryfster van kinderboeke, Astrid Lindgren (skepper van Pippie Langkous) meen ook (1969:98-100) kinders het 'n geweldige kapasiteit vir die absorbeer van die vreemde mits dit goed vertaal is.

Volgens Birgit Stolt (1978:145) is die enigste regte gesindheid by die vertaling van kinderboeke

- * respek vir kinders,
- * respek vir kinderboeke, en dus
- * respek vir die skrywer van 'n kinderboek.

Toury (1980:141) vergelyk 'n paar vertalings van dieselfde Duitse verhaal (**Max und Moritz**) in Hebreeus wat op verskillende tye gemaak is, om daarmee afleidings te maak in verband met die norme wat hierdie soort vertalings geregleer het, en die verandering wat daar in dié norme ingetree het met die tyd. Hy toon selfs aan dat die nuutste vertaling van die verhaal (1965), wat vandag die bekendste is by Israeli kinders, nie die beste weergawe in Hebreeus is van die oorspronklike nie, maar sy gewildheid te danke het aan die feit dat die vertaling van 1939 (wat baie herdrukke beleef het) nou oudmodies ('outdated') geword het, aangesien dit nie meer inpas in die heersende norme van die Hebreeuse sisteem nie. Die vertaler van 'n kinderboek moet dus minstens in 'n groot mate (indien nie heeltemal nie) konformeer aan die norme van die doeltaalsisteem.

3.5 DIE AKTUALITEIT VAN OTJE VIR SUID-AFRIKAANSE KINDERS

Die vraag kan dan gestel word in hoe 'n mate **Otje** 'n regmatige plek sal kan inneem in die doeltaalsisteem. Hoewel die verhaal van **Otje** onteenseglik in Nederland afspeel (afgesien van die taal is daar ook ander tipies Nederlandse dinge in die verhaal) het dit tog 'n sekere algemeenheid - daar word byvoorbeeld geen egte Nederlandse aardrykskundige name gebruik nie. Dit maak dit vaag in dié sin dat die plekname eerder tipes plekke aandui as spesifieke plekke. Die plekke op sigself is nie so belangrik in die verhaal nie. Die plekkie Kokkelburg is wel belangrik, maar weer eens eerder as tipe van 'n klein stadje. Hierdie dinge maak die boek eerstens uiters vertaalbaar, maar gee dit tweedens ook 'n soort internasionale karakter sodat kinders van enige westerse land daarmee sou kon identifiseer.

Pellowski (1979:17) bespreek die kwessie van universaliteit van kinderliteratuur en kom tot die gevolgtrekking dat hoewel daar besliste universele menslike ondervindinge en emosies is, dit alles soveel gekleur word deur fisiese en sosiale omgewing dat daar baie moeilik werklik verhale aangewys kan word waarin hierdie verskeidenheid op 'n manier aangebied word wat ten volle universeel is.

Die verhaal van Otje gaan ook nie oor 'n tipiese Nederlandse gesin nie. Otje en haar pa, Tos, swerf rond met hulle stasiewa. Van 'n ma word nêrens enige melding gemaak nie - nie eers 'n verduideliking van haar afwesigheid nie. Die aktualiteit wat hier die sterkste op die voorgrond tree, is dié van mense sonder heenkome. Tos het nie 'papiere' - identiteitsdokumente - nie, en is dus gedurig besig om die polisie te ontwyk. Dit lei tot allerlei onwettighede: hulle kampeer met hulle motor op 'n parkeerterrein, en in 'n natuurreservaat, slaap in die blombak van 'n groot hotel, en gaan slaap selfs in iemand anders se hotelkamer. (Daar moet bygevoeg word dat hier telkens 'n korrektyf aangebring word in dié sin dat hulle self erken dat dit nie reg/wettig is nie. Die oplossing wanneer Tos uiteindelik weer geldige dokumente kry, is dan ook die finale korrektyf. Alles eindig op 'n wettige, aanvaarbare manier, dus is daar geen sprake van 'n verkeerde invloed op die kinderleser nie.)

Tos en Otje het dus 'n probleem wat internasionaal steeds meer in die kollig kom en veral ook in Suid-Afrika baie aandag geniet - in 'n sin is hulle plakkers. Hulle het nie 'n wettige verblyfplek nie, en kan dit nie kry nie, omdat Tos se dokumente nie in orde is nie.

Daar is dus baie kinders in ons land wat met hulle sal kan identifiseer, en terselfdertyd ook baie ander wat deur die lees van die boek groter empatie sal verwerf met die probleme wat hulle uitgespel sien op televisie en in tydskrifte.

Op 'n wyer, nog meer algemeen-menslike vlak, behandel die boek die probleem van 'n mens wat nie sy humeur kan bedwing nie. Tos se woedebuie gee telkens aanleiding tot die verslegting van sy situasie: hy verloor 'n paar keer sy werk en beland uiteindelik as 'n versteurde in 'n hersteloord. Psigologies is dit baie goed verantwoord deur die onreg wat hy voortdurend ly. Tog kom daar aan die slot wanneer alles opgelos is, en Tos nie meer woedebuie kry nie, die suggestie wat vir die kinderleser veral waardevol is, naamlik dat ook Otje sal moet leer om háár humeur te bedwing.

Die vertaler beskou hierdie boek as beslis aktueel vir Suid-Afrikaanse kinders, en dus die moeite werd om in vertaling te verskyn. Boonop oorskadu die

probleme wat hierbo uitgelig is, nie die genot en spanning van 'n lekkerlees-verhaal nie.

3.6 DIE SPROKIESELEMENT IN OTJE

Terwyl daar onder 3.3 gewys is op die nut van sprokies vir kinders, word hier kortliks gelet op die sprokieselement in **Otje**. Die verhaal van **Otje** is nie volkome realisties nie, want Tos en Otje praat met al die diere in die verhaal, en die diere met hulle. Die diere, veral die voëls, speel trouens 'n baie belangrike rol in die hele verhaal. Verweef met realisme het ons dus 'n duidelike sprokieselement, volgens die verduideliking wat gegee word onder **Sprookje** in **Lexicon van literaire terme** (Van Gorp, Ghesquiere, Delabastita & Flamend, 1986).

'n Mens kan die volgende sprokieselemente in **Otje** identifiseer:

- * diere wat praat;
- * mense wat met diere praat en hulle verstaan;
- * dinge wat teen die natuurwette ingaan (die oor-en-weer-spieëltjies);
- * 'n verhaal wat ongebonde is deur historiese en nasionale gebeure;
- * 'n gelukkige einde.

In sprokies is die karakters óf goed óf sleg, eerder tipies as uniek, en alle situasies word vereenvoudig. Dit is natuurlik baie meer subtiel in **Otje**. Tog kry ons 'n sterk sprokieselement wanneer Otje alleen te staan kom voor die probleem van haar pa wat weggeneem is na die hersteloord: juis dan kom die voëls haar op hulle beste te hulp, en hulle stuur haar na meneer Pijpetoon, wat (en dit is betekenisvol) deur hulle aangedui word as 'een vriendelike man die van vogels houdt' (130.13).

In 7.3.4 word daarop gewys hoedat die verhaal van Lodewijk en Suzie, die twee muise wat saam met Tos en Otje reis, 'n soort skaduverhaal of duplisering is. Ook hulle storie is 'n vermenging van sprokie en realisme (die feit dat hulle saamgaan, is alreeds 'n sprokie, maar op die pad ondervind hulle baie realistiese probleme soos die kraai en kat wat hulle wil vang, die gespartel om nie te verdrink in die riool nie). Ook hulle is op soek na die ideale woonplek waar daar geen vervolging is nie - die land Musopia (kyk onder 7.2.1), sonder katte of valle. En ook hulle kom uiteindelik tot rus op die plek waar hulle begin het, die

Koper Lyster Hotel, waar Tos nie meer veronreg word deur 'n baas nie, en die muise nie meer die kat hoef te vrees nie.

Met verwysing na die bespreking van aanspreekvorme in 3.5.5 en die kwessie van solidariteit wat daar genoem word, is daar veral twee sake wat opval in die gesprekke tussen die hoofkarakters en die diere:

- * Al die diere spreek vir Tos (en Otje) deurgaans aan as **jy**. Soos blyk uit die ontleding van die verhaal in 7.3.4 is die diere almal helpers van Tos en Otje om hulle doel te bereik. Hulle solidariteit word hier onderstreep deur die aanspreekvorm.
- * Wanneer Otje vir die eerste keer deur Herman, die polisie hond, gekonfronteer word, is die aanspreekvorme 'n baie belangrike merker van haar hantering van die situasie:

36.30-39 'Wat bedoel je...eh...wat bedoelt u?' vroeg Otje. Ze durfde niet 'jij' te zeggen tegen deze strenge hond.
Dat gaat zo maar niet ! Kamperen op een parkeerterrein! Dat is streng verboden. Wist je dat niet?'
'Nee..' stamelde Otje. Bijna had ze gezegd: 'Nee, meneer.'.....

36.51-37.10 Otje was steeds meer achteruit gegaan, bang voor die grote bek met tanden, bang voor die boze ogen. Ze drukte zich vlak tegen de auto en wou om hulp roepen, toen ze ineens dacht: Een hond kan ons niet bekeuren. Onmogelijk.

Ze kreeg plotseling moed. Ze ging rechtop staan, deed een stap naar voren en zei: 'Luister eens... hoe heet je eigenlijk?'

'Herman,' zei de hond.

'Luister eens Herman. Doe gewoon en hou op met die onzin. Misschien kan je baas ons bekeuren, maar jij niet. En nou wegwezen. Goeiendag!'

'n Mens sou byna kon sê dat Otje terwyl sy binne in hierdie sprokie(gedeelte) optree, ineens weer 'n greep op die werklikheid kry. Sy besef dat sy nie die hond met soveel eerbied hoef te benader nie, noem hom op sy naam en **jy**, stuur hom weg en waarsku betyds vir Tos dat hulle moet vertrek. By alle verdere ontmoetings met Herman, noem sy hom altyd **jy**. Herman se rol word ook kortliks bespreek onder 7.4.3.

Hier is dit dus vir die hele begrip van die verhouding tussen Herman en Otje in die verhaal van die uiterste belang om u en jy in die vertaling te behou soos dit in die bronteks gebruik is.

De Villiers (1987:19 e.v.) toon aan hoe onder andere die taal van vertaalde sprokies volgens die model van House (1981) getipeer kan word en dat ook dit in 'n vertaling geëwenaar moet word. Hoewel Otje lank nie in alle opsigte 'n sprokie is nie, was die ekwivalensie op die vlak van taal nogtans 'n belangrike oorweging vir die vertaler. Dit kan onderskei word op sintaktiese, leksikale en tekstuele vlak in die dimensies van medium, deelname, sosialerolverhoudings tussen skrywer en leser, en tussen karakters onderling (vgl. House, 1981:42).

3.7 PROBLEME BY VERTAALDE KINDERBOEKE

Aangesien die onderwerp van alle verdere hoofstukke in hierdie proefskrif juis die vertaalprobleme is wat by die vertaling van Otje opgeduik het, word hier kortliks ter inleiding net sekere algemene opmerkings gemaak.

Dit sou uiters moeilik wees om 'n duidelike skeiding te maak tussen die probleme by die vertaling van 'n kinderboek en 'n boek vir volwassenes. Daar kan selfs geredeneer word dat daar geen onderskeid behoort te wees nie, aangesien kinderboeke gewoon literatuur is en as sodanig behandel behoort te word. Bravo-Villasante (1978:46) is van mening dat vertaalprobleme dieselfde is vir die vertaler van kinderboeke as vir dié van boeke vir volwassenes. Vir kinderboeke, net soos vir ander vertaalwerk, benodig die vertaler 'n uitstekende kennis van sowel bron- as doeltaal, die vermoë om taal goed te hanteer en kreatiwiteit wanneer die behoefte daaraan opduik. Tog blyk dit dat sekere probleme meer op die voorgrond tree wanneer kinderboeke vertaal word. Soos altyd by vertaling lê die groot worsteling tussen die konsiderasie vir die oorspronklike teks en vir die ontvangers van die vertaalde teks. Die rede waarom dit in kinderboeke so belangrik is, is die verskillende doelwitte waarmee mense kinderboeke vertaal (Klingberg, 1986:10). (Vgl. 3.4.1 oor doelwitte by die vertaling van kinderboeke.)

3.7.1 Grade van aanpassings wat gemaak kan word

Wanneer daar gepraat word van aanpassings in die vertaalde teks, moet in gedagte gehou word dat 'n kinderboek in 'n sin alreeds 'n aangepaste teks is, omdat dit in moeilikheidsgraad en onderwerp afgestem is op die kinderleser. Dan sou daar geredeneer kon word dat die graad van aanpassing in die bronteks

behou behoort te word in die vertaalde teks. As die vertaler dit egter sou doen, kan die resultaat 'n vertaalde teks wees waarvan die graad van aanpassing vir die doeltaallesers in werklikheid laer is as dié van die bronteks (vgl. Binder, 1976:24). Om dieselfde graad van aanpassing in doeltaal en vertaalde teks te kry, sal die vertaler waarskynlik 'n verdere aanpassing maak. Sulke aanpassings noem Klingberg (1986:11-12) **kulturele konteksaanpassings**. Dit is wat in die volgende hoofstuk - oor probleme wat verband hou met Landeskunde - behandel word.

3.7.2 Kategorieë waarin aanpassings gemaak kan word

Behalwe kulturele konteksaanpassings noem Klingberg (1986:12) ook nog drie ander moontlike kategorieë aanpassings wat gemaak kan word by die vertaling van kinderboeke:

- * **Suiwering**, dit is wanneer die vertaler elemente weglaat uit die vertaalde teks wat hy om een of ander rede as onwenslik beskou vir sy teikenlesers. Hy sou die doel van suiwering ook kon bereik deur byvoegings.
- * **Modernisering** word gebruik vir die vervanging van taal wat 'n outydse styl het met meer moderne uitdrukkings, ook verandering van die milieu na iets wat histories nie so ver verwyder is nie. Die doel hiermee kan wees om die inhoud meer interessant en toeganklik te maak.
- * **Verkorting** is iets wat dikwels aangetref word in kinderliteratuur. Soms word nie vermeld dat dit verkort is nie, dan is dit verskuilde verkorting. Soms word 'n vertaling gemaak van 'n bronteks wat 'n verkorting is. Dan is die vraag waarom die verkorte vorm vertaal is en nie die volledige oorspronklike bronteks nie. Soms is dit die vertaler se beslissing om te verkort, wat weer 'n etiese kwessie kan wees, aangesien skrywer en uitgewer hierin geken moet word.

Aangesien nie daarvan gebruik gemaak word in die vertaling wat as basis dien vir hierdie proefskrif nie, word nie verder ingegaan op suiwering, modernisering en verkorting nie.

3.7.3 Metodes van aanpassing

Die maniere waarop kulturele konteksaanpassings gemaak word, is die onderwerp van die volgende hoofstuk oor probleme wat verband hou met Landeskunde (Hoofstuk 4).

DEEL II SOSIOLINGUISTIESE PROBLEME

INLEIDING

Sosiolinguistiek kan kortliks gedefinieer word as die studieveld waar linguistiek en die studie van die maatskappy oorvleuel - dus 'n studie van taal in sosiale konteks (Trudgill, 1983:14). Hierdie studieveld vertoon 'n groot aantal vertakkings. So word 'n studie gemaak van die wyse waarop taal 'n refleksie is van sosiale status, sosiale rolle van sprekers, geslag, volwassenheid, woonplek of plek van oorsprong, belangegroep, beroep of profesie en geleentheid.

Terwyl al hierdie verskille intralinguaal 'n neerslag vind in 'n byna onbeperkte aantal kodes waarvoor sprekers van dieselfde taal of groep merendeels 'n betreklike akkurate aanvoeling het, word dit oneindig ingewikkelder wanneer meer as een taal ter sprake is, soos by vertaling.

Uit 'n sosiolinguistiese oogpunt gesien, is die vertaler se probleem in hoeveel kodes van die brontaal hy hom tuisvoel.

Dit is heeltemal moontlik vir 'n individu om, soos Bell (1976:130) beweer, 'n hoë mate van effektiwiteit te handhaaf as tweetalige op sekere terreine, terwyl daar waarskynlik ander terreine is waarop hy dit nie sal kan bolwerk nie. Hoe meer terreine se kodes so 'n individu beheers, hoe 'tweetaliger' is hy, aangesien tweetaligheid 'n kwessie van graad is.

Die taal van Otje is in 'n groot mate algemeen of neutraal. Dit is nie vir 'n vertaler nodig om 'n intieme kennis van verskeie meer of minder obskure kodes te hê om dit te kan vertaal nie. Dit is byna geheel en al Algemeen Beskaafde Nederlands (ABN). Dit bevat ook nie spesifieke kindgerigte taal nie (vgl. Smit, 1986) wat 'n besondere mugterheid aan die hele vertelling gee. Daar word geen aanduiding gegee van afwykende taalgebruik of uitspraak nie.

Dit alles vergemaklik die vertaling van die boek. Tog is die teks onteenseglik ingebed in die Nederlandse kultuur, sy dit dan 'n baie algemene, ennigsins vaagomlynde kultuur. Soos die probleme wat in Hoofstuk 4 bespreek word, aantoon, bevat ook ABN die neerslag van die Nederlandse gewoontes en omgewing. Dit is presies hierdie ingewortelde verskille wat vertaling vir lesers van 'n ander kultuur op baie klein puntjies problematies maak (vgl. Pergnier, 1980:62).

Die tipiese omgewing en gewoontes van elke volk en sy taal word bestudeer in die vakgebied Landeskunde. Na oorweging van al die probleme by vertaling wat

nie leksikaal of sintakties van aard is nie, het die vertaler tot die gevolgtrekking gekom dat hulle almal (probleme in verband met dinge, gewoontes, plekke, aanspreekvorme) tuisgebring kan word onder landeskundige probleme.

'n Sosiolingistiese term wat vir vertaling van groot belang is, is **register**. Dit is nog 'n aspek van die teks waarin 'n vertaler moet probeer om ekwivalensie te bereik. In die literatuur word egter 'n verskeidenheid betekenisgeheg aan **register**.

Trudgill (1983:101) sien dit soos volg:

Registers are simply a rather special case of a particular kind of language being produced by the social situation. Many other factors connected with the situation in which language is being used, over and above occupation, will also have a linguistic effect.

Hy beperk egter hierdie linguistiese effek tot **woordeskat** - óf tot die gebruik van besondere woorde, óf van woorde in besondere betekenis.

Van den Broeck en Lefevere (1984:39 e.v.) beskou **register** as 'n **funksionele styldimensie** wat gereflekteer word in suiwer linguistiese middele. Hierdie funksionele styldimensies kan gekarakteriseer word met behulp van sekere kategorieë (soos **formeel en objektief**), wat gemanifesteer word op verskillende vlakke, naamlik op die fonologiese, grammatikale en leksikale.

Dit is ongeveer dieselfde interpretasie wat Newmark (1988:13-14) gee aan die term **register**, hoewel hy dit nie in soveel besonderhede uitwerk as Van den Broeck en Lefevere nie. Hy gee drie stilistiese skale, naamlik **grade van formaliteit, moeilikheid en emosionele toon** wat hy inkorporeer in sy definisie van **register** (1988:284):

A variety of 'social' language at one period characterised by a particular degree of formality, emotional tone, difficulty, dialect and social class, occasionally by other factors such as age and sex.

Met ander woorde hy gebruik **register** dan as 'n **sambreelterm** vir al die moontlike kombinasies en permutasies van die grade wat hy op die drie verskillende skale beskryf het, plus nog ander moontlike faktore soos ouderdom, wat in die geval van 'n kinderboek uiters belangrik is.

In hierdie proefskrif word die term **register** gebruik in die omvattende sin soos Newmark dit beskryf.

HOOFSTUK 4 PROBLEME OP DIE TERREIN VAN LANDESKUNDE

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan watter veranderings in die vertaling genoodsaak is deur die feit dat die bronteks se verhaal in 'n ander land afspeel. Daarvoor word eers gekyk na die begrip 'landeskunde' en vervolgens na die soorte oplossings wat vir probleme van landeskundige aard gevind is. Ten slotte wil die vertaler 'n aantal vertaalstrategieë aan die hand doen vir hierdie soort vertaalprobleme.

4.1 DIE TERM 'LANDESKUNDE'

Wilhelm Von Humboldt het in 1835 sy insig uiteengesit dat die mens se moedertaal 'n bydrae lewer tot die vorming van sy denke, met ander woorde in 'n mate sy denkwysse bepaal. (Hierdie teorie is later verder uitgewerk in die Sapir-Whorf-hipotese.) Dit is nie in die eerste plek die mens wat met behulp van taal die werklikheid benoem en segmenteer nie, maar die taal wat hy eerste verwerf, verskaf die wyses en gesigspunte waarvolgens hy dinge benoem en segmenteer:

In their most primal relation to the nature of individuality, therefore, language and the basis of all nationality have a direct resemblance to one another. But the effect of the former is stronger and more evident, and the concept of a nation must chiefly be founded upon it. Since the development in man of his human nature depends on that of his language, the very concept of the nation is thereby directly given, as that of a body of men who form language in a particular way (Von Humboldt, 1988:152-153).

Hoewel die aard van taal in Von Humboldt se eie vae terme (1988:148) 'depends upon something far more subtle, more deeply hidden and less accessible to analysis' is wat hierbo aangehaal word, iets waarvan die waarheid ondervind word deur mense wat 'n tweede of derde taal werklik goed beheers. Gevolglik bly 'n vertaler voortdurend bewus daarvan. Die manifestasie van hierdie uiteenlopende denkwyses en benaderings is natuurlik die uiteenlopende kulture wat juis die onderwerp van landeskunde is.

Volgens Erdmenger en Istel (1973:10) se definisie is landeskunde die verklarende beskrywing van die fisiese ('naturräumlichen') en kulturele verskynsels wat in 'n land aangetref word. Wanneer rekening gehou word met die standpunt van Von Humboldt soos hierbo opgesom, kan die taak om 'n nuwe 'Weltansicht' te verwerf nie geskei word van die aanleer van 'n taal nie.

Erdmenger en Istel se boek is in die eerste instansie gemoeid met landeskunde as onderdeel van, of aanvullende dissipline by vreemdetaalonderrig, maar by implikasie raak wat hulle sê die vertaler ten nouste, aangesien die 'vreemde taal' die brontaal is vir sy vertaling. Trouens, dit word ook geïmpliseer deur hulle stelling (1973:11) dat sodra daar kennis gemaak word met die vreemde, dit byna vanselfsprekend teenoor die eie gestel word. In feite is dit juis dit waarmee die vertaler hom bewus of onbewus voltyds besighou. Tans is die tweevoudige onderwerp by vreemdetaalonderrig die oorheersende aspek, naamlik die vreemde taal, en die kultuur waarvan hierdie taal 'n uitdrukking is. ('Sprache ist eben Form und Inhalt, eine Fremdsprache ist fremde Form und fremder Inhalt' (1973:29)). Die verstaan van die taal is ten nouste verbonde met kennis van die dinge en gedragswyse wat deur die taal benoem word. Dus is daar 'n duidelike samehang tussen kennis van landeskunde en talige kommunikasie (1973:11). Hierdie stellings kan eweneens op vertaling van toepassing gemaak word.

Die noue samehang tussen taal en kultuur word ook weerspieël deur die term 'spraakgemeenskap' wat deur die moderne linguistiek gebruik word. Newmark (1988:94) vestig die aandag ook op die bestaan van verskeie subkulture binne een kultuur - sonder inagneming van dialekte - wanneer 'n spraakgemeenskap op 'n spesifieke onderwerp fokus, en noem as voorbeelde onder andere kriketterme in Engels en die benoemings van verskillende soorte sneeu deur die Eskimo's. Lado (1957:8) se werk is wel gerig op tweedetaalonderrig, maar wat hy sê, is uiteraard ook vir vertaling van belang:

If we ignore these cultural differences we will misjudge our cultural neighbors - as we constantly do at present - for a form of behavior that to them has one meaning may have another one to us. And if we do not know of the difference in meaning we will ascribe to our neighbors the intentions that the same behavior would imply for us, and would pass on them the same judgment as on our confreres.

Hy maak dan ook 'n sterk saak uit vir kulturele analise (as 'n soort parallel vir vergelykende grammatikale analise). Hy meen dit kan gedoen word, want 'cultures are structured systems of patterned behavior' (1957:111). Hy doen in Hoofstuk 6 van die aangehaalde werk 'n uitgebreide skema aan die hand vir kulturele ontleding. Verder waarsku hy ook (1957:120) teen die algemeen menslike neiging om gedrag of houdings wat 'n mens teëkom by een individu of groep uit 'n volk te veralgemeen en toe te skryf aan die hele volk. Hy noem moontlike kulturele slaggate onder die volgende hoofde: dieselfde vorm, maar

verskillende betekenis; dieselfde betekenis, maar verskillende vorm; en dieselfde vorm en betekenis, maar verskillende distribusie (1957:114-120). Laasgenoemde term gebruik hy in 'n baie wye sin van onder andere tyd, plek en frekwensie.

Daar is dus onontbeerlike betekeniseenhede wat met 'n eie kultuurgroep verbonde is en wat nie oordraagbaar is nie, en hy waarsku daarteen om nie verskynsels binne die vreemde kultuur te probeer verstaan uit die oogpunt van eie gedragswyses nie. Kennis van landeskunde is nie bloot 'n hulp om 'n ander taal te verstaan nie, maar ook om ander mense en ander kulture beter te verstaan.

Vir Landeskunde as 'n vak en vir wat die inhoud daarvan moet wees, is die volgende algemene stellings (waaroor die psigologie, filosofie en linguistiek dit eens is) van belang:

- 1 Taal as produk van die menslike gees is in diens van kommunikasie (daar is geen gemeenskap wat hom nie van tekens bedien nie);
- 2 'n Taal is 'n tekensisteem wat deur konvensie van 'n spraakgemeenskap tot stand gekom het, en
- 3 die taaltekens staan in noue betrekking tot die buitetalige (nie-talige) omgewing en tot mekaar.

Sonder om in te gaan op wat bedoel word met die 'betekenis' van die tekens, kan samevattend gesê word dat elke spraakgemeenskap met behulp van taaltekens sy omgewing orden en indeel en dat die tekens ingebed is in die gedrag van die gemeenskap van tekengebruikers (vgl. die werk van De Saussure). Dus het die teken betrekking op drie vlakke:

- 1) op die sintaktiese vlak is dit verbind met ander tekens;
- 2) op die semantiese vlak met nie-talige elemente, en
- 3) op die pragmatiese vlak met die mense wat dit gebruik (Erdmenger & Istel, 1973:13).

Uit die oogpunt van landeskunde is dit belangrik dat die taaltekens onlosmaaklik verbonde is met sowel die nie-talige elemente as met die mense wat die taal gebruik. Wie dus met 'n taal besig is, is onvermydelik ook besig met

landeskundige dinge. By die onderrig van 'n vreemde taal moet die kommunikasie-aspek van die taal so aanskoulik gemaak word dat dit ooreenstem met die werklike gegewens van die taalgemeenskap. Die semantiese vlak strek ook oor die nie-talige gedragsruimte waarin taal funksioneer. Onder die kommunikasie-aspek moet die agtergrond van 'n talige uiting duidelik wees sodat die uitspraak en die situasie 'n inhoudelike eenheid word om die semantiese kwaliteit van die talige van die situasie korrek te kan ontsluit (Erdmenger & Istel, 1973:14). Die implikasie vir die vertaler kom neer op wat Nida en Taber (1982:22-28) dinamiese ekwivalensie noem (vgl.2.3).

Die inhoud van landeskundige kennis vat Erdmenger en Istel saam as kennis op alle gebiede van die doelkultuur waarop die leerling van die vreemde taal homself een of ander tyd sal moet begewe (vir die vertaler is dit natuurlik heeltemal onbegrens). Dit sluit dus in gegewens oor die alledaagse leefwyse sowel as kennis van verskynsels op verskillende vlakke van die staat, aardrykskunde, maatskappy en administrasie (Erdmenger & Istel, 1973:14).

4.2 LANDESKUNDE IN WISSELWERKING MET DIE LINGUISTIEK

Verder toon Erdmenger en Istel ook aan (net soos Bassnett-McGuire, 1980:16 e.v., om maar een te noem) dat die kennis van die vreemde kultuur juis so belangrik word omdat die gebruik van die vreemde taal nie net neerkom op die vervanging van een nomenklatuur met 'n ander nie. Hoewel byvoorbeeld **Christmas, Weihnachten** en **Noël** gelyk gestel kan word wat betref die feite van Christus se geboorte en die datum van die fees, omvat elkeen van hierdie 'n hele stel eiesoortige konnotasies (1973:17). In dieselfde trant waarsku Newmark (1988:94) daarteen dat die meer universele terme (hy gee die voorbeelde **ontbyt** en **omhelsing**) skynbaar in vertaling die saak kan dek, terwyl dit nog geen kulturele beskrywing van die referent gee nie.

Dit is presies hierdie soort dinge wat veroorsaak dat vertaal werklik soos 'verraad' begin voel (vgl. die Italiaanse spreekwoord 'traduttori - traditori': Vertalers is verraaiers). Aan die ander kant is daar die onomstootlike feit dat elke goeie verhaal baie elemente bevat wat gemene besit is van alle mense, wat dit vertaalbaar maak. Dit beteken dat die vertaler die boodskap (in 'n kinderboek sekerlik die verhaal) die grootste prioriteit sal gee, verder sal besluit watter van die vreemde elemente in die boek 'n wesenlike rol speel, en dus

behoorlik geëksplisiteer moet word, en hom nie blind sal staar teen besonderhede wat nie presies klop nie, of 'n mate van vreemdheid behou nie.

In die vertaling van *Otje* wat hierby gaan, het die vertaler daarna gestreef om presies dit te doen. Daar is dus nie ten alle koste weggekram van al wat enigsins vreemd kan wees nie. Dit strook ook met die opvatting dat vertaalde kinderboeke vir die kind verbreding van sy horison kan bring (vgl. 3.4.1).

Veral op die gebied van die semantiek het landeskunde en linguistiek gemeenskaplike vrae en probleme (Erdmenger & Istel, 1973:18): In die soeke na die betekenis van talige uitdrukkingsvorme bedien die linguistiek hom van landeskundige verklaringswyses. Die noodsaaklikheid van Landeskundekennis vir betekenisontsluiting kan soos volg saamgevat word:

- 1 Taaluniversaliala laat kommunikasie toe op 'n algemene vlak waar daar min verskille is. Die woordeskat het betrekking op algemeen begryplike dinge. Kennis van landeskunde is hier nie noodsaaklik nie.
- 2 Die begrip van spesifieke en gedifferensieerde situasies en gedragswyse van 'n spesifieke taalgemeenskap met die taalmiddele wat daarby hoort, benodig die kennis van die landeskundige agtergrond waarop die taal betrekking het.
- 3 Begrippe wat 'n sekere stand van sake aandui wat in die buite-talige omgewing van die leerling (respektiewelik vertaler of leser van die vertaling) geen ekwivalent het nie, kan slegs met die hulp van spesiale, meesal landeskundige verklarings inhoudelik ontsluit word.

4.3 LANDESKUNDE IN WISSELWERKING MET DIE LITERATUUR

Literatuur en landeskunde staan in 'n veelvuldige wisselwerking tot mekaar. Dit kan soos volg getipeer word:

- 1 In soverre literatuur (benewens ander eienskappe) 'n talige uitdrukking is van gedagtes, is dit net soos taal self 'n kulturele getuie van 'n spesifieke taalgemeenskap, en dus op sigself deel van die veld van landeskunde.
- 2 Literatuur is as talige kunswerk ook kommunikasie, want dis gerig op 'n gehoor. Die uitsprake van literatuur het hoofsaaklik betrekking op die situasies en probleme van die eie kultuur, met ander woorde dit is, soos

taal, ingebed in 'n omgewing. Outeur en leser (aangesprokene) behoort meesal tot dieselfde taalgemeenskap. Landeskundige kennis kan dus vir die verstaan van literêre uitinge 'n wesenlike hulp wees. Dit help met begrip van die omgewing en so dus ook met begrip van wat die skrywer wil sê (Erdmenger & Istel, 1973:19).

Juis omdat daar in vertaling gewerk word met twee kultuurgemeenskappe en twee omgewings, is die logiese konsekwensie dat landeskundige kennis van die brontaalkultuur 'n essensiële hulpmiddel is by die vertaling van literêre werke. Dit is dus nie moontlik vir die vertaler om 'n benadering te volg waar die teks en niks anders as die teks (soos in die skool van die New Criticism) geld nie. Trouens, die blote feit dat hy as vertaler in twee tale werk (die doeltaal waarin hy moedertaalvlotheid moet hê, en die brontaal waarin hy (volgens House (1977:61) 'near-native speaker intuition' moet hê) beteken eintlik dat hy, om dit so te stel, in twee kulture beweeg, en so eintlik outomaties die landeskundige agtergrond het waarin die bronteks ingebed is, of in elk geval soveel kennis dat hy besef wanneer hy verdere navorsing nodig het. Hierdie kennis stel die vertaler in staat om die verskuilde inligting in die bronteks vir die leser van die vertaling te eksplisiteer. Die maniere waarop hy dit kan doen, word onder 4.4 bespreek.

Volgens Barthes (1964:32,34 en 1988:99) ontwikkel die samelewing voortdurend uit die primêre semantiese stelsel, die taal, 'n aantal sekondêre betekenisstelsels. Volgens Haffter (1984:30) is juis dit die terrein van die sosioliterêre problematiek. Hierdie sekondêre betekenisstelsels vorm 'n probleem vir die vertaler omdat dit slegs deur middel van konnotasies in die bronteks teenwoordig is.

Andersom, meen Erdmenger en Istel (1973:20-21), is dit eweneens waar dat die literatuur (as deel en uiting van die kultuur) ook 'n (toevallige) bron van landeskundige kennis is, en ook dikwels beskouinge bevat wat die onderwerp van landeskundige studie is.

4.4 DIE EKSPLISITEER VAN VREEMDE ELEMENTE DEUR DIE VERTALER

Met verwysing na Hoofstuk 3 oor die kinderboek waar die grade van aanpassings by die vertaling van 'n kinderboek genoem is, kan hier weer net daarop gewys

word dat die vertaler die moontlikheid van transponering (lokalisering in Klingberg se term) na 'n Suid-Afrikaanse milieu as beleid by die vertaling van Otje uitgeskakel het, asook die ander meer ingrypende moontlikhede, naamlik suiwering, modernisering en verkorting. Die vertaalprobleme wat wel in die proefskrif behandel word, kan almal tuisgebring word onder die hoof van kulturele konteksaanpassings. Newmark (1988:96) stel as algemene riglyn by die vertaling van kulturele elemente die twee houdings wat die vertaler moet probeer verenig, naamlik 'n respek ('recognition') vir die brontaalkultuur asook vir die ontwikkelingspeil van sy teikenlesers (wat in hierdie geval natuurlik kinders is.)

Soos in 4.3 uitgewys is, is die vreemde elemente in 'n verhaal een van die hoofbesware - en gevare - in vertaalde kinderboeke. Juis die feit dat dit vertaalde werk is, hou in dat dit uit 'n ander kultuur kom, wat onmiddellik die implikasie het van elemente wat vreemd is vir die kind van die doeltaalkultuur.

Haffter (1984:17 e.v.) wys daarop dat dit juis hier is waar die literêre en die sosiale ontmoet. Elke teks is ingebed in 'n besondere kultuur, en is dus die draer van sekere sosio-kulturele voorveronderstellings wat kommunikasie moontlik maak, en wat 'n sekere peil van ondervinding van en bekendheid met die doeltaalkultuur by die vertaler vereis. 'As eerste leser van die bronteks, moet die vertaler die basiese konnotasiestelsels eers behoorlik vaspen' (Haffter, 1984:18). Wanneer die vertaler dus te staan kom voor so 'n element wat onbekend is aan die doeltaalkultuur, is dit sy taak om die semantiek van die bronteks te abstraher en te eksplisiteer.

Volgens Haffter is daar drie basiese metodes waarop dit gedoen kan word, naamlik:

- * deur die **daarstelling van 'n stelsel van doeltreffende konnotatiewe kultuurbegrippe in die doelkultuur**, wat neerkom op 'n verstelling (herskepping) tot iets met dieselfde assosiasie as die bronteks;
- * deur die **invoeging van metateks**, en
- * deur **verwerking ('adaptation')** waar die stelsel/ situasie vervang word met iets wat ongeveer parallel is in funksie in die doeltaalkultuur.

Klingberg (1986:18) gee ook nege maniere om kulturele konteksaanpassings te bewerk: Hy noem **bygevoegde verduidelikings** en **herbewoording** sowel as **verduidelikings buite die teks** om, wat almal as Haffter (1984:26) se

metatekstuele elemente saamgevat kan word. Dan noem hy verduidelikende vertaling: die funksie of gebruik van die kulturele element word aangegee sonder gebruik van die vreemde naam daarvoor. Dit korrespondeer met Haffter se verwerking tot iets met 'n parallelle funksie (en Newmark se **cultural equivalent**). Wat Haffter konnotatiewe kultuurbegrippe in die doelkultuur noem, gee Klingberg aan as 'substitution of an equivalent / 'rough equivalent in the culture of the target language'. Die aanpassings ten opsigte van landeskunde-probleme wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het hierdie metodes as basis.

Klingberg noem ook nog vereenvoudiging en weglating, wat egter in onderstaande analises onder ander metodes tuisgebring is (vgl.4.5.1.2 en 4.5.1.7).

4.5 VOORBEELDE UIT DIE VERTAALDE TEKS

Klingberg (1986:17-55) behandel breedvoerig met baie voorbeelde 'n hele aantal kulturele kontekstaanpassings onder sekere rubrieke na gelang van die landeskundige stof. Dit is hier nie gedoen nie, aangesien hier uitgegaan is van die tipe oplossing wat vir die vertaalprobleem gevind is. Onder elke tipe is die voorbeelde in begripkategorieë gerangskik, byvoorbeeld bome en geboue. Vir die metode van verwysing, kyk 1.4.

4.5.1 Die invoeging van metatekstuele elemente

Haffter (1984:26) behandel twee soorte metatekstuele elemente waarvan 'n vertaler gebruik kan maak om kultuurvreemde dinge in die bronteks duideliker te maak vir die leser van die vertaalde teks. Aangesien die een soort, dié wat nie met die doelteks saamsmelt nie, glad nie ter sprake kom in die vertaling van Otje nie, word dit nie hier bespreek nie.

Die metatekstuele elemente wat met die doelteks saamsmelt, is die sogenaamde klassifiseerders. Dit hou in dat die vreemde naam behou word in die doelteks, maar dat 'n verduidelikende term bygevoeg word, 'n algemene woord wat die leser in staat stel om die vreemde element te 'plaas', hoewel hy miskien nog steeds nie weet presies hoe dit lyk nie. As die begrip 'amētis' byvoorbeeld vir 'n sekere doelkultuur onbegryplik sou wees, kan daarby gevoeg word 'n soort edelsteen'. Dit word bloot in die teks ingevoeg, smelt daarmee saam en is nie vir die leser hinderlik soos voetnote sou wees nie.

4.5.1.1 Boomname

- 1.7 Daarachter stonden hoge bomen, **kastanjes en beuken** : Daaragter het hoë bome gestaan, **kastaiings en beuke**.
- 1.25 op een tak van de **lindeboom** zat een levende lijster : op 'n tak van die **lindeboom** sit 'n lewendige lyster

In albei hierdie voorbeelde, sowel as 'n verdere een (158.23) was dit nie nodig om 'n klassifiseerder in te voeg nie, aangesien daar reeds een in die teks was. Hoewel die vertaler bewus is daarvan dat Afrikaanse kinders nie sal weet hoe kastaiings en beuke lyk nie, is dit duidelik dat groot bome bedoel word. Enige mens lees immers ook onvertaalde tekste in sy moedertaal waarvan hy nie noodwendig elke woord begryp nie. Hoeveel mense wat met genot die boeke van Dalene Mathee lees, weet hoe lyk 'n vlier of selfs 'n stinkhoutboom? Newmark (1988:95) wys daarop dat hoe meer spesifiek taal word oor natuurlike verskynsels, (bv. flora en fauna) hoe hegte is dit ingebed in die kultuur, en hoe moeiliker vertaal dit. Dus stel hy (1988:98) dit as beleid dat 'the species of flora and fauna...are not translated unless they appear in the SL and TL environment'.

Klingberg (1986:40) beveel ook aan dat in die reël 'natural concepts should be retained, not replaced by others more common in the country of the target language'. Wanneer die vertaler aanvaar dat 'n sekere plant of dier vreemd is in die doeltaalkultuur, moet hy op of een of ander manier 'n verduideliking gee, maar nie die spesie vervang met 'n ander een nie. Natuurlik moet ook oorweeg word hoe belangrik die rol van die vreemde dier of plant is. Soms is 'n vereenvoudiging heeltemal voldoende (Klingberg, 1986:41).

4.5.1.2 Voëlname

- 1.1 **Hotel de Koperwiek** : Die Koper Lyster Hotel
- 1.9 bomen... vol met zingende **lijsters** en **merels** en daarachter begon het bos, waar de **eksters** woonden en de **roeken** : vol singende **lysters van allerhande soorte.....** waar die **eksters** en die **kraaie** gewoon het
- 47.11 Kwark vloog voorop met Toep, de **mus**. En achter hen kwamen **spreeuwen, merels, piepers, gorzen** en **kwikstaarten** : Kwark het

vooraan gevlieg saam met Toep, die mossie. En agter hulle was die spreeus, swart lysters, lewerikies, vinke en kwikstertjies.

161.17 Vogels waren er genoeg.... Lijsters en merels en vinken en mezen :
Voëls was daar genoeg... Allerhande soorte lysters en vinke en mese.

Al hierdie voorbeelde bymekaar bevat 'n hele aantal voëlname wat vir die Afrikaanse kind vreemd is. Die heel eerste hoofstuk begin trouens met die opskrif **Die Koper Lyster Hotel**. 'n Lyster is wel 'n bekende voëlsoort in Suid-Afrika, hoewel die name van al die verskillende soorte nie almal ewe bekend is nie. Daar is besluit om dit nie te transponeer na iets heeltemal anders nie, aangesien voëls in die hele verhaal en in hierdie hoofstuk spesifiek ook 'n lyster, 'n belangrike rol speel (vgl. die ontleding in 7.2.1).

Die voorbeeld uit 1.9 bevat reeds in die teks 'n gedeeltelike verklaring in die woord **singende** en die feit dat hulle in die bome is. **Eksters** is vreemd, maar tussen **lysters** en **kraaie** wat bekend is, binne hierdie konteks, behoort die meeste kinders dit as 'n voëlsoort te aanvaar. **Roeken** is vertaal met **kraaie**. Daar word dus nie onderskeid gemaak tussen hulle en **Kwark die kraai** wat later verskyn en 'n belangrike karakter word nie. Hier, sowel as in die geval van **lijsters** en **merels** in dieselfde voorbeeld, en ook in 161.17, is gebruik gemaak van die soort aanpassing in vertaling wat Langeveld (1986:83) **generalisasie** noem en Klingberg (1986:18) **simplification**: **Merels is swart lysters**, maar dit is vir die begrip van die verhaal beslis nie nodig om dit uit te spel en as resultaat 'n baie lomp vertaling te kry nie. In plaas daarvan word 'n meer algemene, omvattende vertaling gebruik (**allerhande soorte lysters**) wat dieselfde kommunikatiewe doel kan dien.

In die voorbeeld in 47.11 het ons 'n soortgelyke geval. In die paragraaf wat direk voorafgaan aan die voorbeeld, kry die leser al 'n aanduiding wanneer daar gepraat word van **al die voëls van die bos**. Tussen die (vir die Suid-Afrikaanse kind) bekende **mossies**, **spreeus** en **kwikstertjies** staan in die Nederlandse teks **gorzen** en **piepers**. Dit blyk by nadere ondersoek deur die vertaler dat 'n **gors** 'n soort **vink** is en 'n **pieper** 'n soort **lewerik**. Weer is die algemene term hier gekies omdat dit in Afrikaans bekend is en die spesifieke soort nie van werklike belang is nie. Die spesifiseer daarvan sou 'n baie lomp vertaling tot gevolg hê. Skynbaar teenstrydig hiermee is tog gekies om **merels** hier weer te gee met **swart lysters**. Aangesien die lysie voëls in die Nederlandse paragraaf nie weer **lijsters** en **merels** bevat nie, kon nie weer van die oorkoepelende vertaling **allerhande**

soorte lysters gebruik gemaak word nie. Verder lyk dit of die skryfster graag die bonte verskeidenheid wou beklemtoon in hierdie geval, en of swart lysters hierdie doel goed dien.

In die voorbeeld in 161.17 word in die vertaling gepraat van mese. Hoewel miskien nie so algemeen bekend nie, word in Suid-Afrika 'n hele paar soorte mese aangetref (die familie *paridae*). Uit die konteks is dit in elk geval oorduidelik dat 'n voëlsoort bedoel word.

4.5.1.3 Geld

- 51.57 een briefje van honderd gulden : 'n honderd gulde noot (dieselfde in 53.48)
- 52.19 Het is geld. En geld wegpikken mag niet. : Dit is geld. En om geld te gaps, is verkeerd.
- 77.14 het zal toch tegen de duizend gulden aan liggen : dit sal seker so ongeveer duisend gulde wees.
- 79.44 Ik kan je vijftwintig gulden per dag geven : Ek kan jou vyf-en-twintig gulde per dag betaal
- 86.30 Weet je wel dat een nachtje slapen in zo'n kamer honderd gulden kost? : Weet jy dat een nag se slaap in so 'n kamer honderd gulde kos?
- 94.27 Mag ik jullie wat geven? Een tientje? : Kan ek vir julle iets gee? Tien gulde ?
- 120.56 Hier is een gulden, denk erom dat je vijf cent terugkrijgt : Hier is 'n gulde. Onthou dat jy vyf sent kleingeld moet kry.
- 131.16 Ik heb er tien gulden voor betaald : Ek het tien gulde daarvoor betaal

Sowel Haffter (1984:20) as Newmark (1988:218) beveel sterk aan dat geld in 'n vertaling uitgedruk moet word in die eenheid wat gebruik word in die land van die doeltaalkultuur. Dit is hier nie gedoen nie. Dit sou beslis moontlik gewees het om gewoon gulden met rand weer te gee, hoewel dit natuurlik nie presies ekwivalent in koopwaarde is nie, en boonop ook nog wissel in korrektheid soos die waarde van die geld wissel.

Klingberg (1986:55) noem egter as 'n besliste moontlikheid die behoud van die geldeenheid van die vreemde kultuur, maar natuurlik in die spelling van die doeltaal (Nederlands: **gulden**, Afrikaans: **gulde**). Hy is gekant teen die omwerk tot die doeltaalkultuur se geldeenheid, aangesien die wisselkoerse so veranderlik is.

Die vertaler was van mening dat in elkeen van die voorbeelde wat aangehaal word, die situasie deursigtig genoeg is. Die eerste twee voorbeelde hierbo (51.57 en 52.19) moet as 'n eenheid gesien word. Dit is die lesers se eerste kennismaking met die woord **gulde**, en wanneer Otje baie bly is oor die noot wat die voëls aangedra het, sê Tos baie uitdruklik dat dit **geld** is, en hulle dit om daardie rede nie kan hou nie. Na hierdie kennismaking met die **gulde** eksplisiet as **geld**, aanvaar die vertaler dat verdere eksplisitering nie nodig is nie. In elkeen van hierdie situasies is daar elemente in die teks wat as klassifiseerders funksioneer - woorde soos **noot**, **geld**, **betaal**, **kos**, **kleingeld**, **sent**. Hier is dus 'n voorbeeld van hoe die vertaalde boek vir kinders nuwe kennis bybring (vgl.3.4.1). Wat natuurlik ontbreek vir die kinderleser is 'n idee van die waarde wat die betrokke **geld** sou hê.

4.5.1.4 Geboue en hul inrigting

- 104.27 naar een straat waar Tos en Otje in een **portiek** stonden te wachten : 'n straat waar Tom en Ottie onder 'n **portiek**, dit is 'n toegeboude boog by die ingang van 'n gebou, staan en wag
- 112.3 Ottie zat in een **portiek** te schuilen : Ottie sit in 'n **portiek**, dit is 'n toegeboude boog by die ingang van 'n gebou waar sy skuil teen die reën.
- 112.11 Twee nachten hadden Tos en Otje in een **portiek** geslapen. : Twee nagte het Tom en Ottie al in 'n **portiek** geslaap
- 112.36 Nu moeten we vannacht weer in een **portiek** : Nou moet ons vannag weer in 'n **portiek** slaap
- 112.55 Hij liep driftig heen en weer in die nauwe **portiek** : Hy loop ontsteld heen en weer in die nou **portiek**

'n **Portiek**, soos dit hier bedoel word, is 'n oordekte ingang (vgl. die Eng. **porch**). Die Afrikaanse woord wat eerste by 'n mens opkom, is **veranda**. Dit blyk egter uit sowel die tekening op p.112 van die oorspronklike boek as uit die verhaal dat daar twee belangrike verskille is tussen 'n **portiek** en 'n **veranda**. Eersgenoemde is toegebou aan die kante en net effens breër as die deuropening. 'n Veranda strek gewoonlik langs die hele front van 'n gebou/huis en is heeltemal oop behalwe vir die pilare waarop dit rus. Om die ekso-kulturele **portiek** bloot te vervang met die endo-kulturele **veranda** sou probleme oplewer vir die verhaal-organisasie (vgl. die gebruike in 112.11 en 112.55 hierbo).

Die opweeg van die verskillende moontlikhede vir die vertaling kan ook deur middel van **komponentanalise** gedoen word. Daar moet wel op gelet word dat komponentanalise in vertaling nie presies dieselfde is as in die linguistiek nie. In linguistiek word dit gebruik om die verskillende betekenis van 'n woord op te deel in betekenis-komponente wat dan universeel kan wees of nie. In vertaling bestaan die basiese proses uit die vergelyking van 'n brontaalwoord met een of meer doeltaalwoorde wat soortgelyke betekenis het, maar nie duidelike een-tot-een-ekwivalente is nie, deur hulle ooreenstemmende en verskillende betekenis-komponente uiteen te sit (Newmark, 1988:114, vgl. ook Nida, 1975). Dit word gewoonlik gedoen soos in die tabel hieronder, of, wanneer moontlik, met 'n aanduiding van + of - by verskillende eienskappe (vgl. die komponentanalise van **plantsoen** en **park** onder 4.5.3.4).

Benaming	Eienskappe			
	breedte	dak bokant	sykante	straatfront
portiek	slegs iets meer as deur	toegedebou	toegedebou	deels toegedebou
veranda	hele straatfront van gebou	meesal sindak	oop	oop met pilare
stoep	meesal hele straatfront	soms/soms nie	oop	oop

Hieruit blyk dit duidelik dat dit nie moontlik is om **portiek** in die vertaling te vervang met **veranda** of **stoep** nie

In die voorbeelde uit die vertaalde teks hierbo is 'n verduidelikende deel ingevoeg wanneer die woord **portiek** vir die eerste keer voorkom. Dit is by die tweede keer herhaal, aangesien daar agt bladsye tussenin verloop, en die kinderleser al maklik die vreemde woord kon vergeet het. Daarna word die woord as 'bekend' behandel. (Hierdie metode van vertaling met behoud van die brontaalwoord, noem Newmark (1988:96 e.v.) **transference**, wat dan dikwels gepaard gaan met invoeging van een of ander verduidelikende deel, wat Newmark **coupling** noem.) Die verduideliking in die paragraaf direk na die aanhalings uit die teks hierbo is uiteraard te breedvoerig om in die teks in te voeg. Indien die vertaling ooit gepubliseer sou word, sou die **illustrasie** waarna hierbo verwys is, natuurlik ook baie bydra tot die begrip van die vreemde woord.

106.31 ze kan me helpen in de **keuken**... of hoe heet dat op een schip... de **kombuis** : sy kan my help in die **kombuis**..... of wat 'n mens dit ook al noem op 'n skip

In werklikheid gaan dit hier nie om 'n vreemde ding nie, maar om twee nou verwante dinge, 'n **kombuis** en 'n **skeepskombuis** wat in die brontaal op twee afsonderlike name genoem word. Dit is dus wel 'n kulturele verskil. (Die Afrikaanse woord verrai selfs die kultuurhistoriese agtergrond van die eerste bewoners van die land wat matrose was.) Die invoeging van die teks wat hier aangebied word, moet dien om die plek in te neem van die tweede term wat in die bronteks ter sprake was, maar noodgedwonge weggelaat moet word. Daar is nog een voorbeeld van weglating wat gepaard gegaan het met die invoeging van 'n klassifiseerder:

19.5 Aan de ene kant lag de wijn in **rekken** Aan de andere kant stond de voorraad blikjes op **planken** : Aan die een kant het die bottels wyn op **wynrakke** gelê..... Aan die ander kant was die voorraad blikkies op **rakke**.

Soos in die vorige voorbeeld, is hier twee effens verskillende dinge waarvoor in Afrikaans net een benaming (**rak**) bestaan. Die Nederlandse **rek** dui iets aan wat ook bedoel is om goed in of op te bêre, maar is oper, meer van latwerk,

byvoorbeeld wijnrek, wasgoedrek, sleutelrek. Om die onderskeid aan te dui, is hier 'n klassifiseerder gebruik in die woord **wynrak**.

4.5.1.5 Tafelgebed

24.33 de heer aan het hoofd van de tafel zei: 'Mag ik om een ogenblik stilte verzoeken?' : die heer aan die hoof van die tafel sê: 'Kan ons vir 'n oomblik stilte kry vir 'n tafelgebed?'

Die gebruik in baie Nederlandse huise is dat elkeen in stilte bid voor ete. Dis wat bedoel word as daar een ogenblik stilte versoek word. Afrikaanse kinders is gewoon dat hardop gebid word aan tafel. Dus sal die vertaling vir hulle onverstaanbaar wees sonder die invoeging van die klassifiseerder vir 'n **tafelgebed**.

Hierdie probleem sou ook op 'n ander manier opgelos kon word, naamlik deur die hele situasie te vervang met 'n parallelle een in die doeltaalkultuur. Dan kon die vertaling gelui het: die heer aan die hoof van die tafel sê: 'Laat ons bid....'

4.5.1.6 Inkopies

35.33 Ik heb nog een beetje geld voor **boodschappen** : Ek het nog 'n bietjie geld vir **kleinigheidjies**

51.36 een **boodschappenlijstje** : 'n **inkopielys**

121.10 Ze had al dikwyls **boodschappen** gedaan voor de tantes : Sy het al dikwyls **inkopies** gedoen vir die tantes

120.54 Ga nu eerst maar eens een **boodschap** voor ons doen : Gaan nou eers gou vir ons **winkel** toe

Die Nederlandse gewoonte om daaglik 'n klein aantal inkopies te doen, soos die vleis en groente vir die dag, word aangedui deur die uitdrukking **boodschappen doen**, wat nie 'n direkte ekwivalent in Suid-Afrika het nie, nóg in die gewoonte, nóg in die taal. Bowendien kan die woord soms die handeling aandui en soms die resultaat daarvan. Vandaar die (verskillende) verduidelikende vertalings by

35.33 en 120.54. In die voorbeelde 51.36 en 121.10 word dit gewoon weergegee met inkopies (doen).

4.5.1.7 Tydskrifte

16.33 Ineens herinnerde Otje zich dat er een stapel oude **Margrieten** in de hoek lag : Meteens onthou Ottie dat daar 'n stapel ou **tydskrifte** in die hoek lê.

Hier is die naam van die tydskrif wat in die doelkultuur onbekend is, eenvoudig weggelaat, aangesien dit verder van geen belang is in die verhaal nie, en vervang deur 'n klassifiseerder **tydskrifte**.

4.5.1.8 Vreemdetaalelemente in die bronteks

6.31 Tos luisterde en zei: 'Aha. Ja ja, wie wie.' : Tom luister en sê: 'Ooo. Ja, ja, whie, whie. (So klink die Franse woord vir 'ja'.)

Die skryfster van die bronteks het waarskynlik aanvaar dat die Nederlandse kinderleser óf die klank van die Franse **oui** ken, óf dit uit haar teks sal kan aflei. Die vertaler het dit nodig gevind om 'n verduidelikende sinnetjie in te voeg. Met die sin wat direk daarop volg, was dit egter nie weer nodig nie, omdat dit die gebaar van kopskud insluit wat in die twee kulture dieselfde konnotasie het en omdat dit deur die voorafgaande in konteks geplaas word:

6.32 Maar toen schudde hij zijn hoofd en riep: '**Non non non!**' : Maar toe skud hy sy kop en roep: '**Non, non, non!**'

Ook die daaropvolgende deel waar Tos moet tolk, is in 'n groot mate selfverduidelikend, sodat dit slegs nodig was om die een verduidelikende woord in die Nederlands uit te brei tot 'n sinnetjie in die vertaalde teks (6.43):

- 6.38 'Ze hebben geen grieven,' zei Tos. 'Ze willen grieven eten.' :
 'Hulle het nie griewe nie,' sê Tom. 'Hulle wil griewe eet.'
 'Grieven eten?' : 'Griewe eet?'
- 6.43 "'Grives",' zei Tos. 'Lijsters. In Frankrijk eten ze lijsters.' :
 "'Grives",' sê Tom. 'Dis die Franse woord vir lysters. In Frankryk
 eet die mense lysters.'

Wanneer meneer Pardoes dan begin om self 'n paar Franse woorde tussenin te gooi, word dit aanvaar dat hy en die lesers nou min of meer ewe veel van Frans af weet en word die een woord wat nog nie verduidelik is nie (*naturel*), in die vertaalde teks net soos in die bronteks gelaat.

Vergelyk ook die vertaling van *Vwala* (68.36) soos dit bespreek word onder 4.5.3.1. Dieselfde motivering wat daar genoem word, geld ook vir die vertaling van

142.38 **Adieu : Good-bye.**

In die volgende voorbeeld is die Engels in die bronteks weergegee met ander Engelse woorde in die vertaling, omdat die vertaler van mening was dat dit as uitdrukking meer bekend sou wees vir die jong leser:

134.18 Ik ben **hurrie-up** hier naar toe gevlogen : Ek het **one two three** so
 vinnig as ek kon hiernatoe gevlieg.

4.5.2 Verstelling tot iets met dieselfde assosiasie

4.5.2.1 Kossoorte

3.13 om hem heen lagen gebroken borden en schalen, visgraten, kippebotjes, slierten **bami** en nog veel meer : rondom hom lê gebreekte borde en skottels, visgrate, hoenderbeentjies, **toue spaghetti** en nog baie ander goed.

Hierdie tipe oplossing noem Klingberg (1986:18) 'a rough equivalent'.

Bami is 'n soort Sjinese pasta wat in Suid-Afrika min of meer onbekend is. Die verstelling tot **spaghetti** is bedoel om dieselfde assosiasie te hê van 'n soort kos

wat in slap toue voorkom. Daar is teen die gebruik van die Afrikaanse woord **sliert** besluit omdat dit so sterk met hare geassosieer word, en tweedens ook miskien buite kleiner kinders se woordeskat val.

155.42 een lading **knakworstjes** voor het grote feest : 'n vrag **rooiworsies** vir die groot fees

Die kenmerke wat in hierdie verstelling nagestreef is, is die gewone grootte van die worsies, en die assosiasie van die tipe kos wat 'n mens by kraampies koop. **Knakworst** het ongeveer dieselfde afmetings as **rooiworsies**, is wel ligter van kleur, en word met dieselfde tipe van ete geassosieer. Hierdie tipe vertaling noem Newmark (1988:83) a **cultural equivalent** wat hy ook beskryf as an **approximate translation**.

4.5.2.2 Amptelike dokumente

44.5 Mag ik vragen hebt u een **wandelkaart**? : Mag ek vra of u 'n **wandelkaart** het?

44.12 Mag ik dan wel even uw **kampeervergunning** zien? : Kan ek dan asseblief u **kampeerpermit** sien?

Die woord sowel as die begrip **wandelkaart** is vreemd vir die Suid-Afrikaanse kind. Die vertaler behou dit by gebrek aan 'n geskikte substituu, en ook omdat dit geleidelik duideliker behoort te word: eerstens deur Tos se verduideliking dat hulle nie so baie wandel nie (met ander woorde hulle het nie regtig verlot nodig om dit te doen nie) en tweedens deurdat direk daarna daar gevra word na 'n **kampeerpermit** - waar **permit** 'n meer bekende begrip is.

4.5.2.3 Vervoermiddels

1.9 Er stonden geen auto's, behalve het oude **bestelwagentje** van de kok : Daar was geen motors voor die deur nie, net die kok se ou **stasiewaentjie**

Tos se bestelwagentje speel 'n uiters belangrike rol in die hele verloop van die verhaal. (Dit kom deurgaans voor, daarom word net die eerste verwysing hier aangegee.) Dit is dus belangrik om 'n vertaling te kry wat vir die kinderleser begryplik en aanvaarbaar is en maklik lees. Dit lewer 'n vertaalprobleem op in die sin dat dit 'n soort voertuig is wat nie algemeen in ons land voorkom nie. Onderstaande tabel probeer met behulp van komponentanalise aantoon watter eienskappe ter sprake is.

Benaming	E I E N S K A P P E				
	Rye Sitplekke	Vensters	Deure	Sykante	Grootte
Bestelwagen	1	slegs kajuit	kajuit +2 reg agter	toe	kleinerig
Trokkie of Bakkie	1	slegs kajuit	kajuit	oop + dakloos agter	medium tot groot
Paneelwa	1	slegs kajuit	kajuit +1 aan kant / agter	toe	groot
Afleweringwa	1	slegs kajuit	kajuit +2 reg agter	toe	medium tot groot
Kombi	3 tot 4	rondom	kajuit + 1 sy 1 agter	vensters	groot
Stasiewa	2 of meer	rondom	2/4aan kante 1 agter	vensters	medium tot groot

Uit hierdie ontleding blyk dat **afleweringwa** in die meeste opsigte ooreenstem met **bestelwagen** behalwe dat die tipiese Nederlandse **bestelwagen** kleiner is as die **afleweringwaens** in Suid-Afrika.

Die vertaling **stasiewa** is nogtans gekies omdat dit eerstens vir kinders 'n meer bekende begrip is (**afleweringwa** word nie so dikwels gehoor nie) en tweedens omdat dit 'n korter woord is en dus minder lomp en ook lekkerder vir voorlees. Daar is dus ook addisionele oorwegings, naas die feite wat deur die

Die vertaling *stasiewa* is nogtans gekies omdat dit eerstens vir kinders 'n meer bekende begrip is (*afleweringswa* word nie so dikwels gehoor nie) en tweedens omdat dit 'n korter woord is en dus minder lomp en ook lekkerder vir voorlees. Daar is dus ook addisionele oorwegings, naas die feite wat deur die komponentanalise aan die lig gebring word, en 'n interaksie van faktore wat 'n rol speel by die uiteindelijke keuse van die vertaler.

Die feit dat in hierdie hoofstuk slegs drie voorbeelde van komponentanalise gegee is, beteken ook nie dat dit slegs by uitsondering aangewend word nie. In werklikheid doen enige vertaler dit min of meer intuïtief. Dis slegs by meer ingewikkelde gevalle dat dit nodig word om dit werklik op papier uit te werk. Hierdie drie is by wyse van illustrasie aangegee.

123.10 Ik geloof zelfs dat ik een mandje heb gezien dat ze boven op alle rommel had gezet op haar **bakfiets** : Ek verbeel my tot dat ek 'n mandjie gesien het wat sy bo-op al die rommel gesit het op haar **bakfiets**.

Hoewel die woord *bakfiets* nie in algemene gebruik is in Afrikaans nie, kom dit nietemin voor in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal en is dit so volkome deursigtig in die konteks, dat dit bloot so gebruik is. Die saak self is bowendien goed bekend ('n melkfiets of roomyskarretjie), wat onmiddellik die begrip vergemaklik. Trouens, dit is die vertaler se mening dat ons hier te doen het met 'n woord wat goedskiks 'n bietjie beter gepropageer kan word, aangesien dit 'n werklike behoefte vervul. Ook hier sou die illustrasie wat in die bronteks verskyn, 'n verdere bydrae kon lewer tot begrip.

4.5.2.4 Plasse en mere

70.3 Al een paar weken stond de bestelwagen aan de oever van de **Kokkelse plas** : Vir 'n paar weke lank staan die *stasiewa* nou al aan die kant van die **Kokkelse meer**.

Die benaming kom ook nog voor in 144.44; 145.11; en 155.3.

Nederlands ken sowel **plassen** as **meren**. Daar is 'n tegniese verskil tussen die twee. Die definisie van **plas** in die woordeboek van Koenen en Endepols lui: 'een wijde uitgestrektheid water, een grote watervlakte'. Daarteenoor word **meer** gedefinieer as: 'natuurlijk waterbekken van alle kanten door land ingesloten'. 'n Meer is dus dieper as 'n plas, maar albei is nogal groot in oppervlakte, en op albei word met seilbote gevaar. Aangesien die begrip **meer** tog bekend is in Afrikaans, en die verskil vir die doeleindes van die verhaal weglaatbaar is, word die vertaling **Kokkelse meer** aangebied. Vir die byvoeglike naamwoord **Kokkelse** vergelyk 7.2.1. oor plekname.

4.5.2.5 Eiename

Die hele Hoofstuk 7 is gewy aan eiename, waarvan sommige wel steun op assosiasies wat deur die vertaler in die doeltaal herskep moet word. Hier word slegs een voorbeeld gegee wat ook kennis van landeskunde betrek:

135.11 **hoofdverpleegster zuster Snijbiet : hoofverpleegster Suster Spinasië.**

Die suster word geteken as 'n streng en onsimpatieke figuur. **Snijbiet** is 'n soort beet waarvan die blare soms afgesny word en as moesgroente gekook word. Dit is meesal nie gewild by kinders nie. Om die onbekende groentesoort te vervang met een wat wel bekend is, maar 'n ewe ongewilde assosiasie het, is **spinasië** gekies.

4.5.2.6 Titels

139.37 **Zuster Snijbiet bekeek het kaartjie. Er stond op: Dr. H. van Zwavel. Referendaris Departement van Algemene Zaken : Suster Spinasië bekyk die kaartjie. Daarop staan: Dr. H. van Zwavel, Direkteur Departement van Algemene Sake.**

'n **Referendaris** is (o.a.) die titel van die hoofamptenaar van 'n departement in Nederland. Ofskoon dit waarskynlik nie 'n presiese ekwivalent is nie, is **direkteur** gekies om dieselfde assosiasie van belangrikheid op te roep. Die assosiasie is in hierdie konteks belangriker teksinformatie as die presiese ekwivalent van die titel. **Departement van Algemene Zaken** was in Nederlands bedoel om belangrik te klink maar niksseggend te wees. Ongelukkig kan die Afrikaanse leser 'n ander konnotasie (algemene en eie sake) daaraan heg. Dit is om twee redes tog nie verander nie: Kinders van die ouderdom wat **Otje** sal lees, weet waarskynlik nog nie eers van die verskil nie, en tweedens is dit vinnig besig om in onbruik te verval.

37.22 Mijn baas, **wachtmeester Jansen**, is van plan om hier te komen en jullie te bekeuren. : My baas, **Sersant van der Merwe**, is van plan om hiernatoe te kom en julle te beboet.

'n **Wachtmeester** is 'n onderoffisier. Sonder om presies in te gaan op rangestruktuur, is **sersant** gekies om as naaste ekwivalent te dien wat ook dieselfde tipe assosiasie sal oproep en waarskynlik bekend genoeg is onder Suid-Afrikaanse kinders (vir die eienaam kyk verder onder 7.2.2.1).

4.5.2.7 Die gebruik van 'asseblief'

33.27 'Zal ik een kopje thee zetten?' '**Ja,**' zei Tos : 'Kan ek vir jou 'n koppie tee maak?' '**Ja, asseblief,**' sê Tom.
85.2 'Nummer 17 **graag.**' : 'Nommer 17 **asseblief.**'

Om iets wat aangebied word, met 'n blote 'ja' te aanvaar, word in Nederlands nie as onbeleef ervaar nie. Daarom moet **asseblief** in Afrikaans ingevoeg word om 'n ekwivalente vertaling te verkry (vgl. die aanhaling uit Lado onder 4.1) Die mees algemene vorm in die brontaalkultuur is ongetwyfeld die gebruik van **graag**. Hiervan is daar net een voorbeeld uit **Otje** (85.2 hierbo).

138.55 'Heel stil zijn allemaal' : '**Bly asseblief almal doodstil.**'

'n Beleefde versoek met die infinitief in Nederlands korrespondeer baie goed met 'n Afrikaanse bevelvorm + asseblief.

80.15 'En hoepel nu op.' : 'En waai nou asseblief.'

Die Nederlands is 'n informele, half-vriendelike opdrag. Behalwe dat in Afrikaans 'n opdrag dikwels deur asseblief vergesel word, is dit hier ook ingevoeg om die ritme van die sin te verbeter.

44.12 Mag ik dan wel even uw kampeervergunning zien? : Kan ek dan asseblief u kampeerpermit sien?

126.53 Mag ik even uw papieren? : Kan ek asseblief u papiere sien?

139.48 Mag ik even de uitslagen bekijken? : Kan ek asseblief na die uitslag kyk?

140.7 Mag ik ze even zien? : Mag ek hulle asseblief sien?

Hierdie vier voorbeelde kom almal neer op die vervanging van *even* met *asseblief* in die vertaling. Al vier gevalle is van persone wat in amptelike hoedanigheid optree, dus formeel beleef met die publiek praat. Hulle is: die beampte van natuurbewaring (44.12); die polisieman (126.53) en meneer Pijpetoon wat hom voordoen as 'n 'referendaris' (139.48 en 140.7). Om dieselfde assosiasie van formaliteit en beleefdheid te behou, is in Afrikaans gehou by die vorme *u* en *asseblief*. (Dit beteken egter beslis nie dat *even* oral met *asseblief* vertaal is nie. Vergelyk as een voorbeeld uit 'n groot aantal:

138.35 'Even stil!' riep meneer Pijpetoon : 'Bly 'n bietjie stil!' roep meneer Pypedans).

In bostaande agt voorbeelde is *asseblief* dus telkens ingevoeg in die vertaling. Daar is egter ook nege voorbeelde opgespoor waar in die bronteks die woord *alsjebliet* / *astubliet* gebruik is (6.20, 14.24, 22.11, 41.30, 53.42, 92.11, 122.39, 138.9, en 140.25). By nadere ondersoek blyk dit dat elkeen van hierdie 'n voorbeeld is van smeking (een selfs van gebed) in 'n benoude situasie. Dit is uiteraard ook in die vertaalde teks met *asseblief* weergegee. Die verskil tussen

die twee kulture se gebruik van asseblief wortel dus blykbaar in die intensiteit van emosie of afwesigheid daarvan. Omdat dit in die Nederlandse kultuur geassosieer word met smeking, word dit dus nie gebruik in alledaagse situasies soos die eerste vier voorbeelde wat hierbo onder 4.5.2.6 aangehaal is nie.

4.5.3 Verwerking tot 'n parallelle stelsel of situasie

4.5.3.1 A(l)sjebliëft (Voilà)

- 51.23 Al het papier werd aan de voeten van Tos neergelegd. 'Alsjeblieft,' zei Kwark plechtig. : Al die papiere word by Tom se voete neergesit. 'Dis vir jou,' sê Kwark plegtig.
- 72.15 'Ik ben door het raam gevlogen en asjeblieft.' Hij trok zijn poot weg en Otje bekeek het papier. : 'Ek het deur die venster gevlieg en hier het jy hom nou.' Hy trek sy poot weg en Ottie bekyk die papier.
- 68.36 'Vwalà,' zei de kat : 'Here you are,' sê die kat.

Die vorme alsjeblieft en asjeblieft word hier gebruik as 'n beleefdheidsuiting by die aanbied van iets. Dis 'n gewoonte wat in die meeste Europese lande bestaan, vergelyk Duits bitte, Italiaans ecco, Frans voilà, maar wat in Afrikaans volkome afwesig is. Ten einde nie die hele sin weg te laat nie, is telkens iets aangegee wat min of meer dieselfde fatiese funksie het. In die voorbeeld in 68.36 word die Franse woord (met Nederlandse spelling) gebruik, en omdat dit as vreemde woord uitstaan in die teks, word as ekwivalente vertaling die Engels Here you are aangebied. Die Engels sal vir die Afrikaanse kinderleser ongeveer ewe bekend wees as die Frans vir die Nederlandse kind.

4.5.3.2 Uitstekend

- 103.33 'Uitstekend meneer,' zei juffrouw Twiddel en ze ging naar de keuken : 'Al te seker, meneer,' sê juffrouw Twiddel en sy loop kombuis toe.

Hier het 'n mens te make met 'n soort gebruik wat in dieselfde klas val as die gebruik van **asjeblyft** in 4.5.3.1, hoewel dit nie 'n gewoonte is wat so konsekwent deurgevoer word nie. Dit is 'n soort beleefdheidsopmerking by die ontvang van 'n bestelling. Hoewel die woord **uitstekend** in die doeltaal baie bekend is, word dit nooit in so 'n situasie gebruik nie. Daarom is dit hier vervang met 'n tipiese opmerking in 'n soortgelyke situasie in die doeltaalkultuur.

4.5.3.3 Plaaslike bestuursinstansies

48.11 Dat is het **gemeentehuis** : Dit is die **stadraadskantore**

48.35 Hij vloog naar het **gemeentehuis** : Hy vlieg na die **kantoorgebou**

Hierdie voorbeelde verg 'n verwerking op twee vlakke. Eerstens is daar die leksikale vlak: **gemeente** het in Nederlands die dubbele konnotasie van 'n kerklike gemeente en plaaslike bestuur, terwyl dit in Afrikaans min of meer eenduidig is. Die tweede verwerking word genoodsaak deur 'n landeskundige verskil: In Nederland het dit te make met die plaaslike bestuur van 'n stad of dorp. Dit stem in breë trekke ooreen met die Suid-Afrikaanse stadsraad in die opsig van die funksies wat dit verrig. Daar is egter ook heelwat verskille, in sowel die funksies as in die feit dat in Suid-Afrika stadsraadslede verkies word en sonder besoldiging diens lewer aan die gemeenskap (met 'n aantal betaalde amptenare daarby). In Nederland is almal wat vir die **gemeente** werk, besoldigde amptenare. Aangesien al hierdie tegniese besonderhede vir die verhaal van Otje eintlik geen belang het nie, is eenvoudig iets in die plek gestel wat in die doeltaalkultuur 'n min of meer parallelle funksie het. (Dit is ook in ooreenstemming met die beleid wat Newmark (1988:100) aanbeveel in verband met regerings- en administratiewe instellings.)

Wanneer daar bloot op bostaande twee voorbeelde af geoordeel word, lyk dit of die vertaling inkonsekwent gedoen is (eers word **gemeentehuis** weergegee met **stadraadskantore**, en dan met **kantoorgebou**). Die vertaler het dit egter doelbewus so gekies, en is van mening dat dit, gelees in die volledige konteks (48.11 - 35), volkome geregverdig en die vlotste vertaling is.

- 158.51 **Morgen kan ik de papieren afhale hier op het gemeentehuis van dit dorp : Móre kan ek die papiere kom kry hier by die dorpsraad.**
- 158.54 **Geen dorp, het is nu een STAD. Je kunt de papieren afhale op het STADHUIS : Nie 'n dorp nie, dit is nou 'n STAD. Jy kan die papiere kom haal by die STADSHUIS.**

Wanneer die **gemeentehuis** van Kokkelburg vir die eerste keer genoem word (48.11) is die verskil tussen stad en dorp nog glad nie ter sprake nie (en aangesien in Suid-Afrika selfs die kleinste dorpie 'n **stadsraad** het, is by dié term gehou). Later word dit 'n kwessie wat ten nouste verweef is met die lotgevalle van Tos en Otje. Die vertaling van die twee voorbeelde direk hierbo wentel dus om 'n baie belangrike moment in die verhaal, naamlik dat Kokkelburg weer as 'n stad erken word, nadat die oorkonde weer deur Kwark en Otje gevind is. Daarom word **gemeentehuis** doelbewus weergegee met **dorpsraad**. Die vertaling **STADSHUIS** is dus bedoel as kontras, maar sou waarskynlik ewe goed vertaal kon word met **STADSRAAD**.

4.5.3.4 Plantsoen en Park

- 146.6 **Hij zag onder zich.... het raadhuis en het plantsoentje waar die bestelauto van Tos onder een lindeboom stond : Onder hom sien hy.... die raadsaal en die parkie waar Tom se stasiewa onder 'n lindeboom staan.**

Dit kom ook voor in 147.2; 150.4; 157.49; en 159.43.

'n **Plantsoen** is 'n terrein wat beplant is met bome en struik, spesiaal om te dien as 'n plek waar die publiek kan wandel. Dit is gewoonlik nie baie groot nie. Dit is nie iets wat in hierdie presiese vorm in Suid-Afrika bekend is nie. As vertaling is gekies **parkie** omdat die drie belangrikste distinktiewe eienskappe ooreenstem, naamlik dat dit nie baie groot is nie, 'n publieke plek, en 'n plek waar daar onder andere struik en bome is. (Laasgenoemde is van belang in die verhaal, omdat Tos sy motor onder 'n boom in die plantsoen parkeer.) Natuurlik het die Afrikaanse woord ook die bykomende konnotasie van blombeddings en grasperke, wat by die Nederlandse afwesig is, maar hierdie twee minder

belangrike eienskappe maak nie 'n verskil aan die begrip van die verhaal nie. Dit kan by wyse van komponentanalise geïllustreer word:

Naam	openbare plek	bome	struike	blomme	grasperke
plantsoen (Ndl.)	+	+	+	-	-
park (Afr.)	+	+	+	+	+

114.42 De tantes woonden in een keurig **huis** op de derde étage in de Klaverstraat : Die tantes woon in 'n netjiese **woonstel** op die derde verdieping in Klaverstraat.

Vir Suid-Afrikaanse begrippe is dit onmoontlik om 'n **huis** op die derde verdieping te hê. In werklikheid het ons hier te make met twee huise bo-op mekaar. Aangesien dit aan die verloop van die verhaal en die begrip daarvan geen verskil maak nie, is **huis** vervang met **woonstel**. 'n Ander moontlikheid sou wees om **huis** te behou en **die derde verdieping** weg te laat, maar dit lewer probleme met verhaalorganisasie op, aangesien daar verderaan in die verhaal 'n paar keer die trappe op- of afgegaan word na en van die voordeur, wat in die geval van 'n **woonstel** makliker voorstelbaar is.

4.5.3.6 Giro

51.37 een roze **giro**-envelop : 'n pienk koevert van 'n **kitsbank**

Die giro-diens van die poskantoor wat gebruik kan word vir die oorbetal van geld op 'n girorekening met 'n spesifieke nommer bestaan glad nie in Suid-Afrika nie. Weer eens is dit 'n geval waar 'n gedetailleerde begrip van die vreemde saak nie ter sake is vir die volg van die verhaal nie. Derhalwe is dit verwerk tot die **kitsbank** as iets wat in die doeltaalsisteem vir almal bekend is. 'n

Mens sou dit selfs met **telebank** kon vertaal het, maar dan klop die kleur van die koevert nie meer nie. 'n Koevert van die telebank kan dus as alternatiewe vertaling aangebied word.

4.5.4 Eufemismes

Soos aan die begin van die hoofstuk gesê is, is hier nie in hierdie vertaling gebruik gemaak van suiwing nie. Tog verdien dit wel vermelding dat daar op enkele plekke meer eufemistiese uitdrukkings in die vertaalde teks gebruik is, omdat die vertaler van mening was dat dit die korrekte beleid is om die algemene konvensie waaraan die kinders van die doeltaalkultuur gewoond is, te handhaaf. Voorbeelde:

- 99.5 'Dit word donderen,' zei de echte kok. : 'Dit gaan 'n gemors afgee,'
sê die regte kok.
- 88.48 'Graag gedaan,' riefen de vogels en ze poepten op de dekbedden :
'Dis 'n plesier,' roep die voëls en hulle maak poeffies op die dekens.
- 39.15 Nu zitten we op een landweg. Even een plasstop : Nou is ons op 'n
plaaspad. Kom ons klim eers af om 'n draaitjie te loop.
- 155.24 De chauffeur was er even uitgegaan voor een plas : Die bestuurder
het gou afgeklim om 'n draai te loop.

Afgesien van die kwessie van eufemismes, is daar boonop die semantiese aspek wat hier ter sprake kom: Afrikaanssprekende kinders sal glad nie weet wat 'n **plasstop** is nie, en sal die betekenis van **poepten** soos dit in die Nederlandse bronteks bedoel is, verkeerd verstaan.

4.5.5 Aanspreekvorme

'n Integrale deel van die kultuur van elke land is die konvensies in verband met aanspreekvorme. Dit behels sowel die kwessie van persoonlike voorname vir die tweede persoon as die titels wat gebruik word by die aanspreek van persone. Omdat die konvensies in verband hiermee nogal baie verskil van land tot land, is dit 'n veld waarop 'n vertaler baie fyn moet let. Dit is veral die uitdrukking van rolle soos ervaar by spreker en hoorder wat slaggate kan word vir die vertaler. 'n Mens moet werklik baie goed bewus wees van die konnotasies van hierdie vorme in die brontaal, en dit dan uiteraard probeer ewenaar in die vertaalde teks. Die probleem is egter dat juis vanweë die idiosinkratiese gebruik van elke kultuur, ekwivalensie in die vertaling soms baie moeilik is om tot sy reg te laat kom, aangesien die voornaamwoorde en titels self (dit wil sê die aantal vorme waaruit die vertaler kan kies) redelik beperk is in enige taal.

Twee baie interessante aspekte hiervan kom na vore by die vertaling van **Otje** en word hier kortliks bespreek:

4.5.5.1 Tos se verhouding met ander volwassenes

Uit die maniere waarop Tos aangespreek word, kry die leser 'n beeld - wat aan die einde verander - omtrent die agting/ gebrek daaraan wat ander mense vir hom het. Vergelyk hieroor Marais (1985:227) se uitspraak:

Gesien vanuit 'n pragmatiese beskouing van kommunikasie, verteenwoordig die aanspreekvorm die taallike enkodering van die sender se persepsie van die ontvanger en van die totale situasie. Op dieselfde wyse gee die aanspreekvorm aan die ontvanger, ná dekodeering, informasie oor die sender se persepsie van die ontvanger en sy situasie.

Hoewel Tos 'n volwassene is, en al die ander volwassenes (behalwe die skrywer, Marius Mengel) aangedui word as Meneer/Mevrouw/Juffrouw/Tante word hy bloot aan die lesers voorgestel as **Tos, die kok** (3.21) en eenmaal word hy **Vader Tos** genoem (14.1). Dit is opvallend dat almal hom aanspreek as **Tos** en **jij/je**. Dit geld vir Meneer Pardoes, nie net wanneer hy vir hom kwaad is nie (8.10), maar ook wanneer hy verleë is oor hom om as tolk op te tree, en wanneer hy hom prys (5.57, 6.8, 11.28). Ander volwassenes wat hom almal aanspreek as **Tos** en **jij** is Meneer Zelf (100.4,14), Juffrouw Twiddel (105.6, 111.2-4), Admiraal Strafport (*Mijn beste man...jij/je*: 106.8). Die Tantes noem hom **Neef Tos...jij** (110.31), en ook Meneer Pijpetoon spreek vir Tos en Otje saam aan as **jullie**. Al hierdie mense word deur Tos aangespreek as **u**, met ander woorde hy en hulle

voel dat daar 'n statusverskil is tussen hulle. Daar kom egter 'n paar belangrike wendinge teen die einde van die verhaal wat deur sprekende verskille in hierdie aanspreekvorme weerspieël word.

Wanneer Tos terugkom en kwaad word vir die tantes, sê hy **je** en **jullie** (125.57, 126.18). Die burgemeester wat op hierdie stadium vir die eerste keer met hom in aanraking kom, spreek hom aanvanklik aan as **Meneer Tos ... u**, en later wanneer hulle saam by die fees is in meer informele luim, noem hy vir Tos **beste kerel ... je**. As Tos aan die hoofafel sit by die fees, word hy deur Meneer Zelf genader en aangespreek as **Meneer Tos.... u** (157.4,9,15-25). Dit is dan sprekend van sy 'verhoogde status'. Eindelik is hy vir almal aanvaarbaar en nie meer iemand op wie neergesien word, en wat maar onregverdig behandel en uitgeskel kan word nie (Meneer Pardoës, Meneer Zelf en Admiraal Strafport gebruik almal by geleentheid skelwoorde teenoor hom).

Uit 'n sosiolinguistiese oogpunt is dit baie interessant, maar daar moet dadelik daarop gewys word dat ons nie hier te doen het met 'n vertaalprobleem nie, hoewel die gebruik van **u** en **jy** in Afrikaans nie presies parallel loop met die Nederlands nie. Soos Wybenga (1981) aangetoon het, is die kwessie van aanspreekvorme 'n geweldige komplekse saak. Eerstens kan dit nie beperk word tot voornaamwoorde (soos gedoen is deur Brown en Gilman, 1960) nie, maar moet titels en eiename ook ingesluit word. Tweedens is dit 'n saak waarby soveel veranderlikes 'n rol speel dat Wybenga se slotsom is dat dit nie moontlik sou wees om dit in digotomiese reëls saam te vat nie. Wat egter duidelik blyk uit sy vraelyste en antwoorde, is dat die aanspreekvorm **Meneer, jy** dikwels in Afrikaans aangetref word (wat in Nederlands totaal ondenkbaar is), en dat dit nie noodwendig oneerbiedig bedoel word nie.

Waar die gebruik in Nederlands redelik strak is met **u** vir alle vreemdelinge, blyk dit in Afrikaans baie meer geskakeerd te wees. Wanneer vreemde mense dus vir Tos aanspreek as **jy** is dit in die Nederlands 'n baie duidelike merker van meerderwaardigheid/ minagting. Om hierdie rede het die vertaler gekies om die **u** van die bronteks te behou in die vertaling, en sodoende die kontras duidelik te laat blyk wanneer **jy** gebruik is. (Die gebruik van **u** en **jy** in die vertaalde teks stem dus presies ooreen met dié in die bronteks, hoewel dit in 'n teks van Afrikaanse oorsprong waarskynlik ten minste op sommige plekke anders sou geloop het. Dit is dus gedoen om reg te laat geskied aan die emosionele waarde van die bronteks se aanspreekvorme, aangesien die vertaler dit geïdentifiseer het as die belangrikste informasie wat hier oorgedra moes word.) Dus verval die

moontlikheid om 'n meer geskakeerde vertaling te maak, wat 'n meer omvangryke vertaalprobleem sou kon wees.

4.5.5.2 Otje se aanspreekvorm vir haar pa

Hoewel Otje die gewone konvensie handhaaf om ouer en vreemde mense as u aan te spreek (144.11, 131.47, 154.45), selfs ook die muis wat haarself voorgestel het as Tante Melia (17.43), en ook Herman, die polisie hond, by die eerste ontmoeting (36.30), is dit vir die Afrikaanse leser opvallend dat sy deurgaans vir Tos aanspreek as **Pappa ... jij**. Dit is natuurlik in botsing met die algemene konvensie in Afrikaans (hoewel daar ook 'n verandering besig is om in te tree, vgl. Wybenga se syfers op die volgende bladsy) en skep vir die vertaler 'n probleem. 'n Goeie voorbeeld van die hantering van hierdie probleem kry 'n mens in die Bybel waar die vertalers in die 1953-uitgawe soos volg vertaal: 'Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie' terwyl die vertalers van die 1983-uitgawe dit weergee met: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie' (Luk.15:18,19). Die eerste vertaling handhaaf die ou Nederlandse konvensie toe mense vir hulle ouers u gesê het, die tweede het die tipies Afrikaanse konvensie om die derde persoon as beleefdheidsvorm te gebruik, aanvaar. In Otje het die vertaler gekies om nie een van die twee te doen nie. Die eerste moontlikheid is eintlik nooit oorweeg nie, aangesien dit totaal vreemd is aan die bronteks self. Die tweede was 'n moontlikheid, maar is ook laat vaar om die volgende redes:

- * Die oorkoepelende vertaalbeleid by die vertaling van die boek is om dit **nie te transponeer** na 'n tipies Suid-Afrikaanse milieu nie. Om so 'n hiper-Afrikaanse aanspreekvorm te gebruik, pas dus nie by die res van die vertaling nie.
- * Otje is 'n hoogs onkonvensionele karaktertjie, saam met haar Pa. Dit strook dus ook nie met hulle persoonlikhede om sulke konvensionele taal te gebruik nie.
- * Sociolinguïste wat ingegaan het op die kwessie van aanspreekvorme, het tot die gevolgtrekking gekom dat aanspreekvorme vroeër 'n weerspieëling was van **gesagsverhoudinge** maar dat in die afgelope jare die faktor van **solidariteit** geleidelik swaarder begin weeg het, ook binne die gesin, wat weerspieël word deur die gebruik van **jy en jou** (Trudgill, 1983:104 en

Marais, 1985). Dit kan alreeds in Suid-Afrika ook gemerk word waar sommige gesinne reeds hierdie gewoonte begin aanvaar het.

Wybenga (1981:127 e.v.) het gevind dat die aantal kinders wat die **herhaling van die aanspreekvorm** by die **tweede aanspraak** (Ma, sal Ma.../ Meneer, sal Meneer...) gebruik, tot so hoog as 71% is by die ouderdomsgroep 15-17. Hierdie persentasie daal skerp in die volgende ouderdomsgroep (18-20). Dis interessant dat by die groep van 6-10 jaar die persentasie gebruik van **jy** teenoor ouer persone baie groter was as by die ouer kinders. Aangesien Wybenga soveel ouderdomsgroepe onderskei en verder soveel veranderlikes in ag neem, is dit nie moontlik om 'n samevattende persentasie uit sy werk aan te haal nie. Die **tendens na jy** toe (en spesifiek ook by die jonger geslag) is egter duidelik uit die syfers wat hierbo aangehaal is.

4.6 VERTAALSTRATEGIE TEN OPSIGTE VAN ELEMENTE IN 'N KINDERTEKS WAAR LANDESKUNDE TER SAKE IS.

Die eerste keuse wat 'n vertaler moet maak, is die **omvattende strategie** wat hy gaan volg: Gaan hy die hele verhaal transponeer na 'n ander kultuur of gaan hy bloot 'n deursigtige vertaling maak sonder 'n totale verskuiwing van milieu? (Dit is onder 4.4 bespreek.)

4.6.1 Vertaling slaan 'n brug tussen twee kulture waarvan die twee tale wat ter sake is, 'n integrale deel vorm. Hoewel die vertaler dus primêr met tale werk, moet hy as **uitgangspunt** aanvaar dat die **bronteks ingebed is in die bronkultuur** waarvan hy as vertaler die **merkers/konnotasies** moet kan uitken.

4.6.2 Die vertaler moet op grond van sy **vertroudheid met die doelkultuur** kan antisipeer wanneer 'n blote vertaling **ondeursigtig** sal wees vir die doeltaalleser.

4.6.2.1 Dis belangrik om te bepaal of 'n begrip van die vreemde objek/gewoonte **funksioneel** is vir die verstaan van die verhaal, of vir die atmosfeer daarvan. Daarom kan **vreemde name** (soos kastaiings en beuke) soms behou word as dit 'n ondergeskikte rol het in die verhaal, terwyl die soort wel begryp word óf uit die konteks óf deur die invoeging van 'n klassifiseerder.


- 4.6.3 'n **Klassifikasie** van die soort probleem is noodsaaklik. Is dit 'n kwessie van:
- 4.6.3.1 die benoeming van 'n **vreemde objek**;
 - 4.6.3.2 'n **vreemde gewoonte** wat **geen parallel** het in die doeltaalkultuur nie;
 - 4.6.3.3 'n **ander manier** om iets te doen wat in die doeltaalkultuur ook bestaan (bv. aanspreekvorme); of
 - 4.6.3.4 enige van bogenoemde waaraan 'n **besondere assosiasie** verbonde is
- 4.6.4 Daar moet 'n **keuse** gemaak word oor die **manier** waarop elke probleemgeval opgelos kan word:
- 4.6.4.1 met behulp van **metateks**
 - 4.6.4.2 deur die **verstelling** tot iets in die doeltaalkultuur met **dieselfde assosiasie**
 - 4.6.4.3 deur **verwerking** tot 'n min of meer **parallele stelsel / situasie** in die doeltaalkultuur.
 - 4.6.4.4 deur 'n **kombinasie** van twee of meer van hierdie metodes
- 4.6.5 By die vertaling van 'n kinderboek moet in gedagte gehou word dat die oorspronklike **illustrasies** gewoonlik saam met die vertaalde teks gepubliseer word. Dit bied verdere verduideliking aan die lesers, dikwels ook van dié dinge wat nie so gewoon is nie, en is dus nog 'n hulpmiddel vir die opklare van Landeskunde-probleme.
- 4.6.5.1 Die **illustrasies** bring egter ook mee dat die vertaler moet sorg dat sy **vertaling daarmee korreleer**.
- 4.6.6 Wanneer meer as een doeltaalekwivalent oorweeg word, kan die neem van 'n **beslissing** vergemaklik word deur gebruik te maak van **komponentanalise**.

Die toepassing van bogenoemde strategieë kan ook deur middel van 'n vloiediagram soos volg voorgestel word:

LET WEL

Die teken > dui 'n hiërargiese volgorde aan tussen prosedures. Die mees linkse moontlikheid word dus steeds verkies bo dié aan die regterkant daarvan.

Vloediagram vir vertaal van vreemde begrip



DEEL III : SUIWER LINGUISTIESE PROBLEME

INLEIDING

In hierdie proefskrif word drie hoofstukke gewy aan suiwer linguistiese probleme, naamlik twee aan sintaktiese probleme (die vertaling van teenwoordige deelwoorde en die vertaling van werkwoorde) en een aan leksikale probleme (die vertaling van die eiename). Daarmee word nie te kenne gegee dat dit die enigste linguistiese probleme is wat teëgekem is tydens die vertaling nie.

Die volgende tipes probleme is ook aangestip terwyl die vertaling gemaak is:

Klanknabootsing, in eiename sowel as andersins (ten dele behandel in Hoofstuk 7)

Beeldende taal (skaars, 'n enkele uitdrukking soos verkreukelde auto's)

Tussenwerpsels (zie-zo, au!)

Faux amis (bv. vinnige oogjes : venynige, skerp ogies)

'n Aantal uitdrukkings wat eie is aan Nederlands.

Die rede waarom nie oor hierdie probleme geskryf is nie, is meesal dat na versameling van al die data daar tog nie genoeg stof was om 'n redelike stuk daaroor te skryf nie. Sommige van hierdie probleme bied wel 'n uitdaging aan die vertaler, maar dit is bloot 'n kwessie dat 'n mens moet weet in watter omstandighede dit in Nederlands gebruik word, en dit korrek kan weergee in Afrikaans. Dit is nie 'n soort probleem wat die moontlikheid bied om dit in diepte te bespreek nie.

Die bogenoemde lys kan almal ongeveer as leksikale probleme bestempel word. Daar is egter ook die volgende sintaktiese probleme wat nie aan die orde gekom het in 'n hoofstuk of onderafdeling nie:

Die gebruik van die werkwoorde *kijken* en *doen* + 'n byvoeglike naamwoord (bv. *hij keek vals, boos, verlegen; hij deed raar*).

Bywoorde wat nie as bywoorde weergegee kan word nie (bv. *hij praatte somber met zijn vrouw; zij deed het lekker toch*).

Ander woordorde as die gebruikelike Afrikaanse (bv. de hond Boef : Boef, die hond; de poes Betsie : Betsie, die kat).

Ook by hierdie probleme was die rede waarom hulle nie in 'n hoofstuk of afdeling bespreek is nie, die feit dat daar meesal op die vlak van die Afrikaanse idioom 'n oplossing gevind is vir hulle, iets waaroor daar weinig te redeneer is. Hulle interessantheid is meer geleë in die toets wat hulle aan die vertaler se taalvaardigheid stel.

SINTAKTIESE PROBLEME

HOOFSTUK 5: DIE VERTALING VAN TEENWOORDIGE DEELWOORDE

Die doel met hierdie hoofstuk is eerstens om 'n kort grammatikale beskrywing van die teenwoordige deelwoord in Nederlands en Afrikaans uit beskikbare literatuur te gee. Tweedens was die doel om alle teenwoordige deelwoorde in die bronteks en vertaalde teks op te spoor en aan te teken en 'n ontleding te maak van die wyses waarop hulle vertaal is. Ten slotte sal ook 'n paar strategieë aan die hand gedoen word wat gevolg behoort te word by die vertaal van teenwoordige deelwoorde in 'n kinderteks.

5.1 INLEIDEND

Die benaming **deelwoord** dui daarop dat hierdie verbale adjektief deels as adjektief funksioneer, terwyl dit deels ook verbale kwaliteite behou soos dat dit 'n voorwerp kan neem, of uitgebrei kan word deur bepalings. Uit 'n groot aantal moontlike omskrywings word hier aangehaal dié van die Concise Oxford English Dictionary (1982) : 'Participle : verbal adjective qualifying noun but retaining some properties of verb, e.g. tense and government of object' en Rijpma en Schuringa (1968:146) wat die aandag daarop vestig dat albei deelwoorde - dus ook die teenwoordige - enersyds die valensie het om op te tree as adjektiewe, en andersyds (1968:202) ook werkwoordelike aspekte openbaar wat byvoorbeeld na vore tree by die vorming van 'n adjektiefgroep waarin dan ook 'n voorwerp van die deelwoord aangetref word. Hy haal as voorbeeld aan : 'de alles verslindende tijd'.

Van den Toorn (1975:183) gee 'n uiteensetting van die morfologiese vorms wat die Nederlandse werkwoord het, waaronder hy dan ook die teenwoordige deelwoord noem met die vorm wat uitgaan op **-end(e)** (op enkele uitsonderings na soos **doende, staande**) Verder noem hy ook (1975:188) dat 'de morfologiese valentie van het participium is voor een deel vergelijkbaar met die der adjectieven.' Adjektiewiese valensie blyk ook uit die moontlikheid van vergelyking by sommige teenwoordige deelwoorde (bv. **treffender, dringendste**).

Hy konstateer ook (1975:196) dat die deelwoorde hulle nominale karakter toon by die vorming van woordgroepe, waarin hulle as adjektiewe benoem kan word, byvoorbeeld 'een **hulend** kind', terwyl hulle verbale afkoms nog duidelik is wanneer voorwerpe of bepalings wat by 'n gesegde hoort, ook by die deelwoord behoue bly, byvoorbeeld 'het gisteren geverfde hek', 'de vorige week verloren portemonnaie'.

Van den Toorn (1975 : 196) noem 'n vyftal funksies waarin deelwoorde (sowel teenwoordige as verlede) kan voorkom, waarvan die eerste drie ook aangetref word onder die voorbeelde uit Otje.

1. as naamwoordelike deel van die gesegde, byvoorbeeld: De sieke is **stervende** (vgl. die tipe : adj. pred.) onder 5.3.2.2a)
2. bepaling van 'gesteldheid', byvoorbeeld: **Lachend** liep hij weg (vgl. die tipes onder 5.3.2.2a wat geklassifiseer is as adv.).
3. byvoeglike bepaling, byvoorbeeld: Een **woedende** menigte (vgl. die tipes onder adj. attr.by 5.3.2.2a.)

Die ander twee gebruike noem hy 'minder gebruiklik', en aangesien dit glad nie voorkom in Otje nie, word dit nie hier beskryf nie.

Klooster, Verkuyl en Luif (1974 : 30) noem baie vlugtig die teenwoordige deelwoorde, en konstateer slegs dat hulle voorkom onder meer as bepaling van gesteldheid. (Hulle voorbeelde: **lopend(e)**, **brandend(e)**, **werkend(e)**, **etend(e)**). Hulle waarsku dat hierdie deelwoorde nie verwar moet word met adjektiewe wat soms dieselfde vorm kan hê as die teenwoordige deelwoorde nie (bv. 'Dat argument is zeer **overtuigend**'). Dit kom dus voor of Klooster et al. deelwoorde slegs deelwoorde noem as hulle nog verbale krag het, en hulle andersins bloot as adjektiewe of adverbia klassifiseer.

Overdiep (1949:359-369) gee 'n baie breedvoerige uiteensetting van die participium praesentis, en die wyses waarop dit in Nederlands gebruik word. Die relevante stellings word aangehaal tydens die bespreking onder 5.3.1 tot 5.3.2.2a.

Wat Afrikaans betref, plaas Ponelis (1979:144) teenwoordige deelwoorde in aanhalingstekens, asof hy daarmee te kenne wil gee dat daar nie werklik so iets bestaan nie. Hy konstateer twee dinge daaromtrent :

1. Naamwoordstukke met 'teenwoordige deelwoorde' korreleer met konstruksies van onderwerp en hoofwerkwoord: **lopende** water :: water wat loop. Inderdaad is 'n groot aantal van hierdie tipe konstruksie in die bronteks wel vertaal met sulke byvoeglike bysinne (Ponelis se onderwerp en hoofwerkwoord.)
2. 'n Bepaalde klompie elemente kan die 'teenwoordige deelwoord' vergesel, waaronder **werkwoorddeeltjies**: **Aftredende** sekretaris, of **voorwerpe** : **feesvierende** menigte en verskeie tipes **adjunkte** : **laag vlieënde** vliegtuie. Dit strook met die vertaler se eie waarneming oor

die beperkings op teenwoordige deelwoorde in Afrikaans, vergelyk opmerking onder 5.3.1.

Combrink (1990:346) beskou teenwoordige deelwoorde klaarblyklik as meer gewoon, want hy konstateer: 'Verreweg die meeste Afrikaanse leksikale items wat kan funksioneer as werkwoorde, kan ook funksioneer as stamme vir die WV-reël Teenwoordigedeelwoordvorming m.b.v. -end.' Hy noem 'n klein aantal leksikale items wat wel werkwoordelik, maar nie as stamme vir -ende kan funksioneer nie, waaronder hulpwerkwoorde, asook 'n lys van 16 werkwoorde (Combrink, 1990:356). Vir die woorde in laasgenoemde lys kan hy wel konstateer dat elkeen afsonderlik die beperking plaas op die vorming van die teenwoordige deelwoord met -end, maar kan geen verklaring daarvoor aanbied nie.

5.2 STATISTIEK

Met behulp van die soekfunksie van Microsoft Word is alle teenwoordige deelwoorde in sowel die bronteks as die vertaalde teks opgespoor, aangeteken, getel en ontleed.

TOTALE AANTAL TEENWOORDIGE DEELWOORDE

In bronteks	136
In vertaalde teks	86
Vertaal met teenwoordige deelwoorde	76
In vertaling, nie in bronteks nie	10

Dit is dus meteens al duidelik uit bostaande syfers dat die teenwoordige deelwoord 'n baie hoër frekwensie het in die Nederlandse teks as in die Afrikaanse. Op grond van hierdie inligting kan 'n mens vermoed dat die frekwensie van die teenwoordige deelwoord in Nederlands dus hoër is as in Afrikaans. Hier is dus moontlikhede vir 'n ondersoek op 'n breër basis wat egter nie binne die bestek van hierdie proefskrif val nie.

Die verskynsel dat teenwoordige deelwoorde baie meer dikwels gebruik is in die bronteks as in die vertaalde teks, dui op 'n spesifieke vertaalprobleem. Wanneer die vertaling van elkeen van die teenwoordige deelwoorde in die bronteks ontleed word, kom daar verskillende tipes oplossings na vore wat gebruik is om hierdie probleem te oorkom.

5.3 Tipes Oplossings

Daar kan 'n globale verdeling gemaak word tussen twee tipes vertaalstrategieë wat as oplossings aangewend is:

- * **Behoud van 'n teenwoordige deelwoord** in die vertaling (dieselfde woord of 'n ander teenwoordige deelwoord).
- * **Vervanging van die teenwoordige deelwoord** met ander sintaktiese strukture. Hier kan ook twee hoofipes vervangings onderskei word, naamlik:
 - * **Die woordsoortelike funksie wat die teenwoordige deelwoord gehad het in die bronteks word behou**, maar daar word 'n ander woord gebruik. Dit is soms selfs gedoen in gevalle waar die identiese teenwoordige deelwoord wel bestaan in Afrikaans. Drie redes kan as motivering hiervoor aangevoer word (kyk later onder 5.3.2.1).
 - * **Die teenwoordige deelwoord is vertaal met 'n grammatikale omstelling**. Dit berus op die beginsel wat Nida (1982:5) neerlê as : 'To preserve the content of the message the form must be changed.' Die analise van hierdie grammatikale omstellings het 'n groot aantal tipes opgelewer. As uitgangspunt vir die analise is die woordsoortelike funksie geneem wat die teenwoordige deelwoorde in die bronteks gehad het.

Hier volg 'n breedvoeriger bespreking van elk van bogenoemde tipes.

5.3.1 Behoud van 'n teenwoordige deelwoord

Die volgende teenwoordige deelwoorde kom in die vertaalde teks voor en korrespondeer presies (met inagneming van spellingverskille) met die Nederlands :

singend, weifelend, oorverdowend, woedend, dringend, aarselend, handewringend, gillend, kwetterend, ontsettend, dreigend, vlieënde, ruisende, uitdagend, slapende, verskillende, waarskuwend, hygend, boeiend, spannend, draaiende, deurdringend, keffend, kekkelend, uitstekend, knikkend, volgende, gloeiend, briesend, brullend, tjilpend, bruisende, sugtend, stinkende, bewend, bibberend, glinsterend.

Hierdie lys is almal **geykte** teenwoordige deelwoorde in Afrikaans. Dit is juis in situasies waar daar nie **geykte** teenwoordige deelwoorde in die vertaalde teks gebruik kan word nie, waar die vertaler ander strukture moet gebruik.

Een kenmerk by sommige van hierdie **geykte** vorme is dat die **adjektiwiese waarde** van die teenwoordige deelwoorde oorheers. Dit blyk volgens Overdiep (1949:359) uit wat hy noem **isolering** : eerstens in dié opsig dat die finiete vorm van die werkwoord nie by die spesifieke onderwerp voorkom nie (**uitstekende wyn**, maar nie : die wyn steek uit nie) Voorbeelde hiervan uit bogenoemde lys is : **ontsettende** (geskree), **spannende** (wedstryd), **uitstekende** (kos), **woedende** (mens). Onder die Afrikaanse voorbeelde is daar selfs sommige waarvan die werkwoord hoegenaamd nie meer in Afrikaans bestaan in die betekenis waarin dit hier gebruik word nie : **oorverdowend**, **briesend**.

Let op dat hierdie stelling slegs berus op die corpus van voorbeelde uit **Otje**. Dit geld nie vir alle denkbare voorbeelde in Afrikaans nie. So byvoorbeeld word in **Otje** gepraat van **deurdringende rook** (tydens 'n brand) wat nie as 'n geval van **isolering** beskou kan word nie, terwyl die algemene **geykte** kombinasie **deurdringende gil** waarskynlik wel so beskou kan word, met ander woorde dieselfde **geykte** teenwoordige deelwoord kan in Afrikaans soms geïsoleerd wees (in Overdiep se gebruik van die term) en soms nie.

Isolering kan ook in dié opsig voorkom dat die teenwoordige deelwoord 'n samestelling is wat slegs as teenwoordige deelwoord voorkom. Overdiep (1949:359) noem as voorbeelde hiervan in Nederlands : **huiveringwekkend**, **oogverblindend**, **duizelingwekkend**. Die lys onder 5.3.1 lewer een voorbeeld hiervan op : **handewringend**. In hierdie verband is dit baie interessant dat daar in die Nederlandse teks een voorbeeld is van **isolering** (**feestende mensenmenigte**) waar die enigste aanvaarbare vertaling in Afrikaans 'n samestelling is (**feesvierende**) wat as teenwoordige deelwoord in Afrikaans egter nie geïsoleer is nie.

Overdiep (1949:360) wys daarop dat die **verbale krag** van die teenwoordige deelwoorde wanneer hulle **attributief** gebruik word, soms sterk op die voorgrond tree, in gevalle wat hy **dramatiserend** noem. Dan val die klem sterk op beweging of aktuele gebeure, maar dit is seldsaam in die (Nederlandse) omgangstaal en kom veral voor in literêre taal waar dit ook in sekere genres en tye meer vrugbaar is as in ander. Meer dikwels egter word die teenwoordige deelwoorde wat gebruiklik is in die omgangstaal nie aangevoel as **dramatiserend** of **aktueel** nie. Hy meen dat baie kombinasies van teenwoordige deelwoord + selfstandige

naamwoord in die Nederlandse omgangstaal eintlik samestellings (komposita) word.

Hy grond dit op twee feite (1949:361) : Eerstens het sulke kombinasies dikwels nie meer die verboë vorm van die teenwoordige deelwoord nie, wat (meesal) die reël sou wees in Nederlands wanneer daar 'n bepaalde lidwoord/voornaamwoord by is (**het stromende water** in 'n dramatiserende konteks teenoor: **Dat stromend water geeft veel gemak**). Tweedens kan dit gehoor word dat in sulke kombinasies die klem wat op die teenwoordige deelwoord val, swakker is as dié op die s.nw. wat daarop volg. Hierdie tweede aanduiding van 'n samestelling geld beslis vir geykte teenwoordige deelwoorde wat attributief gebruik word en wat vir die Afrikaanse oor nog aanvaarbaar is (vgl. lopende rekening), terwyl die eerste in Afrikaans nie meer ter sake is nie.

Verder word die verbale funksie van teenwoordige deelwoorde in Nederlands lewend gehou deur bepaling en/of 'n voorwerp (Overdiep, 1949:363). Dit kom voor of die teenwoordige deelwoorde wat sonder nadere bepaling in die Nederlandse bronteks gebruik is, meer geredelik met teenwoordige deelwoorde in Afrikaans weergegee kan word, soos die lang lys onder 5.3.1 hierbo bewys. Sodra daar egter enige uitbreiding by die teenwoordige deelwoord bykom, klink dit volgens die vertaler se oordeel vreemd in Afrikaans, en word dit meer natuurlik met een of ander grammatikale omstelling weergegee. Die slapende Dirk-Jan (50.53), die vlieënde kraai (41.45), om kwetterend te groet (29.32), hygend neerplof (61.43) klink aanvaarbaar vir die Afrikaanse oor, terwyl die halfslapende ober (90.25), een langsvliegende spreeuw (130.38), een zwerm triomfantelijk kwetterende vogels (141.30), Otje, hijgend van het harde lopen (123.22) nie met teenwoordige deelwoorde weergegee is nie, maar met betreklike bysinne. Dit kan daarop dui dat sprekers/ skrywers van Afrikaans teenwoordige deelwoorde nog slegs adjektiewies/adverbiaal ervaar. (Vgl. Ponelis se stelling, aangehaal onder 5.1, oor die beperkings op deelwoorde in Afrikaans.)

Combrink (1990:287) wys op 'n ander tipe uitbreiding wat by teenwoordige deelwoorde in Afrikaans aangetref word, naamlik die intensiewe vorme daarvan, byvoorbeeld allesomvattende, altyddurende en alwetende. In die bronteks van Otje kom glad nie sulke tipe geïntensiveerde teenwoordige deelwoorde voor nie, wat waarskynlik ook weer verklaar kan word uit die tipe register. In elk geval het ons hier blykbaar weer eens te doen met 'n groep geykte teenwoordige deelwoorde.

Daar is egter ook 'n aantal teenwoordige deelwoorde wat vertaal is met teenwoordige deelwoorde, wat nie van dieselfde werkwoorde afgelei is as dié in die Nederlandse teks nie:

- 17.54 **trillende snorharen : bewende snorbaarde**
27.5 **roerende begroeting : hartroerende groetery**
50.29 **Toep vond het spannend: dit was vir Toep opwindend**
64.6 **spetterend liet hy zich slypen : proestend laat hy hom saamsleep**
72.39 **zei Otje weifelend : sê Ottie aarselend**
91.49 **een adembenemend verhaal : 'n asemrowende verhaal**
136.42 **er stond al een klant weifelend naar te kijken daar staan al 'n**
 klant wat aarselend daarna kyk. (Hierdie voorbeeld hoort
 terselfdertyd ook tuis onder tipe 3 onder 5.3.2.2b).
156.53 **feestende mensenmenigte: feesvierende mensemenigte**
157.42 **feestende mensen : feesvierende mense**

Dit lyk of al bogenoemde gevalle voorbeelde is van gekykte Afrikaanse teenwoordige deelwoorde waar die teenwoordige deelwoorde in die bronteks ook gekyk is, maar verskil van die Afrikaanse.

Die hele kwessie van gekykte vorme lyk belangrik by die besluit van die vertaler om 'n teenwoordige deelwoord te gebruik al dan nie.

Samevattend kan dus gekonstateer word dat die gegewens versamel uit die bronteks en vertaalde teks daarop dui dat die teenwoordige deelwoorde in Afrikaans in 'n groot mate beperk is tot gekykte gebruik waarby die verbale karakter van die teenwoordige deelwoord nie meer sterk waarneembaar is nie. Om hierdie rede kom die teenwoordige deelwoord met uitbreidings glad nie of uiters selde voor in Afrikaans.

5.3.2 Teenwoordige deelwoorde wat vervang is met ander sintaktiese strukture

5.3.2.1 Teenwoordige deelwoorde vertaal met behoud van woordsoortelike funksie

Die vyftal voorbeelde wat hier volg, bevat almal teenwoordige deelwoorde wat in Afrikaans wel bestaan, maar in die vertaling vervang is, omdat dit die vertaler se aanvoeling was dat hierdie spesifieke woorde nie pas in die register van 'n kinderboek nie:

- 1.40 **eet ontzettend veel : verskriklik baie**

- 3.35 op staande voet : sommer dadelik
 44.28 zijn uitsluitend zeldzame : is almal baie seldsaam
 54.7 keek peinzend naar : kyk ingedagte na
 108.12 dat is voldoende : dit is genoeg
 131.52 zodoende weet ik : op die manier weet ek

Die volgende voorbeelde is gevalle waar die teenwoordige deelwoorde vervang is ter wille van 'n vertaling wat meer **idiomatiese Afrikaans** is:

- 2.26 levende lijster : lewendige lyster
 26.9 levende muizen : lewendige muise
 28.50 kroop makkend : kruip dikbek
 126.9 ontzettend brutaal : vreeslik parrmantig
 126.47 de dienstdoende agent : die polisieman aan diens

Enkele woorde het die aandag getrek omdat hulle wel in Afrikaans bestaan, maar daar 'n geringe betekenisverskil skyn te wees met die Nederlands:

- 2.7 bloeiende perken : beddings vol blomme
 42.3 bloeiende wilde planten : pragtige wilde blomme

Dit is die vertaler se mening dat die werkwoord **bloei** wanneer dit plante as onderwerp het, die verdere seleksiebepערking het dat die onderwerp die eienskap [+boom] moet besit, en dat dit dus nie gebruik word van blomme nie. Verder:

- 99.15 sprak kalmerend : praat paaierend
 99.19 was niet erg kalmerend : was nie so paaierend nie

Die teenwoordige deelwoord **kalmerend** word nie in Afrikaans adverbiaal gebruik by 'n werkwoord met 'n onderwerp wat [+menslik] is nie, wel in sinne soos : dit is/werk **kalmerend**. Dit beteken dat dit wel in die voorbeeld 99.19 so vertaal sou kon word. Dit is egter hier doelbewus nie gedoen nie : Die skryfster het in die bronteks die woord **kalmerend** twee keer kort na mekaar gebruik waarskynlik om 'n grappige effek te verkry, met ander woorde uit stilistiese oorwegings. Met dieselfde doel word in die vertaling die woord **paaierend** twee keer kort na mekaar gebruik.

5.3.2.2 Teenwoordige deelwoorde vertaal met grammatikale omstellings

Aangesien dit dus voorkom asof die gebruik van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans (behalwe in werke wat as artistieke tekste bestempel kan word - Van den Broeck en Lefevere (1984) se term) beperk is tot 'n sekere corpus van geykte vorme, word daar noodwendig in 'n vertaling soos hierdie - van 'n kinderboek - 'n aantal aanpassings gemaak wat neerkom op grammatikale omstellings van die teenwoordige deelwoorde wat in die Nederlandse bronteks gebruik is:

a Teenwoordige deelwoorde in adverbiale funksie gebruik

Tipe 1 **adv. > s.nw.**

- 4.25 een auto die **knersend** stopte : die geknars van 'n motor wat stop
62.45 kwam **fladderend** te voorschijn : met 'n gefladder
68.27 **puffend** wrong hij : met 'n gehuf en 'n gepuf
82.22 zei **geeuwend** : met 'n gaap
85.4 greep **geeuwend** : met 'n gaap
100.14 zei meneer... **minachtend** : sê meneer.... met minagting
148.55 luid **krassend** fladderde : met 'n harde gekras fladder

Tipe 2 **adv > redupliserende vorm**

- 25.53 ging **morrend** weg : het brom-brom weggegaan
70.44 **mokkend** gingen zij : brom-brom gaan hulle

Tipe 3 **adv. > betreklike bysin (met of sonder ingevoegde antesedent)**

- 26.2 zei **trillend** van woede : met 'n stem wat bewe van woede
42.1 **glooiende** groene oever : met groen walle wat afloop tot teen die water
136.42 er stond al een klant **weifelend** naar te kijken: daar staan al 'n klant wat **aarselend** daarna kyk

Tipe 4 **adv. > adv. / adverbiale frase**

- 33.39 vreemd **hobbelend** bewoog : op 'n snaakse knopperige manier besig is om te beweeg
82.31 **uitstekend** zorgen voor hem : baie mooi na hom kyk

- 82.55 **uitstekend** gegeten : baie lekker geëet
 112.43 een poosje zaten ze **zwijgend** : 'n rukkie lank sit hulle sonder om te praat
 162.7 het ging **uitstekend** : dit het baie goed gegaan

Tipe 5 **adv. > hoofwerkwoord (met of sonder verlies van een van die werkwoorde in die bronteks)**

- 45.15. zei Otje **zuchtend** : sug Ottie
 90.45 zocht **kruipend** op handen en voeten : hy soek..., kruip hande viervoet....
 147.4 **krassend** van opwinding kwam hij by het bankje : hy kryns van opwinding toe hy by die bankie kom
 156.52 **genietend** zijn wijn dronk : sy wyn geniet
 63.56 bleef ronddraaien, al **snuffelend** : hou aan om in die rondte te snuffel.

Die vraag kan gestel word waarom hier dan so vertaal is dat een werkwoord soms verlore gaan, in plaas van om die teenwoordige deelwoorde weer te gee met iets soos 'n bysin ingelei deur terwyl. Soos byna altyd is hier ook alternatiewe vertalings moontlik, maar het die vertaler verkies om dit weer te gee soos in die voorbeelde hierbo aangehaal bloot omdat dit vlotter en natuurliker klink. Ter ondersteuning van hierdie benadering kan aangehaal word uit Newmark (1982:128) :

Normally, the translator should write within his own idiolect or his conception of the SL text author's, always provided the text appears to be written naturally. The translator must not use a word or phrase that sounds intuitively unnatural or artificial to him.....From the point of view of the third reader, i.e. the translation critic or teacher, ten different versions of the same text may be equally acceptable. *Quot homines, tot scripta.*

Tipe 6 **al + adv. > in die + s.nw. (nominalisering van die ww.)**

- 55.15 al **vliëgend** : so in die vlieg
 55.18 ook **vliëgend** : ook in die vlieg

Overdiep (1949:367-8) wys daarop dat die gebruik van **al + teenwoordige deelwoorde** 'n duratiewe aktionsart uitdruk. Behalwe vir die twee voorbeelde

direk hierbo genoem, geld dit ook besonder duidelik in die volgende voorbeeld (wat onder Tipe 5 behandel is) waar die idee van langdurigheid versterk word deur die werkwoord bleef:

63.56 bleef ronddraaien, al **snuffelend** : hou aan om in die rondte te snuffel

Tipe 7 adv. + ww. > ww. + en + ww. (verbale hendiadis)

61.9 aarzelend zat weggedoken : sit en twyfel terwyl sy wegkruip

99.19 zij stonden **sidderend** : hulle staan en bewe

Hierdie tipies Afrikaanse sintaktiese verbinding word ook bespreek onder 6.3.6.1c.

Tipe 8 adv. > bywoordelike bysin van tyd (2.13)

81.3 om zich heen **kijkend** volgden zij : terwyl hulle bangerig omkyk

104.41 ze bladerde bijna **stikkend** van de zenuwen... : sy blaai... terwyl sy byna stik van senuweeagtigheid

Volgens die baie fyn ontleding van Overdiep (1949:367-8) kan byna alle teenwoordige deelwoorde wat hierbo behandel is onder tipes 1-5, 7 & 8 as adverbialia, oorspronklik gesien word as adjektiewe by die onderwerp. So 'n analise gaan ongetwyfeld terug op die grammatikale fondament van die klassieke tale waar verbuiging nog so 'n belangrike rol speel: In die voorbeeld 99.19 zij stonden **sidderend** sou die teenwoordige deelwoord naamlik manlik meervoud en nominatief moes wees om te kongrueer met die onderwerp (in Latyn : stabant **trementes**). Myns insiens is dit geforseerd om dit deur te trek tot Afrikaans, en selfs Nederlands, en is die toekenning van 'n adverbiale funksie aan sulke teenwoordige deelwoorde heeltemal voldoende en in ooreenstemming met die vlak van evolusie wat die brontaal bereik het. Hierdie siening word bevestig deur die uitspraak van Bartsch (1967:142-3) wat sulke voorbeelde van gebruik van die teenwoordige deelwoord (Um die Ecke **biegend** geschieht es, dass er...) bloot **adverbial adjectives** noem. Dit is hierdie gebruik van die teenwoordige deelwoord wat deur van den Toorn (1975:196) en deur Klooster et al. (1974:30) 'n 'bepaling van gesteldheid' genoem word.

b Teenwoordige deelwoorde in adjektiwiese funksie gebruik

Tipe 9 adj. (attr.) > samegestelde s.nw.

14.12 een snuivend geluid : 'n snuifgeluid

135.52 een brullend geluid : 'n brulgeluid

Tipe 10 adj. (attr.) > byvoeglike (betreklke) bysin

18.11 klappende portieren : motordeure wat klap

51.10 vliegende vogels : voëls wat vlieg

90.25 halfslapende ober : kelner wat half aan die slaap is

123.22 vroeg Otje, hijgend van het harde lopen : vra Ottie wat hyg van die hardloop

130.38 een langsvliegende spreeuw : 'n spreeu wat verbyvlieg

130.44 met een piepend borstje : met 'n borsie wat fluit

130.49 een voorbijvliegende swaluw : 'n swaeltjie wat verbyvlieg

141.30 een zwerm triomfantelijk kwetterende vogels : 'n swerm voëls wat triomfantelik kwetter

Tipe 11 adj. (attr.) > hoofw. (met/sonder verlies van 'n bronteks-werkwoord)

47.9 in een vliegende stoet wegtrokken : in 'n lang stoet weggevlieg het

61.32 te kijken naar de spelende muizen : en kyk hoe die muis speel

Tipe 12 adj. (pred.) (eintlik idiomatiese uitdrukking) > Afrikaanse omskrywing

147.50 is hij er gloeiend bij : word hy beslis gestraf

161.36 dat is vervelend : dit maak my vies

Die tipe waar die teenwoordige deelwoord gebruik word as adj. (pred.) is dikwels presies so vertaal en is dus verteenwoordig onder die voorbeelde onder 5.3.1.

Tipe 13 adj. (+ verskuilde predikaat) as tussenwerpsel > tussenwerpsel

103.33 'uitstekend, meneer' : 'al te seker, meneer'

5.4 TEENWOORDIGE DEELWOORDE IN DIE VERTAALDE TEKS WAAR GEEN TEENWOORDIGE DEELWOORDE IN DIE BRONTEKS IS NIE.

Soos aan die begin van die hoofstuk gemeld is, is daar ook in die vertaalde teks tien teenwoordige deelwoorde wat as vertaling aangebied word waar daar nie in die bronteks teenwoordige deelwoorde staan nie:

- 6.8 jij spreek zo voortreffelijk Frans : jy kan **uitstekend** Frans praat
24.11 een gemurmel van bewondering : 'n **bewonderende** geprewel
25.17 een vreselijk tumult : 'n **ontsettende** lawaai
28.3 dat ze morgenvroeg zou vertrek : dat sy die **volgende** oggend sou
 vertrek
33.15 brieste Tos : skree Tom **briesend**
99.15 de kwade mevrouw : die **woedende** mevrou
101.36 afschuwelijk druk : **ontsettend** besig
118.34 niet driftig worden : nie **woedend** word nie
138.3 geven alsmaar prikken : gee **aanhoudend** inspuittings
140.47 hij keek dof en onverschillig : sy oë is dof en **onbelangstellend**

Die redes vir die gebruik van hierdie teenwoordige deelwoorde in die vertaalde teks is dat dit die normale uitdrukking is wat in Afrikaans gebruik word, met ander woorde dit is 'n kwessie van **idioom** wat ook soms verband hou met die kwessie van **register** (vgl. die voorbeeld 6.8) sowel as met die kwessie van (subtiele) **betekenisverskille** (vgl. 99.15 : **kwaai** beteken in Afrikaans 'n meer permanente karaktertrek).

5.5 ALGEMENE VERTAALSTRATEGIE BY VERTALING VAN TEENWOORDIGE DEELWOORDE VAN NEDERLANDS NA AFRIKAANS IN 'N KINDERTEKS

- 5.5.1 Die vertaler moet in die eerste plek aanvaar dat die **frekwensie** van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans laer is as in Nederlands, wat die soeke na bepaalde oplossings noodsaak.

- 5.5.2 Die **genre en register** moet in ag geneem word. In 'n kinderboek is die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans selfs laer as in ander tekste.
- 5.5.3 **Geykte** teenwoordige deelwoorde waar die Afrikaanse idioom dit vereis, is gewoonlik aanvaarbaar, tensy daar 'n probleem is met hoogdrawendheid of onverstaanbaarheid.
- 5.5.4 Nederlandse teenwoordige deelwoorde waarvan die **verbale karakter** sterk opval, kan slegs in uitsonderlike gevalle en dan uitsluitlik in 'artistieke tekste' (kyk verwysing hierbo na Van den Broek en Lefevere) weergegee word met Afrikaanse teenwoordige deelwoorde.
- 5.5.5 In die meeste gevalle sal die Afrikaanse idioom vereis dat 'n Nederlandse teenwoordige deelwoord **omgestel** word na 'n **ander sintaktiese struktuur**. Voorbeelde hiervan is gegee onder tipes 1-13 onder 5.3.2.2. Dit is egter nie moontlik om voorskriftelik te wees hieroor nie.

HOOFSTUK 6 DIE VERTALING VAN NEDERLANDSE WERKWOORDE

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om aan te toon watter probleme ondervind word by die vertaling van die werkwoorde uit Nederlands na Afrikaans en om oplossings daarvoor aan die hand te doen. Die doel van hierdie inleidende gedeelte is nie om 'n volledige taalkundige vergelyking tussen die twee tale wat ter sake is, te tref nie, ook nie om 'n volledige oorsig te gee van alles wat al oor die werkwoord in Afrikaans en Nederlands geskryf is nie. Dit is eerder 'n soeke om tussen die beskikbare literatuur 'n werkbare benadering te kry waarvolgens 'n vergelyking gemaak kan word van die manier waarop werkwoorde van die bronteks in die vertaalde teks weergegee kan word. In dié proses word daar eklekties te werk gegaan.

Wanneer een of ander aspek van die vertaling vergelyk word met die bronteks, bly die maatstaf steeds dinamiese ekwivalensie, met ander woorde dat hierdie vertaalde kinderverhaal op die Afrikaanse lesers dieselfde impak moet hê as wat die bronteks op Nederlandse kinders sal hê. Dit moet vir hulle ewe verstaanbaar en pakkend wees as vir die lesers van die bronteks.

6.2 BENADERINGS EN TERMINOLOGIE

By die bestudering van bronne word dit gou duidelik dat daar 'n verskeidenheid terme bestaan wat gebruik word in die beskrywing van tempusstelsels en werkwoorde.

Die terminologie wat gebruik word in die beskrywing van die werkwoord hang ten nouste saam met die uitgangspunt waaruit dit beskrywe word. Die konvensionele opvatting van die werkwoord, wat berus op die aanvaarding van die Latynse grammatika as model, is dat die werkwoord behalwe gebeure ook tyd uitdruk, aangesien gebeure chronologies op mekaar volg. (Grammatikale tyd word verder in hierdie hoofstuk *tempus* genoem.)

'n Verdere aanname is dat, soos in Latyn, die verskillende tempora aangedui word deur verskillende vorme (dit wil sê morfologiese veranderinge) van die werkwoord. Bloot die erkenning van die feit dat Latyn 'n volledig geflekteerde taal is, en Nederlands half geflekteerd en half analities, terwyl daar in Afrikaans byna geen spoor van fleksie meer oorgebly het nie, hou egter in dat die tale nie almal eenders benader kan word nie.

Die volgende konvensionele benoeming van die verskillende werkwoordvorme volgens hulle temporele en aspektuele (kyk verderaan onder 6.2 vir 'n omskrywing van die begrip **aspek**) funksies word nog steeds in Nederlandse grammatikas gehandhaaf:

presens (ook genoem onvoltooid teenwoordige tyd)

perfektum (voltooid teenwoordige tyd)

imperfektum (onvoltooid verlede tyd)

plusquamperfektum (voltooid verlede tyd)

Dié terme word onder andere ook gebruik deur 'n gesaghebbende grammatikus soos Overdiep hoewel hy in sy diepgaande studie (1949) krities besin oor die gebruike (funksies) van die verskillende vorme. Ook 'n meer resente werk soos dié van Rijpma en Schuringa (1968) handhaaf hierdie terminologie. Selfs skrywers wat nuwer beskouings oor die beskrywing van die Nederlandse werkwoord daarop nahou, soos Droste (1958) en Paardekooper (1957) behou nog steeds hierdie terme. Hierdie terme is dan ook in hierdie hoofstuk gebruik in die benoeming van die verskillende Nederlandse werkwoordvorme.

Bostaande lys sluit geen toekomstige tyd in nie. Al die genoemde skrywers is dit eens dat die futurum nie as 'n **tempus** beskou kan word nie, maar dat dit eerder 'n modaliteit uitdruk, by name van verwagting, onsekerheid, belofte, ensovoorts.

Die verwantskap tussen Nederlands en die dogtertaal Afrikaans met die opvallende ooreenkomste wat dit tot gevolg het, genereer sekere verwagtings by 'n vergelyking van 'n Nederlandse bronteks en 'n Afrikaanse vertaalde teks. Die onhoudbaarheid van 'n toepassing van die Nederlandse sisteem op die Afrikaanse werkwoord blyk egter baie gou wanneer daar geprobeer word om parallelle te trek tussen die twee tekste: Volgens die konvensionele opvatting dui die Afrikaanse vorm **het ge-** verlede aan. Dit sou dus as ekwivalent toegesê moes word aan drie van die Nederlandse tempora wat hierbo genoem is, naamlik die perfektum, imperfektum en plusquamperfektum. Selfs 'n oppervlakkige vergelyking van die teks toon aan dat dit egter nie konsekwent so gebruik is in die vertaling nie (vergelyk die volgende voorbeelde wat nie uit die steekproefhoofstukke kom nie: 1.15-1.17; 24.40-44; 55.38-45).

Die enigste oorblywende Afrikaanse vorm, wat tradisioneel as presens beskou is, sou dus as ekwivalent vir die Nederlandse presens moes dien. Dit blyk by nadere

beskouing dat ook aan hierdie verwagting nie voldoen word nie, byvoorbeeld 64.44; 68.34.

Om hierdie rede is daar besluit om in die beskrywing van die Afrikaanse werkwoord in hierdie hoofstuk gebruik te maak van die strukturalistiese terminologie wat ons kry by Ponelis (1979) en ook Wybenga (1983), naamlik om die twee vorme van die werkwoord in Afrikaans bloot te benoem as die **gemerkte patroon** (byvoorbeeld **het geskryf**) en die **ongemerkte patroon** (byvoorbeeld **skryf**). Met hierdie benoeming word (in teenstelling met dié wat vir die Nederlands gebruik word) niks te kenne gegee oor die funksies van die betrokke vorme nie.

Oor die kwessie van vorme en funksie lewer Morris (1975) 'n baie belangrike bydrae met haar vergelyking tussen die uitdrukking van tempus in Frans en dié in Afrikaans. Sy kom tot die slotsom dat, in teenstelling met die veelheid van Franse werkwoordvorme (vir die doel van hierdie studie sou 'n mens kon byvoeg : of Nederlandse vorme) **Afrikaans net twee basiese vorme het en dat hulle nie primêr tyd uitdruk nie, maar eerder aspek** (Morris, 1975:99 e.v.).

Volgens Wissing (1965:6) verstaan ons onder **aspek** die tydruimtelike gesigspunt van waaruit, of die verskillende momente waarop die gebeure en toestande, uitgedruk in en deur die werkwoord, tydruimtelik verloop, van mekaar afgebaken word, mekaar opvolg, mekaar onderbreek ten opsigte van aanvang, verloop, voltooiing, voltooidheid of onvoltooidheid. Dit kan dus wissel by dieselfde werkwoord en die wisseling geskied met behulp van morfologiese en sintaktiese moontlikhede in die taal sowel as die hele samehang van die werkwoord in die konteks.

Ook De Villiers (1968:76) beskou dit dat **aspek** te make het met alles wat betrekking het op die duur en graad van voltooiing van prosesse wat deur die werkwoorde aangedui word, so ook Rijpma en Schuringa (1968:290). Daar is eenstemmigheid by die meeste skrywers dat **aspek** hoofsaaklik getipeer kan word onder die oorkoepelende hoofde: **momentaan, duratief of perfektief**. Morris (1975:17) wys daarop dat in Frans die verskil in aspek weergegee word deur verskil in **tempus**, terwyl dit in Afrikaans met behulp van **hulpwerkwoorde** aangedui word. Die manier waarop **aspek** aangedui word in die vertaalde teks word bespreek onder 6.3.3.1.

Volgens Morris druk die **ongemerkte patroon** ('présens' in haar terme) die aspek van **onvoltooidheid** (en/of gelyktydigheid) uit en die **gemerkte patroon** (wat sy

'passé' noem) voltooidheid of voorafgaandheid. Die temporele plasing in hede/verlede/toekoms geskied nie deur die werkwoorde nie, maar deur die breë konteks, of deur bywoorde, voegwoorde of frases wat tyd uitdruk . Hierdie siening word deur die vertaler onderskryf en ook as uitgangspunt gebruik by die beskrywing en vergelyking.

Volgens die vertaler se insig sou dit ook soos volg gestel kon word: die twee basiese vorme relativer mekaar temporeel, maar albei word ook gerelativeer deur ander nie-werkwoordelike elemente, byvoorbeeld:

Teen die tyd dat hulle kom, het ons al klaar gepak.

Selfs sonder breër konteks, is dit duidelik dat die ongemerkte patroon kom hier op die toekoms dui (temporeel geplaas deur die frase **Teen die tyd**) en dat die gemerkte patroon **het gepak** op 'n gebeure dui wat voltooi sal wees (aangedui deur die gemerkte patroon self en die bywoord **klaar**) voor die eerste gebeure in die ongemerkte patroon (**kom**).

As die voorbeeld egter verander word om te lui:

Teen die tyd dat hulle toe kom, het ons al klaar gepak

is dit duidelik dat hierdie gebeure in die verlede geplaas is (deur die frase **Teen die tyd** en die woord **toe**) en dat die twee gebeure nog steeds ten opsigte van mekaar gerelativeer word deur die gemerkte patroon **het gepak** (versterk deur die bywoord **klaar**) wat dui op voltooidheid ten opsigte van die ander gebeure in die ongemerkte patroon.

Ook Wybenga (wat net soos Ponelis nie vir Morris aanhaal nie, hoewel hulle werk ná hare verskyn het) glo dat die Afrikaanse werkwoordpatrone 'tydsvry' is (1983:29). Hy modifiseer hierdie stelling in 'n geringe mate: 'In die tydsuitdrukking van Afrikaans speel die werkwoordpatrone slegs 'n geringe rol' (1983:245). Aangesien hierdie hoofstuk oor die vertaling van werkwoorde gaan, word hier nie verder ingegaan op Wybenga se uiteensetting van tydsvergestalting (waarin hy onder andere groot klem lê op die deiktiese sentrum) nie.

'n Ander baie belangrike term vir die beskrywing van werkwoorde is modaliteit. Dit word deur Morris (1975:17) gedefinieer as die uitdrukking van die spreker (skrywer) se houding teenoor die gebeure. Voorbeelde van verskillende modaliteite is die uitdrukking van gebeure as feite, wense, verpligtings, veronderstellings, bevale, moontlikhede of twyfelagtighede. Dit kan beskou word as

'n verfyning van De Villiers (1968:81) se definisie. Sy wys op die groot rol wat die modale hulpwerkwoorde **kan, mag, moet, sal en wil** in Afrikaans speel by die uitdrukking van modaliteit en konstateer verder die belangrike waarneming dat by hierdie modale hulpwerkwoorde die **enigste reste van Nederlandse tempusaanduiding** te vinde is. In die beskrywing hieronder is dan ook gebruik gemaak van die vorm **preteritale modale hulpwerkwoord** (vir die vorme **kon, wou, sou, ens.**). Dit is 'n term wat ook by Ponelis aangetref word. Morris toon ook aan hoe modaliteit soms in Frans uitgedruk kan word deur 'n verandering in tempus. Uiteraard sal die uitdrukking van modaliteit in die vergelyking tussen Nederlands (bronteks) en Afrikaans (vertaalde teks) bespreek word waar dit ter sake is onder 6.3.

6.3 VERGELYKING TUSSEN WERKWOORDE IN BRONTEKS EN VERTAALDE TEKS

6.3.1 Vaststelling van 'n steekproef

Die data vir hierdie hoofstuk is die werkwoorde van die bronteks en die vertaalde teks. Om hulle te kan vergelyk, hou in dat hulle almal geïdentifiseer en getel en hulle patrone benoem moet word. Aangesien dit hier slegs een hoofstuk van die proefskrif geld, is daar aanvaar dat dit buite verhouding sou wees om al 41 (ongenommerde) hoofstukke van die boek op hierdie manier deur te werk. Daarom is 'n steekproef geneem. Die hoofstukke is verdeel in drie trosse van tien en een van elf hoofstukke. Op ewekansige wyse is bepaal dat van elke tros die vierde hoofstuk geneem sal word. Dus is die data in hierdie hoofstuk afkomstig uit Hoofstukke 4, 14, 24 en 34 van **Otje** (respektiewelik **Ottie**). Hierdie data is na invoering op die rekenaar statisties verwerk met behulp van die SAS-rekenaarpakket (SAS Institute Inc., 1985) se **FREQ**-prosedure. Dit het die statistiek opgelewer wat onder 6.3.6 aangegee word. (Dié hoofstuknummers verskyn nie in die oorspronklike bronteks nie, maar word deur die vertaler gebruik om die hoofstukke te onderskei.)

6.3.2 Metode van ontleding

In die voorbeelde van ontleding wat hieronder volg, is **verhalende teks** en **dialog** apart bespreek. Let wel dat dit nie apart weergegee is nie. Die dialog is slegs tussen [...] geplaas om aan te dui dat dit later bespreek word. Om die dialog totaal weg te laat, sou die teks so onsamehangend maak dat bespreking

heeltemal onmoontlik sou word. Daar is wel hier en daar frases weggelaat uit die teks wat nie belangrik is vir die begrip van die werkwoorde nie, en onnodige ruimte in beslag sou neem. Sulke weglatings word telkens aangetoon met ... Syfers in die bespreking verwys steeds na bladsy- en reëlnommers van die bylae. Die hele hoofstuk word gesien as 'n **episode** wat vir die doeleindes van hierdie ontleding verdeel kan word in 'n aantal **momente**. Voor die weergawe van die tersaaklike gedeeltes van die teks volg telkens 'n kort samevattende bespreking van elke **Moment**. Die **verdeling** berus telkens op 'n **verandering in die aard van die diskoers**. Vir die metode van ontleding moet daarop gelet word dat daar nie aandag gegee word aan die analise van die konteks as deel van die diskoers nie (vgl. die verdeling van Wybenga aangehaal onder 6.3.3). Die enigste buite-tekstuele gegewe wat dwarsdeur voor oë gehou word, is die feite dat dit (a) 'n kinderverhaal is en (b) 'n vertaling, wat albei bepaalde implikasies het vir die moeilikheidsgraad van die teks. Verder lyk dit tog ook van belang dat die teks self ook konteks skep, deur die vertelling wat byvoorbeeld die konteks is vir die dialoog, of dele van die vertelling wat die konteks is vir die handeling. Daarom word hier onderskei tussen tekstuele konteks en buite-tekstuele konteks.

6.3.3 Verskillende tipes diskoers

Aangesien hierdie begrip gebruik word in die teksontleding hieronder, word hier kortliks ingegaan op die aard van diskoers en die verskillende tipes daarvan wat deur skrywers onderskei word. Volgens Barthes (1988:99) is diskoers 'n outonome studie-objek wat egter bestudeer word vanaf 'n linguistiese basis. Botha (1988:99 e.v.), wat diskoers gelykstel aan **taaluiting**, onderskei vyf tipes **diskoers**, te wete **lyste**, **argument**, **narratief**, **beskrywing** en **dialoog**. (Die laaste drie hiervan kan in die teks van **Otje** onderskei word.) Hy beklemtoon ook dat die diskoerstipe 'n belangrike kommunikatiewe rol het, aangesien dit een van die tekens is van die totale informasie wat gesein word. (Vgl ook Botha oor diskoersvlakke en register soos bespreek in Hoofstuk 1.)

Wybenga (1987:5-7) beskryf ook diskoers as **taal in gebruik** of **taal in sy kommunikatiewe funksie**, en onderskei dan in diskoers die twee elemente **teks** en **konteks**. Hy skryf met die oog op die gebruik van diskoersanalise deur die stilis wat volgens sy formulering belangstel in die wyse waarop taalelemente gebruik word om 'n besondere inhoud weer te gee. In hierdie hoofstuk is die analise natuurlik toegespits op die weergawe van werkwoorde en dan slegs in vertaling. Daar word dus nie uitvoerig aandag gegee aan die kwessie van

diskoersanalise nie, maar net in soverre dit wel verhelderend is vir die bestudering van die werkwoorde in die vertaalde teks.

'n Kenmerk van tekste is dat daar samehang tussen al die elemente daarin bestaan - hulle hou verband met mekaar. Soos reeds hierbo aangetoon is en soos verder ook sal blyk, is dit 'n faktor wat 'n baie belangrike rol speel by die interpretasie van die werkwoord in Afrikaans.

Die volgende funksies van die konteks wat deur Wybenga (1987:7) geëksplisiteer word, is volgens die vertaler se oordeel van groot belang by vertaling:

- * dit verwyder die meeste van die dubbelsinnighede van die teks;
- * dit gee die referente vir die deiktiese kategorieë (soos **dit, hier, daar, ens.**);
- * dit voorsien die inligting wat weggelaat is.

Vir die doel van die ontleding waarvan 'n aantal voorbeelde en verder die volledige statistiek hieronder gegee word, word slegs aandag gegee aan die teks wat weer verdeel word in **algemene diskoers** en **dialog**. Die algemene diskoers in **Otje sou**, volgens Botha (1988:99-100) se indeling in diskoerstipes almal geklassifiseer kon word as **narratief** of **beskrywing**. (Die vertaler aanvaar dat die teks van **Otje** nie argument insluit nie en slegs enkele lyste, soos 51.30-37). By nadere ondersoek van die diskoers in 'n poging om 'n verklaring te vind vir die wisselende maniere waarop sekere bronteksvorme in die vertaalde teks weergegee is, het dit nodig geblyk om hierdie indeling verder soos volg te verfyn:

Narratief

handeling:

- * gewoon
- * dramatiese handeling / vertelling
- * gelyktydige handeling
- * nuwe handeling (wending)

gedetailleerde vertelling

hoogtepunt

inkeer (konsolidasie)

werkwoorde van **sê** tussen dialog

Beskrywing

- * agtergrond (inleiding)
- * vooruitskouing
- * terugblik
- * besinning / kommentaar

toestand as resultaat van vorige handeling

Daar word sover moontlik in die bespreking van die vertaling van die werkwoorde waar daar sprake is van verskillende tipes diskoers aangedui watter merkers daar te vinde is om die konstatering van 'n verandering van diskoers te motiveer.

6.3.3.1 Voorbeelde van die nut van diskoersanalise

HOOFSTUK 24 (EEN GELE SPORTAUTO) MOMENT 1 : 86.3 - 86.13

Hierdie eerste Moment van die episode begin met 'n redelike dramatiese handeling wanneer Otje (wederregtelik) die kamer oopsluit en as 't ware besit neem daarvan. Hierdie gebeure is in die vertaalde teks weergegee met die ongemerkte patroon. Binne hierdie gebeure is daar egter 'n beskrywing (86.6-9) van die kamer - soos dit altyd was - wat met die gemerkte patroon weergegee is. Dit is uitgelig as Moment 1b wat omraam word deur Moment 1: 86.3-4, 11-13.

Otje deed de deur open met haar sleutel en ging naar binnen.

Kamer 17 was groot en licht en mooi. Er stonden twee bedden, er lagen zachte kleden op de vloer, er was een badkamer bij en er waren drie schemerlampen.

'Een eigen kamer...' zuchtte Otje. 'We hebben een hele eigen kamer. Ik ga het meteen aan pappa vertellen.'

Ottie sluit die deur oop met haar sleutel en gaan binne.

Kamer 17 was groot en lig en mooi. Daar was twee beddens, sagte matte op die vloer, daar was 'n badkamer by en drie lampe met 'n sagte lig.

"n Eie kamer..." sug Ottie. 'Ons het 'n hele kamer vir onself. Ek gaan nou dadelik vir Pappa vertel.'

Twee voorbeelde van foutiewe vertaling wat aan die lig gekom het ná ontleding van die diskoerstipe word aangetref in Hoofstuk 14 (Een stoet van vogels), Moment 5 (51.23 - 51.55) wat as dramatiese vertelling getipeer is. Te midde van al die ongemerkte patrone wat so 'n vertelling karakteriseer, word die gemerkte patroon van 51.31 beslis verkeerd bewys, en so ook die preteritale vorm van die modale hulpwerkwoord (wou) in 51.47. Ter wille van die duidelikheid en om die verband te laat blyk, word die hele teksgedeelte 51.30 - 51.49 hier weergegee met die foute in vet letters.

Al het papier werd aan de voeten van Tos neergelegd.

'Alsjeblieft,' zei Kwark plechtig. 'Je hebt gezegd dat je papieren nodig had. Ziedaar, we hebben ze veroverd.'

Tos staarde verbluft naar de hele berg voor hem. Er was van alles bij: snippers krant, lege patatzakjes, een halflege wcrol, drie reclamefolders met voordelige aanbiedingen, verschillende getypte brieven, een geschreven brief (die van Dirk Jan), vijf belastingformulieren, een boodschappenlijstje en een roze giro-envelop.

'Papieren!' riep Otje. 'Maar zijn het wel de goeie...'

Tos viel haar in de rede.

'Ze zijn geweldig,' zei hij. 'Ik ben jullie zo dankbaar, lieve vrienden.'

Otje begreep dat haar vader de vogels niet wou teleurstellen. Ze mocht volstrekt niet zeggen dat ze hier niets aan hadden.

Al die papiere word by Tom se voete neergesit.

'Dis vir jou,' sê Kwark plegtig. 'Jy het gesê jy het papiere nodig. Kyk net, ons het hulle vir jou gekry.'

Tom staar oorbluf na die hele berg voor hom. Daar was allerhande soorte: snippers koerant, leë skyfiesakkies, 'n halfleë toiletrol, drie advertensieblaaië met spesiale aanbiedings, verskillende getikte briewe, een brief wat met die hand geskryf was (Dirk Jan s'n), vyf belastingvorme, 'n inkopielys en een pienk koevert van 'n kitsbank.

'Papiere!' roep Ottie. 'Maar is dit nou die regte...'

Tom val haar in die rede.

'Dis wonderlik,' sê hy. 'Ek is so dankbaar, liewe vriende.'

Ottie verstaan dat haar pa die voëls nie wou teleurstel nie. Sy mag glad nie sê dat hierdie paiere hulle nie sal help nie.

Nog 'n voorbeeld van foutiewe vertaling van die werkwoord wat uitgewys is deur analise van die diskoerstipe, kom voor in Moment 4 van Hoofstuk 24 (87.16 - 87.27). Ná die gesprek van Moment 3 kry ons hier weer 'n moment van **konsolidasie**: Otje 'vestig' haar as 't ware in die kamer en die muise maak hulle tuis. Die brontekswerkwoorde is deurgaans in die imperfektum wat weergegee is met die ongemerkte patroon behalwe waar ons binne hierdie moment drie werkwoorde na mekaar het waarvan twee 'n soort heersende atmosfeer as agtergrond skets en die derde 'n vooruitskouende bespiegeling vanuit hierdie agtergrond. Die eerste van hierdie drie is vertaal met die ongemerkte patroon, maar by ontleding blyk dit dat die gemerkte patroon die beste sou wees, aangesien dit meesal gebruik word vir agtergrond. Die betrokke werkwoorde word vet gedruk in die onderstaande sitaat:

Otje ging terug naar kamer 17 en liet de muizen uit hun mandje. Ze liepen dadelijk de hele kamer rond, klommen in de schemerlampen, kropen onder de bedden en vonden alles prachtig.

'Misschien is het maar voor heel even,' zei Otje somber. Ze voelde zich helemaal niet veilig. Het was immers mogelijk dat mevrouw Bontebaaï die zelfde dag nog terug zou komen. Ze deed het raam open en keek naar buiten.

Ottie gaan terug na kamer 17 en laat die muise uit hulle mandjie uitkom. Hulle loop dadelik die hele kamer deur, klim in die bedlampe, kruip onder die beddens in en hou baie van alles.

'Dalk is dit maar net vir 'n baie klein rukkie,' sê Ottie bedruk. Sy voel glad nie veilig nie. Dit was dan moontlik dat mevrou Pelsekleed dieselfde dag **kon terugkom**. Sy maak die venster oop en kyk uit.

Verskillende soortgelyke foute het aan die lig gekom. Hulle word in Hoofstuk 8 genoem in die evaluering.

6.3.4 Voorbeelde van ontleding van die teks

HOOFSTUK 4 (HET VOORGERECHT) MOMENT 1: 13.3 - 13 18

In hierdie moment word die agtergrond geskilder van die gebeure wat in die res van die hoofstuk volg. Die Nederlandse imperfektum is deurgaans weergegee met die Afrikaanse gemerkte patroon. Let ook daarop dat daar nog ander perspektiewe is uit die oogpunt van die verteller, naamlik 'n terugskouende (**hadden gemaakt** : het gemaak) waar in die bronteks die plusquamperfectum

gebruik is en in die vertaalde teks weer die **gemerkte patroon**. Daar is dus hier die probleem dat die vertaalde teks nie soos die bronteks die verskeidenheid werkwoordvorme het wat kan aandui dat die een handeling voor die ander plaasgevind het nie. Dit kon wel op 'n ander manier aangedui word, soos hier deur die invoeging van die bywoord reeds, wat 'n verbetering sou wees op die bestaande vertaalde teks. Daar is ook 'n vooruitskouende perspektief (zouden komen dineren : sou kom eet). By die uitdrukking van laasgenoemde speel die modale hulpwerkwoord 'n rol in die bronteks en dit word in die vertaalde teks op soortgelyke wyse gedoen.

Het voorgerecht

Tos en Otje waren druk bezig in de keuken.

Ze hadden samen een reusachtige zalmshotel gemaakt,

Het zag er prachtig uit en dat moest ook, want er zouden die avond elf gasten in het hotel komen dineren.

Dit was het voorgerecht. Het was klaar en Otje ging verder met de fruitschaal.

Die voorgereg

Tom en Ottie was druk bezig in die kombuis.

Hulle het saam 'n reusagtige salmgereg gemaak

Dit het pragtig gelyk, en dit was ook nodig, want daar sou die aand elf gaste in die hotel kom eet.

Dit was die voorgereg. Nou was dit klaar en Ottie het aangegaan met die vrugterangskikking.

MOMENT 2: 13.19 - 13.24

Hier begin 'n nuwe reeks handeling (as merker hiervoor dien die woorde **Het was klaar** : **Nou was dit klaar**, 13.17) in teenstelling met die vorige wat voorgestel word as reeds afgelope wanneer die hoofstuk begin. Hierdie handeling word deurgaans in die Nederlands met die **imperfektum** weergegee en in Afrikaans met die **ongemerkte patroon**:

Ze stapelde appels en peren rondom een grote ananas. Daartussen kwamen 'n stuk of wat bananen en een paar hele dure buitenlandse perziken. En om het nog mooier te maken schikte ze er takjes groen tussen en een slingertje madeliefies.

Sy stapel appels en pere rondom 'n groot pynappel. Tussenin kom nog 'n paar piesangs en 'n paar baie duur perskes wat ingevoer is uit die buiteland. En om dit nog mooier te maak, rangskik sy groen takkies tussenin en 'n stringetjie made-
liefies.

MOMENT 3: 13.24 - 13.33

Nou volg weer 'n deel wat meer **kommentariënd** is. Dit is asof die skrywer saam met Otje terugstaan, en dan ook verder wegstaan en Otje self betrag. Dit word alles gegee in die Nederlandse **imperfektum** en die Afrikaanse **gemerkte patroon**. Die hervatting van die gemerkte patroon in die vertaalde teks sluit dus weer aan by 13.18. Die voegwoord **Maar** (13.27) is 'n merker vir die kommentaar wat volg.

Ook dit zag er beeldig uit.

Maar Otje zelf zag er niet zo beeldig uit. Ze zat van top tot teen onder de mayonaise,.. In haar haren zat peterselie. Ze leek zelf wel een mislukt voorgerecht. Maar ze had er geen erg in en haar vader ook niet.

Ook dit het lieflik gelyk.

Maar Ottie self het nie juis so lieflik gelyk nie. Sy was van kop tot tone besmeer met slaaisous,.. Daar was petersielie in haar hare. Sy het self amper gelyk soos 'n mislukte voorgereg. Maar sy het dit nie eers agtergekom nie, en haar pa ook nie.

MOMENT 4: 13.35 - 13.36

Hierdie enkele sin dien as inleiding tot die gebeure wat nou volg. Dit is die afsluiting van die vertelling in die verlede (vgl. **Net was ze klaar : Sy was juis net klaar**). Hoewel dit in die Nederlands nie in die **perfektum** staan nie, maar in die **imperfektum**, vertoon dit 'n duidelike skakel met die hede in die vorm van **net** (vertaling: **juis net**). Die tweede werkwoord, in die bysin wat hier eintlik die hoofhandeling bevat, staan in Nederlands ook in die **imperfektum**, maar is in Afrikaans met die **ongemerkte patroon** weergegee na die voegwoord toe. Dit hoort eintlik by Moment 5 en is daarom hier in hakies geplaas.

Net was ze klaar met de vruchten, (toen mevrouw Pardoes binnenkam.)

Sy was juis net klaar met die vrugte, (toe mevrou Kaplaks binnekom.)

MOMENT 5 13.36 - 14.3

In die gebeure wat nou volg is die handeling baie meer dramaties. Met die uitsondering van die heel laaste werkwoord wat eintlik by Moment 5b behoort soos hieronder aangetoon word, is al die Nederlandse werkwoorde in die imperfektum, wat in die Afrikaans weer almal (behalwe die laaste een) weergegee is met die ongemerkte patroon. Die voegwoord toe kan hier as 'n merker aangewys word vir die lewendige vertelling.

....toen mevrouw Pardoes binnenkam.
Ze keek en riep: ['Niet te geloven!']

....toe mevrou Kaplaks binnekom. Sy kyk daarna en roep uit: ['Ek kan dit nie glo nie!']

['Mooi, nietwaar?'] zei de kok tevreden.

['Mooi, nie waar nie?'] sê die kok tevrede.

['Mooi ? Schandelijk ! Dat vieze kind in de keuken!']

['Mooi? Skandelik! Daardie vuile kind in die kombuis!']

Otje veegde verschrikt haar handen af aan haar broek en wilde weggaan, maar haar vader hield haar tegen.

Verskrik vee Ottie haar hande aan haar broek af en wil net wegloop, maar haar pa hou haar vas.

['Dit kind heeft heel hard gewerkt,' zei hij.
['En prima meegeholpen.']]

['Hierdie kind het baie hard gewerk,'] sê hy, ['en my baie mooi gehelp.']]

['Meegeholpen? Allemaal onkruid tussen de vruchten.']]

['Mooi gehelp? Kyk die onkruid tussen die vrugte.']]

Mevrouw Pardoes rukte de madeliefjes uit de fruitschaal en zei: ['De deur uit, smerig kind!']

Mevrou Kaplaks pluk die madeliefies uit die vrugterangskikking uit en sê: ['Loop hier uit, jou smerige kind!']]

Vader Tos werd eerst bleek en toen zo rood als een tomaat. Hij zei geen woord, maar hij zwol op en het leek (of hij straks zou barsten.)

Pa Tom word eers bleek en dan so rooi soos 'n tamatie. Hy sê nie 'n woord nie, maar hy swel op sodat dit lyk (of hy enige oomblik gaan oopbars.)

Uit bostaande ontleding wat as voorbeeld aangehaal word, kan duidelik gesien word hoe analise van die diskoers die vertaler help met 'n keuse tussen ongemerkte patroon en gemerkte patroon.

In hierdie hoofstuk word geen uitvoerige voorbeelde aangehaal van die ontleding van dialoog nie. Die resultate van dié ontleding is egter wel ingesluit in die statistiek (6.3.6).

6.3.5 Opvallende verskille wat aan die lig kom by vergelyking

- * Nederlandse **imperfek** soms weergegee met die **ongemerkte patroon**
- * Nederlandse **presens** soms weergegee met **sal + ongemerkte patroon**
- * Nederlandse **plusquamperfektum in kombinasie met imperfektum** albei weergegee met **een patroon in Afrikaans**.

6.3.6 Statistiek vir steekproefhoofstukke

In die vier steekproefhoofstukke is altesaam 550 werkwoorde in die bronteks getel. Die frekwensie van Nederlandse tempusvorme in die bronteks en hulle weergawe in die vertaalde teks word vervolgens in tabelle weergegee. Die vertrekpunt is deurgaans die bronteks.

LEGENDE

BT : bronteks

VT : vertaalde teks

BT-F : bronteksfrekwensie VT-F: vertaalde teksefrekwensie

imp : imperfektum

pf : perfektum

pqpf : plusquamperfektum

pres : presens

gp : gemerkte patroon

op : ongemerkte patroon

nv : nie vertaal

nt : nie in bronteks nie (wel in vertaalde teks)

ander : al die volgende kombinasies van vorme:

preteritale modale hulpwerkwoord + ongemerkte patroon;

modale hulpwerkwoord (ongemerkte patroon) + ongemerkte patroon;

skakelwerkwoord + infinitief;
 skakelwerkwoord + ongemerkte patroon

6.3.6.1 Die imperfektum

a Statistiek

Die totale aantal imperfekta wat in die steekproef uit die bronteks getel is, was 289 (52.5% van die totale corpus).

Die verspreiding was soos volg:

BT-vorm	Tekstipe	BT-F	Weergawe in VT	VT-F	%
imp	Algemeen	283	gp	37	13.1
			nv	3	1.1
			op	239	84.5
			ander	4	0.4
imp	Dialog	6	gp	5	83.3
			nv	1	16.7

b Tendense aangetoon deur statistiek vir imperfektum

Die volgende kan afgelei word in verband met die imperfektum uit bostaande tabel:

- * Dit word relatief selde gebruik in dialoog.
- * In dialoog is dit byna altyd vertaal met die gemerkte patroon.
- * Dit kom baie voor in algemene diskoers.
- * In algemene diskoers word dit meer as 84% van die kere vertaal met 'n ongemerkte patroon.

Laasgenoemde waarneming illustreer wat hierbo in 6.2 gesê is oor die verwagting wat deurbreek word. Terwyl die ongemerkte patroon volgens die tradisionele opvatting aan die hede gekoppel word, word dit in Afrikaans baie dikwels gebruik vir gebeure in die verlede, waar dit in die verlede geplaas word deur ander nie-werkwoordelike elemente. Vgl hier die bespreking van Moment 2, 3 en 5 onder 6.3.4 hierbo.

Verder kan gekonstateer word dat die verwagting van 'n Nederlandse verlede tyd (imperfektum) wat met 'n Afrikaanse gemerkte patroon weergegee word sover dit die **dialog** betref, nie teleurgestel word nie.

Dit moet beklemtoon word dat die aantal werkwoorde in die dialoog te klein is om op grond daarvan geldige afleidings te maak. Daar kan hoogstens 'n tendens aangetoon word. Vir 'n besinning oor die korrektheid van die vertaler se keuse tussen ongemerkte patroon en gemerkte patroon, vergelyk 6.3.3.1.

c Die imperfektum + infinitief

Die kombinasie imperfektum + infinitief kom altesaam 9 keer voor in die bronteks van die steekproefhoofstukke, waarvan die volgende 6 in die vertaalde teks weergegee is met die verbale hendiadis:

15.1-3	stonden te luisteren	: staan en luister
50.4-6	stond te kijken	: staan en kyk
50.38	lag te slapen	: lê en slaap
51.17-19	stonden te kijken	: staan en kyk
52.3	stond te kijken	: staan en kyk
131.49	zat te praten	: sit en praat

Die volgende val dadelik op van al hierdie voorbeelde:

- * Die vorm in die bronteks is telkens die imperfektum + te + infinitief.
- * Dit druk twee gelyktydige handeling uit met 'n duratiewe aspek.
- * Afgesien van dié twee gelyktydige handeling is die konstruksie in die bronteks telkens gebruik om 'n gebeure uit te druk wat voorgestel word as gelyktydig met 'n derde gebeure wat meesal nog in dieselfde sin of die sin direk tevore genoem word, byvoorbeeld 50.4-6 :

Toen Otje die ochtend wakker werd, was de zon al op en Tos stond naast zijn slaapzak naar boven te kijken.

(In die voorbeeld in 52.3 is dit nie so eksplisiet nie, maar duidelik implisiet in die breër konteks.)

Die ander voorbeelde van imperfektum + infinitief in die bronteks, is die volgende:

- 88.1-2 ging liggen : gaan lê
 89.8-9 ging om te praten : gaan om te praat
 89.47 gingen eten : begin te eet

Van hierdie voorbeelde val die volgende op:

- * Almal begin met die skakelwerkwoord **gaan**.
- * Die vorm werkwoord + te + infinitief kom nie onder hulle voor nie.
- * Hulle is nie een vertaal met 'n verbale hendiadis nie.

Hoewel hulle dus wel geklassifiseer kan word, soos wat vir die doeleindes van die statistiek gedoen is, as imperfektum + infinitief, is dit duidelik dat hulle uit 'n semantiese sowel as morfologiese oogpunt nie by die eerste ses voorbeelde hoort wat hierbo onder 6.3.6.1b genoem is nie.

Verder volg hier dan slegs 'n kort bespreking van die verbale hendiadis. Volgens Du Plessis (1984:134) is daar vier hendiadis-werkwoorde, naamlik **loop, sit, staan** en **lê**, waarvan **loop** die meeste voorkom. Hierdie werkwoorde word deur Ponelis (1979:241) indirekte skakelwerkwoorde genoem. Die kenmerke van hierdie konstruksie is verder volgens Du Plessis (1984:139) dat albei werkwoorde hulle werkwoordelike funksie behou en dat die eerste werkwoord altyd sy letterlike betekenis van die aanduiding van liggaamshouding behou. Kempen (1965:79) noem ook dat die onderwerp van die eerste werkwoord meesal name van animata is, en verder dat die vorm waar **te** tussen die twee werkwoorde staan, nog vroeër gehoor is, veral by ouer mense, maar dat dit ná 1925 byna volkome uit geskrewe Afrikaans verdwyn het. Dit kom dus voor of Kempen die **te** sien as 'n verbindingspartikel wat die plek van **en** kan inneem / ingeneem het, en nie as oorblyfsel van die infinitiefvorm nie.

Hy konstateer ook dat daar skynbaar nie beperkings bestaan ten opsigte van die soort werkwoord wat as sluitingswerkwoord in die konstruksie optree nie, maar dat daar verskeie werkwoorde is wat 'n baie groter gebruiksfrekwensie as ander het, byvoorbeeld **eet, gesels, kyk, praat, sing, slaap** en **speel**. Dis opvallend dat die brontekskonstruksies wat in die steekproefhoofstukke met verbale hendiadis vertaal is, uitsluitlik werkwoorde uit dié lysie bevat.

Op die historiese ontwikkeling van die verbale hendiadis word nie hier ingegaan nie, aangesien die hoofstuk gaan oor die **vertaling** van werkwoorde. Hier kan net genoem word dat Kempen geen twyfel daaroor het nie dat Afrikaans die verbale hendiadis uit Nederlands behou het. Morfologies word die verbindings-

van twee werkwoorde met en in Nederlands, hoewel dit meesal ook gelyktydige gebeure uitdruk, nie as 'n eenheid ervaar nie, omdat elke lid apart verwoeg word, terwyl die verbinding met te + infinitief morfologies meer 'n eenheid is omdat die infinitief amorf is. In Afrikaans is die verbinding met en wel 'n morfologiese eenheid soos blyk uit byvoorbeeld **gestaan en sukkel** teenoor **gestaan en gesukkel**, wat dan iets anders beteken (Kempen, 1965:90-91).

Baie veelseggend vir die doel van hierdie studie is dat Kempen (1965:91) die hoër frekwensie van die verbale hendiadis in Afrikaans teenoor Nederlands toeskryf aan die feit 'dat die hendiadis meer 'n volkstaalvorm is en die Afrikaanse letterkunde meer volkstaalstyl is as die Nederlandse.' Vergelyk hierby die eerste van die insigte wat onder 6.3.7 hieronder genoem word.

6.3.6.2 Die perfektum

a Statistiek

Die totale aantal perfekta wat in die bronteks getel is, was 23 (4.2% van die totale korpus). Die verspreiding was soos volg:

BT-vorm	Tekstipe	BT-F	Weergawe in VT	VT-F	%
pf	Algemeen	0			
pf	Dialog	23	gp	22	95.7
			op	1	4.3

b Tendense aangetoon deur statistiek vir die perfektum

Die volgende kan afgelei word in verband met die perfektum uit bostaande tabel:

- * Dit kom (in die steekproef) uitsluitlik voor in dialoog.
- * Dit word byna altyd met die gemerkte patroon vertaal.

Uit bostaande moet nie afgelei word dat die perfektum nooit in Nederlands gebruik word vir **vertelling** nie, maar wel dat dit byna nooit in **geskrewe vertelling** voorkom nie, behalwe dan waar daar binne die geskrewe vertelling weer vertelling in dialoogvorm voorkom ('n soort spieël-binne-'n-spieël-effek).

Verder is dit opvallend dat daar by die weergawe van hierdie perfektum in die dialoog 'n baie groot korrelasie is tussen die saamgestelde Nederlandse werkwoordvorm en die Afrikaanse gemerkte patroon wat in vorm die meeste daarmee ooreenstem. 'n Mens sou dus kon sê dat by die vertaling van die perfektum in dialoog die verwagting in verband met die werkwoorde nie op dieselfde manier deurbreek word as wat die geval is met die imperfektum in algemene diskoers nie.

6.3.6.3 Die plusquamperfektum

a Statistiek

Die totale aantal werkwoorde in die plusquamperfektum in die bronteks was 19 (3.5% van die totale korpus). Die verspreiding was soos volg:

BT-vorm	Tekstipe	BT-F	Weergawe in VT	VT-F	%
pqp	Algemeen	17	gp	16	94.1
			ander	1	5.9
pqp	Dialoog	2	gp	2	100

b Tendense afgelei uit statistiek vir plusquamperfektum

Uit bostaande tabel kan die volgende afgelei word in verband met die plusquamperfektum:

- * Dit is 'n vorm wat relatief min gebruik word.
- * Dit kom relatief min voor in dialoog.
- * Dit word byna altyd in Afrikaans weergegee met die gemerkte patroon, ongeag die tekstipe waarin dit voorkom.

Na aanleiding van laasgenoemde waarneming kan ook gesê word dat die verwagting van 'n Nederlandse verlede tyd wat in Afrikaans weergegee word met 'n gemerkte patroon in die geval van die plusquamperfektum nie deurbreek word nie.

6.3.6.4 Die presens

a Statistiek

Die totale aantal werkwoorde in die bronteks wat in die presens gebruik is, was 118. Dit maak 21.5% uit van die totale aantal getelde werkwoorde.

BT-vorm	Tekstipe	BT-F	Weergawe in VT	VT-F	%
pres	Algemeen	0			
pres	Dialogoog	118	gp	1	0.8
			op	109	93.2
			sal+op	6	5.1
			ander	2	1.7

b Tendense afgelei uit statistiek vir die presens

Uit bostaande tabel kan die volgende afgelei word in verband met die presens:

- * Dit kom glad nie voor in die algemene diskoers van die steekproefhoofstukke nie.
- * Dit kom baie voor in die dialoog.
- * In die dialoog word dit verreweg die meeste kere met die Afrikaanse ongemerkte patroon vertaal.
- * Sowat 5% van die kere waar die presens in die bronteks voorkom, is dit in die vertaalde teks weergegee met sal + die ongemerkte patroon.

Die eerste twee tendense wat hierbo afgelei word, kan nie sonder meer op alle Nederlandse prosatekste van toepassing gemaak word nie. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat dit hier gaan om 'n kinderverhaal, dus 'n narratiewe en beskrywende teks wat dialoog bevat. Dis baie waarskynlik dat die frekwensies in ander tekstipes anders sal wees, soos byvoorbeeld in argumente of ook in beskrywende tekste wat nie so sterk verweef is met 'n verhaal wat afspeel in die verlede nie.

In verband met die laaste tendens wat hierbo genoem word, word duidelikheidshalwe een voorbeeld gegee:

120.47-49

't Is niet waar, he pappa,' zei ze hardop.
'Je komt wel terug.

'Dis nie waar nie, nè, Pappa,' sê sy hardop.
'Jy sál terugkom.'

Weliswaar word die modaliteit van sekerheid in hierdie voorbeeld versterk deur die woord **wel** in die bronteks, maar die tendens blyk ook duidelik uit ander voorbeelde soos in : 14.41; 15.16 52.6; 52.28; 131.1-2.

'n Baie interessante voorbeeld van hierdie verskynsel word aangetref in 50.49: Wil je met me trouwen? : Sal jy met my trou? Die rede waarom die vertaalde teks van sal gebruik maak, is bloot omdat die konvensie in die doeltaal dit vereis. Dit is dus eintlik 'n voorbeeld van 'n linguistiese verskil wat 'n landeskundige agtergrond het.

6.3.7 Insigte verwerf deur die vergelyking van bronteks en vertaalde teks

- * Die stelwyse in Afrikaans toon groot ooreenkoms met die Nederlandse spreektaal. Daarom is daar so 'n groot korrelasie tussen die dialoog in die bronteks en die vertaalde teks. Voorbeelde hiervan is die relatief seldsame gebruik van die imperfektum in Nederlandse dialoog, 'n vorm wat in Afrikaans glad nie meer bestaan nie, asook die veel hoër frekwensie van die perfektum in dialoog as in algemene diskoers. 'n Verdere ooreenkoms bestaan daarin dat die perfektum in Nederlands 'n saamgestelde vorm is, wat in vorm korrespondeer met die Afrikaanse gemerkte patroon. Die Nederlandse plusquamperfektum kom byna glad nie voor in dialoog nie. Dit is juis hierdie tempusvorm (saam met die imperfektum hierbo genoem) wat nie 'n redelike noue korrespondensie toon met enige Afrikaanse patroon nie.
- * Die werkwoord in Afrikaans word nie gebruik om primêr tyd uit te druk nie, maar eerder aspek. Daarom word dieselfde patroon vir hede, verlede of toekoms gebruik. Die twee patrone wat onderskeidelik voltooidheid en onvoltooidheid uitdruk, dien dan om mekaar temporeel te relativer.
- * Deur analise van die diskoerstipe kan die keuse van werkwoordpatrone bepaal of gekontroleer word. Dit bring ongemotiveerde wisseling van patrone in die vertaling aan die lig.
- * Die Afrikaanse idioom verkies in sommige gevalle sal + die ongemerkte patroon as ekwivalent vir die Nederlandse presens. Uit die voorbeelde in die steekproefhoofstukke blyk dit dat sulke gevalle veral tuisgebring kan

word onder die begripskategorieë waarin die modaliteit van **belofte en sekerheid** oor gebeure wat nog moet plaasvind asook **dreigement**, 'n oorwegende rol speel, en dat dit dikwels juis voorkom in emosionele of opgewonde uitinge. (In die steekproef het die presens slegs voorgekom in dialoog.)

- * Die **konteks** is dikwels voldoende om werkwoorde temporeel te plaas, sonder invoegings in die teks.

6.4 VERTAALSTRATEGIE VIR DIE WEERGAWE VAN WERKWOORDE BY DIE VERTALING VAN 'N NEDERLANDSE KINDERBOEK

- * Aangesien dit 'n kinderboek is, bly die **fokus op die teikenleser /-hoorder**. Die teks moet dus natuurlike en begryplike alledaagse Afrikaans wees.
- * Hou in gedagte dat die **ongemerkte patroon** in Afrikaans baie dikwels voorkom in **vertellings** (wat uiteraard baie voorkom in kinderverhale) en dat dit nie juis net hoef te korrespondeer met die Nederlandse presens nie. Dit moet dikwels gebruik word as ekwivalent vir die Nederlandse imperfektum wat baie gebruik word in geskrewe vertelling.
- * Die **beslissing** oor die vertaling van die Nederlandse imperfektum met die ongemerkte patroon al dan nie, kan vergemaklik word deur **analise** van die besondere tipe **diskoers** (vgl. hierbo onder 6.3.3.1).
- * Die **kombinasie imperfektum + te + infinitief** kan meesal in Afrikaans weergegee word met 'n verbale hendiadis (ongemerkte patroon / gemerkte patroon + en + ongemerkte patroon).
- * Aangesien die Nederlandse **plusquamperfektum** so sterk die aspek van **voltooidheid** uitdruk, moet dit byna altyd met die Afrikaanse **gemerkte patroon** weergegee word. Dikwels is dit raadsaam om **voegwoorde, bywoorde of frases in te voeg** wat nie in die bronteks staan nie (byvoorbeeld **intussen, reeds, klaar, tevore, nadat**) ten einde te onderskei tussen twee gemerkte patrone wanneer die een gebeure die ander voorafgaan.

- * Sowel in dialoog as ander diskoerstipes is dit byna altyd aanvaarbaar as korrek om die Nederlandse **perfektum** weer te gee met die Afrikaanse **gemerkte patroon**.

- * Wanneer 'n Nederlandse **presens** 'n sterk modaliteit van **belofte** of **sekerheid** of selfs **dreigement** in verband met die toekoms uitdruk, kan dit in Afrikaans met **sal + die ongemerkte patroon** weergegee word.

LEKSIKALE PROBLEME

HOOFSTUK 7 DIE WEERGAWE VAN EIENAME IN DIE VERTALING

7.1. Inleidend

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan hoe die eiename in Otje op die beste manier weergegee kan word binne die raamwerk van dinamiese ekwivalensie sodat die informasie wat in die bronteks in die name vervat is, ook deur die doelteks gekommunikeer kan word. Volledige lysie van alle eiename in die bronteks word onder 7.4 aangegee.

In verband met die vertaling van eiename word die beginsel meesal neergelê dat 'n persoon of objek se naam nie vertaal word nie, tensy daar reeds 'n erkende vertaling bestaan (Newmark, 1981:70). Eiename in literêre werke word meesal slegs vertaal wanneer die karakters en milieu genaturaliseer word. By nadere beskouing van die eiename in Otje blyk dit dat 'n aantal van hulle waarskynlik deur die skryfster bedink is met 'n spesifieke doel, naamlik om met die eerste aanhoor (of lees) 'n spesifieke assosiasie te wek wat die leser 'n idee gee van die soort karakter waarmee hy nou kennismaak. Die vertaalkundige implikasie hiervan is dat sulke name ontleed moet word met die oog daarop om 'n vertaling aan te bied wat die doel ewenaar wat die naam in die bronteks gehad het.

Newmark (1981:71) noem dit name wat 'mean' as well as 'name'. Hy stel egter as praktiese vereiste vir sulke name: 'The attempt must be to reproduce the connotations of the original in the TL, but to find a name consonant with SL nomenclature, thus preserving the character's nationality' (1981:71). Hierdie beleid is nie gevolg in die vertaling van Otje nie, aangesien daar 'n faktor is wat die vertaling vergemaklik, naamlik die feit dat die verhaal in 'n soort onbepaalde milieu afspeel - daar word nooit die naam van 'n bekende stad genoem nie (behalwe New York, vgl. die verklaring onder 7.2.1). Hoewel dit in Nederlands geskryf is, en dit vir iemand wat dié land ken, duidelik is dat dit daar afspeel, word die naam van die land ook nooit genoem nie. Tos en Otje is nie tipies Nederlandse karakters nie, allermins in hul leefwyse. Die karakters se nasionaliteit staan dus nie voorop nie, die 'betekenis' van die name wel. Daarom is 'n vertaling daarvan noodsaaklik. Newmark (1981:71) waarsku dat bogenoemde soort behandeling van eiename in vertaling nie gedoen kan word met baie bekende werke soos dié van Shakespeare en Dickens nie, wel in gevalle 'where the work is virtually unknown in the TL culture, and where the translator is convinced that the connotations of the proper name is at least as important as

the nationality.' Dit is die vertaler se oordeel dat hierdie laaste voorwaarde op Otje van toepassing gemaak kan word.

Erdmenger en Istel (1973:16) beklemtoon ook dat dit by vertaling van 'n literêre teks baie belangrik is om vas te stel op watter vlak die 'landeskundige' informasie is, wat sal bepaal of daar verduideliking benodig word. In die voorafgaande paragraaf is reeds aangetoon waarom die vlak van hierdie informasie in Otje nie as so hoog gereken word dat dit noodwendig in die vertaling gereflekteer moet word nie.

7.2 ONTLEDING VAN EIENAME IN OTJE

Vir die doeleindes van bespreking kan die eiename in die verhaal soos volg in kategorieë verdeel word:

1. Plekname
2. Karaktername

7.2.1 Plekname

'n Volledige lys van plekname uit Otje word in Lys A onder 7.4 gegee. Dit blyk uit die ANWB se Reisboek voor Nederland (1965) dat elke enkele pleknaam fiktief is. Die skryfster het hulle waarskynlik elkeen geskep met die doel om 'n spesifieke assosiasie op te roep, al is dit soms ook 'n assosiasie van onbeduidendheid en doodgewoonheid. Die plekname steun almal op 'n bekende agtervoegsel/tweede deel wat die leser in staat stel om dit dadelik te plaas as 'n sekere tipe plek. Daarom kan 'n mens in elke geval 'n assosiasie-voorspelling maak : Hollebroek, Kokkelburg, Kokkelse plassen, Weldorp, Koordwijk, Garzelen, Rusthuis Vredelief. Die verpligting wat nou op die vertaler rus, is om 'n ekwivalente assosiasie met die vertaling op te roep. In enkele gevalle kan die agtervoegsel/tweede deel van die naam behou word, aangesien dit in Afrikaans dieselfde tipe assosiasie sal oproep:

Kokkelburg

Weldorp

Koordwijk (Koordwyk)

Soos Nicolaisen (1978:41-47) aangetoon het, het plekname dikwels aanvanklik denotatiewe betekenis wat met die tyd verlore gaan (soms omdat die oorspronklike naamgewers van 'n ander land gekom het). Later het dit dan eintlik meer net konnotatiewe betekenis (assosiasie), hoewel daar deur die veelvuldige voorkoms van sekere tipes name ook by die bevolking wat die oorspronklike naam nie 'verstaan' nie, 'n begrip ontwikkel van die soort plek wat so 'n soort naam sal dra. Met ander woorde in 'n sin het die naam tog ook denotatiewe betekenis. Hierdie feit het byvoorbeeld betrekking op die agtervoegsel '-burg' in Afrikaans, waar min mense nog dink aan die oorspronklike betekenis van 'vesting'. Almal verstaan ook dadelik wat bedoel word as '-dorp' agteraan 'n naam gevoeg word. Vanweë die verwantskap tussen Nederlands en Afrikaans hoef dit nie vertaal te word nie.

Dikwels moet die vertaler egter kennis van landeskunde toepas wat meebring dat die volgende fiktiewe plekname verander is.

Hollebroek: 'n broek is 'n stuk land direk langs 'n rivier wat in die winter onder water staan. Die verskynsel en benaming is in Suid-Afrika vrywel onbekend, maar kan gerieflik weegegee word met -spruit wat hier so bekend is. (Kyk opmerking oor die vlak van landeskundige informasie onder 7.1) Die vertaling wat hier aangebied is, is **Holspruit**.

Garzelen: Die agtervoegsel -elen/-en/-eren word dikwels in Nederland aangetref by name van kleiner plekkies, byvoorbeeld Breukelen, Houten, Staveren, Ugchelen, Vianen, Vilsteren, Vleuten, Wieringen, Lunteren, Harmelen, Drimmelen. Dis moeilik om in Afrikaans 'n vergelykbare vrugbare agtervoegsel te kry. **Garsalia** word as vertaling aangebied, om ongeveer 'n parallel gebied tot die slot -a in name soos Amalia, Calvinia, Christiana, Carolina, Florida, Lanseria, Lenasia.

Kokkelse plas: Vir die Nederlandse leser is daar onmiddellik die assosiasie met bekende plasse soos die Loosrechtse plasse, die Nieuwkoopse plasse en die Westeinder. Daarby kom dan die onbekende naam wat dui op een of ander obskure/onbekende plek. Aangesien dit vir die Afrikaanssprekende geen assosiasie het nie, moet die vertaler van meet af aan 'n assosiasie skep met 'n verduidelikende weergawe. Die definisie van **plas** in die woordeboek van Koenen-Endepols lui: een wijde uitgestrektheid water, een grote watervlakte. Daarteenoor word meer gedefinieer as: natuurlik waterbekken van alle kanten door land ingesloten. 'n Meer is dus dieper as 'n plas, maar albei is nogal groot in oppervlakte. Aangesien die begrip meer tog bekend is in Afrikaans, en die

verskil vir die doeleindes van die verhaal weglaatbaar is, word die vertaling **Kokkelse meer** aangebied.

Rusthuis Vredelief: 'n rusthuis is 'n inrigting vir oorspanne of ou mense wat rus benodig. Hoewel die Nederlands redelik deursigtig is, is dit tog nie Afrikaans nie, en word as vertaling aangebied: **Hersteloord Vredelief**.

Tussen die plekname is daar 'n subkategorie **hotelle/restourante** wat eerstens 'geplaas' kan word deur die benoemende komponent 'hotel', 'eethuis', 'hotelletjie' maar wat tog uit die konteks verdere assosiasies bykry. Na gelang van hierdie assosiasies is daar sommige name verander en sommige nie.

Die volgende name is behou (in verafrikaanste vorm waar nodig):

Hotel Do-Do

De Stevige Pot (Die Stewige Pot)

De Kroon ('n tipiese hoogdrawende naam, of naam wat iets vernaams moet oproep - soos die King's Hotel in sovele Suid-Afrikaanse dorpe): vert. Die Kroon.

Hotel De Koperwiek is weergegee met **Die Koper Lyster Hotel**, aangesien 'n koperwiek 'n soort lyster is, wat in Afrikaans onder andere 'n koper lyster genoem word, en omdat dit inpas in die beskrywing van die klein hotelletjie in die landelike omgewing met baie voëls in die tuin.

Die naam **Musopia** verdien afsonderlike bespreking: Dit het 'n klankassosiasie (vir volwassenes) met **Utopia** waarop dit ongetwyfeld 'n parodie is, en die Latynse **mus** vir muis. Dit het waarskynlik vir die jonger Nederlandse kind ewemin van bogenoemde twee assosiasies as vir die Afrikaanse kind van dieselfde ouderdom. Bowendien verduidelik die konteks - 'n land sonder katte en valle (17.22-24) - ook die idee voldoende vir die kinderleser om dit te begryp. Om dié rede word dit behou in die vertaling.

As dit geklassifiseer word volgens Moran se tipes assosiasie (kyk onder 7.3.1) is dit 'n predikatiewe assosiasie. Dit word verder versterk deur die opbou van kontekstuele assosiasies: Nog voor die naam vermeld word, word al verduidelik wat dit is: 'Hij was ...vooral idealistisch.... Hij wilde naar het land zonder katten en vallen. Hij beweerde dat het bestond. Musopia.' Die tegniek is hier dus die omgekeerde van die stereotiepe waar eers die naam vermeld word en dit dan verder 'ingevul' word. Hiermee word 'n klimakseffek bereik.

Die sterk parodiese karakter van hierdie naam verhoog die voorspelbaarheid daarvan. Alle lesers (groot en klein) weet dat dit nie kan bestaan nie, en dus ook - terwyl die muise vir Tos en Otje volg in hul omswerwing in 'n soort skaduwee-verhaal waarin hulle telkens ontnugter word - dat dit nooit bereik kan word nie. Na die aanvaarding van hierdie feit deur die muise (in die laaste hoofstuk), bereik hulle ironies genoeg min of meer tog die land sonder katte wanneer Tos en Otje vir Betsie weggee. In Tos se laaste gesprek met Otje lê egter ook weer 'n waarskuwing vir die muise opgesluit.

As twee duidelike uitsonderings onder die plekname omdat hulle nie fiktief is nie, word **New York** en **Klaverstraat** hier kortliks bespreek.

New York : Dit word in die verhaal ingebring om deel te wees van die assosiasies rondom mevrou Bontebaai, 'n effek wat slegs bereik kon word met die naam van 'n groot en bekende stad. Haffter (1984:23) beskou hierdie soort einaam as 'n sosiokulturele 'afkorting'. In hierdie geval vorm dit deel van die assosiasies rondom 'n ander einaam.

Klaverstraat : Hier gebruik die skryfster 'n bestaande straatnaam vir die woonplek van die twee tantes wat twee baie prosaïese en konvensionele karakters is. Om hulle in 'n straat met 'n uitsonderlike naam te laat woon, sou nie gepas het by hulle soort rol nie, veral nie in die verhaal van **Otje** nie, waar dit gou vir die leser duidelik word dat name 'betekenis' het. Daar is ook net die vae moontlikheid dat die skryfster met 'n soort ironiese humor dié naam gekies het wat net deur die omruiling van die tweede en derde letters 'n ander naam sou vorm, naamlik **Kalverstraat**, die beroemde en deftige winkelstraat in Amsterdam. As vertaling word **Klawerstraat** gegee.

7.2.2 Karaktername

Hieronder word name van karakters (mense en diere in hierdie verhaal) bespreek.

7.2.2.1 Bestaande eiename

Soos die plekname wil die name van karakters iets oordra aan die leser. Wanneer dit dan blyk dat sommige name heeltemal 'gewoon' of 'neutraal' is, moet ons in gedagte hou dat ook hulle iets kommunikeer. Hulle gewoone vorm 'n kontras, 'n soort klankbord of agtergrond vir die ander meer buitengewone karakters.

Op die uitsondering van die vier hoofkarakters na lyk dit asof hierdie bestaande name slegs gebruik word vir dié karakters wat onbelangrik moet wees, of net tipes is van gewone alledaagse karakters.

'n Hele aantal van hierdie name is in die vertaling net so behou, in enkele gevalle in 'n effense verafrikaanste vorm wat in hakies aangegee word. Vir 'n volledige lys, kyk onder Lys B onder 7.4.

Die vier hoofkarakters is:

Tos

Hy is nie 'n onbelangrike karakter nie, aangesien hy die tweede hoofkarakter naas Otje is. Sy baie doodgewone naam sê niks van besondere persoonlikheidseienskappe nie. Dit mag so gekies wees omdat hy nie geag word nie. Vergelyk 156.9: "...terwyl Tos aan de hoofdtafel zat naast de burgemeester. Hij was eregast. Niet meer de schichtige vervolgte vluchteling, maar een mens zoals alle anderen, een gast op het feest met een sigaar en een glas wijn."

Sy naam is ook die gewone Nederlandse afkorting vir Thomas. Dit lyk onwaarskynlik dat dit as 'n Bybelse verwysing opgeneem moet word, aangesien die hele res van die boek gekenmerk word deur 'n totale afwesigheid van dergelike verwysings. Ons het dus hier te make met 'n karakter rondom wie die assosiasies deur die skryfster geleidelik opgebou is in die loop van die verhaal, en niks of baie min ontleen word aan die naam van die karakter self. As ekwivalent word die Afrikaanse verkorte vorm Tom in die vertaling aangebied.

Otje

Dit is nie 'n algemene naam in Nederlands nie. Die seunsnaam **Ot** as afkorting vir **Otto** is wel bekend. Dit kan moontlik 'n aanduiding wees daarvan dat sy 'n rabbedoe is, 'n bietjie seunsagtig. Geen bewys kon gevind word dat **otje** ooit in Nederlands gebruik word vir 'n vuil of slordige kind soos **otjie** in Afrikaans nie. Daarom word **Ottie** liewer as vertaling aangebied.

Lodewijk en Suzie

Hulle is die muise, die twee hoofkarakters van die skaduweeverhaal, . As ons kyk na die vier hoofkarakters van hierdie verhaal, vind ons dat hulle al vier gewone, bestaande name het, en dat die assosiasies rondom hulle dus volledig bestaan uit die karakteropbou wat met die verloop van die verhaal plaasvind.

Dus verval die nodigheid om die naam te 'verduidelik' deur dit in die vertaling te vervang met iets anders. Gevolglik word hierdie name ook behou in die vertaling met die nodige verafrikaanste spelling.

Onder die bestaande name van 'gewone' karakters is daar een wat in die vertaling verander is:

Wachtmeester Jansen

Aangesien dit 'n baie algemene naam in Nederlands is, wil dit geen besondere eienskappe uitlig nie, behalwe wat deur die rang opgeroep word. 'n **Wachtmeester** is 'n onderoffisier. Sonder om werklik rangestruktuur na te gaan, lyk dit gerieflik om dit weer te gee met **Sersant**. Die naam **Jansen** is in Nederland die mees voorkomende van alle name. Daarmee wil die skryfster dan waarskynlik iets baie gewoons aandui, geen buitengewone karakter nie. In Afrikaans is **Jansen** wel bekend, maar het nie so 'n hoë frekwensie as in Nederlands nie. Daarom is gekies om dit weer te gee as **Sersant van der Merwe**. By hierdie naam het ons dus te make met twee duidelik onderskeibare assosiasies: die **rang** suggereer die soort gedrag wat die leser te wagte kan wees (bombasties, tree volgens letter van die wet op); die **naam** het die assosiasie van algemeenheid. Aan hierdie verwagtings word ten volle voldoen, want die karakter bly volkome binne die grense van voorspelbaarheid.

Vervolgens word 'n aantal ander bestaande name kortliks bespreek:

Herman

Assosiasie : manlike figuur, miskien groot en sterk, 'n assosiasie wat versterk (of opgebou) word uit die konteks ('een reusachtige herdershond', 'grote bek met tanden').

Herman is 'n uiters interessante karakter - skynbaar alles wat kwaai en streng is, maar by nadere kennismaking en onder sekere omstandighede in sy eie woorde 'week van binnen. En dan verzaak ik mijn plicht'. (p. 149). Aan die einde van die verhaal is hy baie verlig dat hy nie meer vir Tos hoef op te spoor nie, en hom vryelik kan laat streef deur Otje.

Arie (die windswael)

Aangesien nóg die Nederlandse nóg die Afrikaanse kind kan weet van die Latyns/Griekse assosiasie (aer: wind, lug) wat dit vir sommige volwassenes sal hê, en almal Arie as 'n gewone seunsnaam ken, word dit onveranderd gelaat.

Emilia en **Mimi** is die deftige name wat Marius Mengel aan die heldin en haar kat in sy verhaal gee. Omdat dit 'n weerspieëling is van hoe hy sy eie verhaal sien, en die name nie totaal vreemd is vir 'n Afrikaanssprekende kind nie, word dit so gelaat, met die verafrikaanste vorm **Miemie**.

Die naam **Heppie** word ook behou, maar wel in die Engelse vorm (**Happy**) wat vir die Afrikaanse kind 'n baie meer gewone (mode)woord is.

Onder die fiktiewe eiename is dit slegs **Juffrou Twiddel** en **Meneer Guus** wat hier geklassifiseer kan word, aangesien dit nie bestaande eiename is nie, maar daar nie betekenis vir die name vasgepen kon word nie. Hulle name tree dus op dieselfde manier op as die ander bestaande - en dus betekenislose - name wat nie vertaling benodig nie.

7.2.2.2 Eiename geskep met 'n spesifieke doel

Daar bly egter nog 'n aantal karaktername oor in hierdie verhaal wat opval omdat hulle nie bestaande name is nie, maar waarskynlik deur die skryfster bedink is om 'n sekere effek te bereik. Hulle is vervat in die tabel in Lys D onder 7.4. 'n Poging om hierdie name te ontleed met behulp van komponent-analise wat berus op referensiële betekenis (Nida, 1975:30), het dit gou duidelik laat word dat hulle trefkrag eerder berus op assosiasie.

Onder hierdie kategorie van eiename is daar die subkategorie van klanknabootsende name. Teoreties sou hulle net so moet bly staan, wat tog nie in alle gevalle so gedoen is nie, aangesien ook onomatopée in 'n mate bepaal word deur konvensie wat berus op die manier waarop die oor van elke taalgroep ingestel is. (Engelse honde maak tradisioneel bow-wow, Afrikaanses woef-woef). Hierdie name is vervat in Lys C onder 7.4.

By die bespreking van fiktiewe eiename wat doelbewus gekies is, gaan dit daaroor dat die vertaler probeer om rekenskap te gee van die bedoeling van die skryfster met die besondere eiename, dit wil sê van watter verwagtings sy bedoel het om te wek daarmee. Wanneer daar probeer word om die assosiasies van die eiename in die verhaal te ontleed, blyk dit dat daar verskillende soorte (of grade) van assosiasies is:

- 1 Intrinsieke (primêre) assosiasies, dit wil sê wat 'n mens te eniger tyd aan die betrokke woord sou koppel, sonder die invloed van enige konteks, dit wil sê waar die konnotatiewe betekenis baie sterk steun op die denotatiewe betekenis, byvoorbeeld die Kokkelse plas.
- 2 Kontekstuele assosiasies: uit die konteks verkry die naam 'n spesifieke assosiasie, met ander woorde die skryfster skep doelbewus 'n assosiasie met wat sy oor die plek/ karakter meedeel, en verlaat haar dan verder in die teks op hierdie assosiasie, byvoorbeeld Herman: 'een reus-achtig herdershond', 'grote bek met tanden' en ook: 'Lodewijk is zo moedig en flink'.
- 3 'n Kombinasie van 1 en 2: die intrinsieke assosiasies wat deur die naam opgeroep word, word versterk deur die konteks, byvoorbeeld Mevrouw Bontebaa. Die woord **bont** bring die assosiasie van pels, dus deftigheid en rykdom wat versterk word deur die besonderhede in die verhaal - die geel sportmotor, reise na New York en die hond wat in die sorg van die hotel gelaat word en elke dag biefstuk moet kry.

Die fiktiewe eiename met hul vertalings is saamgevat in Lys D aan die einde van hierdie hoofstuk .

Die ontleding van assosiasie kom eintlik neer op 'n voorspelling van die assosiasies wat die naam sal hê vir die leser, eerstens vir die eerste leser, dié van die bronteks. Daarna volg dan die besluit oor hoe om hierdie assosiasies te ewenaar in die vertaling sodat dit 'n min of meer ekwivalente assosiasie sal hê vir die leser van die doelteks (vertaling). Op dié manier kan die graad van ekwivalensie wat met die vertaling bereik is, geëvalueer word.

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n mens normaalweg glad nie gemoed is met die betekenis van 'n naam nie. Maar Annie Schmidt het (soos ander skrywers waarna verwys word onder 7.3.3) deur die gee van sulke name 'n soort verstandhouding geskep tussen skrywer/teks en leser, soveel so dat 'n mens dan begin wonder oor die 'betekenis' as sy 'n gewone, bestaande naam gebruik (vgl. 7.2.2.1).

7.3 PERSPEKTIEWE OP ASSOSIASIE

By die verkenning van literatuur oor assosiasie is daar gevind dat daar vanuit verskillende studievervelde 'n aantal interessante perspektiewe gebied word op name met voorbedagte assosiasies. Hier word dit vanuit die perspektief van die psigologie, die linguistiek, die literêre konvensie, die narratologie, die resepsie-estetika en die naamkunde (onomastiek) bekyk.

7.3.1 Psigologiese perspektief

Van der Made-van Bekkum (1973) het 'n psigologiese studie onderneem na die assosiasies wat 100 baie algemene Nederlandse woorde opgeroep het by 'n aantal skoliere en studente. Sy het gevind dat daar 'n beduidende verskil in reaksie is van jonger teenoor ouer kinders. Verder het sy vasgestel dat die assosiasiefrekwensie van die primêre reaksies op stimuluswoorde hoë tot baie hoë korrelasiekoëffisiënte het in alle gevalle. Sy beskou dit as 'n betroubare maatstaf van iets wat miskien genoem kan word die 'maksimale assosiatiewe valensie' van die stimulus vir 'n ander woord (1973:32). Toegepas op die probleem in hierdie hoofstuk, lyk dit of 'n mens minstens met redelike veiligheid kan aanneem dat daar iets soos 'n gemiddelde voorspelbare assosiasie by baie woorde is.

Van der Made-van Bekkum (1973:48) haal Moran, Mefferd en Kimble aan wat gevind het dat daar sekere algemene tipes assosiasies is wat in die response van proefpersone voorkom. Die tipes is:

teenoorgesteldes (klein - groot)

pasmaats (leeu - tier)

sinonieme (dokter - arts)

hiërargiese response (aap - dier)

funksionele response (bed - slaap)

en predikatiewe response (bloed - rooi; rooi - bloed)

By hierdie ses kategorieë voeg Van der Made-van Bekkum 'n sewende, naamlik leksikale voltooiings (house - keeper, omdat daar 'n woord soos **housekeeper** is)

Hierdie assosiasies word ook aangedui in Lys D onder 7.4.

Van der Made-van Bekkum (1973:44) gaan van die veronderstelling uit dat woorde oor die algemeen psigologies relevante leksikoneenhede is. Sy het gevind dat heel klein kinders geneig is om as reaksie op 'n stimuluswoord meer

as een woord te gee. Vanaf die vierde jaar begin hulle meer paradigmatisies reageer. Tot agt jaar is die mees algemene neiging om met substantiewe te reageer. Eers vanaf die twaalfde jaar neem die neiging om met adjektiewe te reageer, sterk toe. Hieruit lei sy af dat taalgebruikers ná hul vierde jaar steeds meer leer om leksikaal te reageer (dit wil sê met leksikoneenhede) met behulp van algemene semantiese strategieë. Sy noem as sulke strategieë byvoorbeeld die reageer met teenstelling en neweskikkings wanneer daar sprake is van vrye woordassosiasie in 'n toets. Hierdie strategieë sou ook gebruiksreëls kon wees wat 'n generalisasie of abstraksie is van semantiese kenmerke van leksikale eenhede, in hierdie geval byvoorbeeld van die polariteit van kenmerke soos manlik - vroulik, lewend - nie-lewend. Sy spreek die vermoede uit dat die assosiasietegniek 'n geskikte tegniek is om sowel die semantiese kenmerke van woorde as die reaksiestrategieë in die taalgebruik te bestudeer. Hiervoor noem sy die volgende aanknopingspunte:

1. Die grammatikale woordsoort van die reaksies

Van der Made-van Bekkum (1973:45,47) het gevind by ondersoek dat substantiewe as stimuli die grootste aantal paradigmatisiese reaksies uitlok. Selfs waar gebruik gemaak word van 'n groot aantal verskillende grammatikale woordsoorte as stimuli, is die substantief as reaksie verreweg die gewildste. Hierdie tendens is des te sterker by baie jong proefpersone. Vir die huidige studie het hierdie navorsing belang, aangesien dit gaan oor die vertaling van 'n kinderboek, en aangesien die assosiasies wat onder bespreking is, juis reaksies is op name wat dus merendeels substantiewe is. (Met die uitsondering van Marius Mengel en Meneer Pardoos kan al die name in die tabel in Lys D as substantiewe geklassifiseer word.) As ons egter na Kolom 2 en 3 op die tabel kyk (Primêre assosiasie en Moran se tipe assosiasie) blyk dit dat ses uit die elf predikatiewe assosiasies oproep - volgens die projeksie van die vertaler - wat beteken dat die primêre assosiasie in die meeste gevalle 'n adjektief sou wees. Hierdie skynbare teenstrydigheid kan verklaar word uit die opset waarmee die name in die verhaal gegee word, naamlik om 'n sekere karakter te tipeer. Die kind se vorming van assosiasies sou dus in elke geval 'n antwoord wees op die vraag: Hoe is ? eerder as: Wat is ...? By die name wat funksionele assosiasies het (drie uit die lys) is dit 'n antwoord op: Wat doen ...? Die skryfster se bedoeling was dus dat die assosiasies met die name beskrywend moes wees. Hierdeur word daar pertinent sterk aanspraak gemaak op wat 'n mens sou kon noem die 'predikatiewe valensie' van die naam. In hierdie opset is dit min of meer ondenkbaar dat die assosiasies die vorm sal aanneem van teenstelling, byvoorbeeld, aangesien

die verskuilde 'opdrag' in die fiktiewe eiename is: Dink hoe sal so 'n persoon wees. Dit is anders as die bedoeling van Van der Made-van Bekkum in haar ondersoek. Gevolglik kan 'n mens nie dieselfde resultaat verwag nie, en moet 'n mens rekening daarmee hou dat die assosiasies wat die skryfster van Otje se name oproep, nie beskryf kan word as 'vrye woordassosiasie' nie.

2. Die aard van die relasie tussen stimulus en reaksiewoord

Relasies ingedeel in logiese kategorieë

In 'n poging om stimulus-reaksiepare in te deel op grond van die relasie tussen die twee, word die relasie dikwels beskryf in terme van logiese kategorieë soos teenstelling, sinonieme of onderskikking. Moran et al. (1964) het gevind dat selfs by die opdrag van vrye woordassosiasie proefpersone geneig het om hulleself te beperk deur op een spesifieke manier te reageer, byvoorbeeld d.m.v. teenstelling, en ook dat individue oor 'n tydperk en oor verskeie toetse hou by dieselfde tipe beperking of voorkeur.

Daar is egter ook met uitgebreide toetse gevind dat die assosiasies met die hoogste frekwensie tot meer as een kategorie gereken kan word. (Bv. 'jonk-oud' is nie slegs teenstellend nie, maar kan ook neweskikkend wees - 'jonk en oud was daar' - of funksioneel - 'eers is jy jonk, en dan word jy oud'.) Hieruit maak Van der Made-van Bekkum (1973:51, LW nie Moran nie) die gevolgtrekking dat wanneer reaksiewoorde tot meer as een kategorie gereken kan word, die feit dat 'n sekere stimulus in 'n hoë persentasie gevalle dieselfde reaksie gekry het, te wyte kan wees daaraan dat die stimuluswoord verskeie valensies het wat heelwat van mekaar verskil en ook dat proefpersone baie verskillende reaksiewyses het, wat soms op dieselfde resultaat uitloop. Nog 'n bepalende faktor by woordreaksies is die beskikbare aantal leksikale alternatiewe wat moontlik is.

Relasies ingedeel in grammatikale kategorieë

Van der Made-van Bekkum (1973:51-55) het toetse gedoen met woordpare wat proefpersone in sinne moes gebruik. Daar is gevind dat die vinnigste reaksietyd gemeet is by die pare wat bestaan het uit substantief + adjektief. Verder is gevind dat in 83% van die gevormde sinne die tweede woord van die voorgelegde woordpaar deel was van die predikaat.

Die implikasies vir hierdie studie kan soos volg saamgevat word: In die geprojekterde reaksies op die eiename in die tabel in Lys D het ook geblyk dat die vorming van 'n subst. + adj.-paar die meeste voorgekom het, wat dus as

predikatiewe assosiasies geklassifiseer kan word. Hoewel daar in gedagte gehou moet word dat hierdie eiename te klein in aantal is om as 'n eksperimentele corpus gereken te word, lyk dit tog of predikatiewe assosiasies verreweg die mees voorkomende soort assosiasies is.

Ander eksperimentele werk oor vrye en beperkte woordassosiasie is gedoen deur Moran, Mefferd & Kimble (1964), deur Moran (1966,1967) asook deur Bousfield en Puff (1965). Aangesien 'n groot deel van hierdie eksperimentele werk gewy is aan die ondersoek van die eksperimentele metode self, het dit eintlik geen implikasies vir vertaling nie. Die implikasies wat dit wel het, is die volgende:

- 1) Dit bewys onomstootlik die verskynsel van assosiasie, en die bestaan van sekere baie algemene assosiasies by sommige woorde.
- 2) Dit bewys dat die tipe assosiasie wat gemaak word, beperk of gerig kan word deur die opdrag wat tydens die toets aan proefpersone gegee word (vergelyk die opmerking oor die verskuilde 'opdrag' hierbo).

7.3.2. Linguistiese perspektief

Clark (1970:275) gee 'n linguistiese verklaring van hoe assosiasieresponse werk. Hy probeer 'n ontleding gee (1970:275-284) van die linguistiese reëls wat toegepas word by die gee van assosiasieresponse. Hy volg die tradisionele onderskeid tussen paradigmatische en sintagmatiese response (vgl. De Saussure (1966:82-23) oor sintagmatiese en assosiatiewe verhoudings). Aangesien hy dit stel dat paradigmatische response (in assosiasietoetse) baie meer voorkom by volwassenes, terwyl ons hier met 'n kinderboek te make het, en aangesien daar reeds aangetoon is dat die meeste assosiasies wat ter sprake is by hierdie vertaling predikatief, dus sintagmaties van aard is, word slegs die sintagmatiese reëls hier bespreek. Hy behandel twee reëls wat 'n skynbare verklaring bied vir die meeste sintagmatiese assosiasieresponse:

1. Die reël van die realisasie van die seleksiekenmerk

Die lys van (semantiese) kenmerke vir 'n woord bevat dikwels seleksiekenmerke wat deels die betekenis karakteriseer van die potensiële konteks van die woord. So het die adjektief **jonk** seleksiebeperkings ten opsigte van die s.nwe wat dit kan bepaal. Baie van die response op **jong/jonk** is bloot spesifieke verwerklikings van hierdie eienskap, byvoorbeeld **seun, kind, meisie, man**. Om hierdie respons te gee, het die respondent die gedeeltelike kenmerkelys ('partial feature list') geneem [+s.nw., +lewend] en dit aangevul met ander kenmerke, en die resultaat

gegee. Die bygevoegde kenmerke was dikwels ander kenmerke van **jong**, aangesien party response woorde was met die kenmerk [-volwasse] (seun, meisie, kind). Die reël wat hierdie response verklaar, kan soos volg geformuleer word:

Neem die kenmerke wat gespesifiseer word deur 'n seleksiekenmerk, voeg soveel kenmerke by as wat nodig is vir 'n oppervlakte-realisasie; verder, beperk jouself tot die belangrike deel van die seleksiekenmerk, dié deel wat 'n leksikale woord spesifiseer.

Die name in die tabel in Lys D waarvan die assosiasies volgens Moran se indeling as predikatief geklassifiseer is, val dus saam met hierdie reël van Clark. Wat wel opvallend is, is dat hierdie realisering van seleksiekenmerke (predikatiewe assosiasie) in al hierdie gevalle volg op s.nwe., terwyl Clarke verwys na Chomsky, (1965) wat selfstandige naamwoorde sien as sonder enige seleksiekenmerke, hoewel werkwoorde, adjektiewe en ander kategorieë dit wel het. Dit impliseer dat selfstandige naamwoorde taamlik min sintagmatiese response behoort uit te lok. As bewys hiervoor haal hy die werk aan van Deese (1962) waar selfstandige naamwoorde uit 'n groot aantal stimuli slegs in 21% van die gevalle sintagmatiese response uitgelok het, teenoor die 48% by werkwoorde, en 50% by adjektiewe.

Hierdie skynbare teenstrydigheid kan myns insiens verklaar word uit die opset waarmee die name in die verhaal gegee word, naamlik om 'n sekere karakter te tipeer (soos verduidelik onder 7.3.1). Die kind se vorming van assosiasies sou dus in elke geval 'n antwoord wees op die vraag: Hoe is ? eerder as: Wat is ...? Laasgenoemde sou 'n paradigmatische assosiasie opgeroep het.

2. Die reël van die voltooiing van idiomatiese uitdrukkings

Response op stimuli vorm dikwels saam met die stimulus 'n algemene idiomatiese uitdrukking, byvoorbeeld wit - huis; maas - kaas.

Die reël wat ten grondslag lê van so 'n respons stel Clark (1970:282) by gebrek aan beter semantiese spesifikasies vir idiomatiese uitdrukkings soos volg:

Vind 'n idiomatiese uitdrukking waarvan die stimulus 'n deel vorm, en verskaf die volgende belangrike woord.

Wat Clark hier beskryf, is in wese dieselfde wat Van der Made-van Bekkum (as toevoeging tot die kategorieë van Moran) leksikale voltooiings noem.

Hierdie tweede reël van Clark vir sintagmatiese assosiasies, kan ook van toepassing gemaak word op dié name uit die tabel in Lys D waarvan die assosiasies volgens Moran se kategorieë as funksioneel aangegee is. Dit is wel belangrik om daarop te let dat die meeste van die name reeds twee komponente bevat (terwyl Clark praat van een komponent wat 'n ander suggereer) maar dat hierdie twee komponente dan wel 'n derde suggereer:

Meneer (sal) Self (kom)

Juffrou Môrester (kom vroeg uit)

Meneer (laat ander na sy) Pype/dans

Marius Mengel (flans dinge saam)

7.3.3 Die perspektief van literêre konvensie

Brink (1987:71) sê die volgende oor die eiename van karakters in literêre werke, 'die eerste verskyning van 'n nie-historiese eienaam skep 'n soort semantiese 'spasie' of 'oopte' in die teks': dit is in der waarheid 'n 'leë teken', 'n betekenaar wat nog geen betekende gevind het nie, maar wat 'n oopte gereed hou om gevul te word' (vgl. Iser oor gapings, 2.2.2)

Mieke Bal (1980:91) meen in haar inleidende werk oor narratologie dat elke karakter min of meer voorspelbaar is, en dat elke volgende mededeling oor die karakter dan die moontlikhede van wat gaan volg, verder beperk. So noem sy byvoorbeeld geslag, beroep, die persoon van die verteller en dan ook die beperkings wat deur 'n naam opgelê word. Daarin lê, behalwe die geslag, dikwels ook sosiale status en geografiese herkoms opgesluit. Name kan ook gemotiveer wees, dit wil sê betrekking hê op eienskappe van die karakter. Sy noem voorbeelde uit die werk van Agatha Christie. Hier moet dan ook duidelik gestel word dat hoewel die gebruik van fiktiewe eiename opval in hierdie boek, dit hoegenaamd nie uniek is in die letterkunde nie. Dit is trouens 'n konvensie wat by 'n hele aantal bekende skrywers aangetref word. Ons verwys hier vlugtig na Shakespeare (met name soos Malvolio, Benvolio; Congreve (vergeelyk die volgende name, almal uit *The Way of the World*: Sir Willfull, Lady Wishfort, Petulant, Mirabell, Fainall), Dickens (met sy Scrooge, Oliver Twist, Richard Swiveler), Sheridan (Lady Sneerwell, Mrs. Candour uit *The School for Scandal*) en selfs Etienne le Roux (vgl. die keuse van die naam Salome vir die vroulike

hoofkarakter in *Sewe dae by die Silbersteins*). By Dickens was dit 'n integrale deel van sy verteltegniek. Soos die res van sy beskrywing, was dit bedoel om sekere dinge aan die leser te kommunikeer en om meteens 'n baie spesifieke impak op die leser te maak (vgl. Sucksmith, 1970:15).

Smith (1966:497) sê: 'Fiction, especially the more vulgarly humorous, tends definitely to employ names evolved from words which serve to suggest the character portrayed.' By skrywers wat van hierdie konvensie gebruik maak, vind 'n mens gewoonlik dat dit die karakters is wat betreklik simplisties voorgestel word wat sulke name het, veral in satiriese werke. Dit klop ook met die bevinding dat die name in *Otje* wat so is, min of meer eenduidig is, dus nie 'n hele aantal eienskappe benoem nie. Die implikasie vir die vertaling is dus dat die name van sulke karakters ook in die doelteks hierdie eienskappe moet benoem. Die karakters wat minder van karikature is en meer hoofrolle speel, het gewoonlik nie sulke name nie. Vergelyk die bespreking van die name van Tos, Otje, Lodewijk en Suzie onder 7.2.2.1. Dit geld ook (in die meeste gevalle) vir sulke karakters in Dickens.

7.3.4 Narratologiese perspektief

Wanneer ons die verhaal ontleed volgens die aktansiële model van Greimas, kom daar 'n aantal baie interessante aspekte na vore: Volgens Greimas is daar 'n basiese gemeenskaplike 'grammatika' wat aan die lig kom by strukturele analise van 'n verhaal, wat net so basies onderliggend is aan verskillende verhale as wat Chomsky se 'competence' onderliggend is aan enige taaluiting of 'performance' (Hawkes, 1977:89). Op grond van hierdie onderliggende permanente struktuur wat in dieselfde verhouding tot verhale staan as *langue* tot *parole*, ontwikkel Greimas sy model van aktante, dit is vaste rolle waarin akteurs sekere funksies vervul (Du Plooy, 1984:172). As strukturalis is Greimas geïnteresseerd in die verhoudings tussen elemente, en dus kyk hy na gebeure en akteurs vanuit die verhoudings van die akteurs tot die gebeurtenisse wat hulle veroorsaak of ondergaan. Hy veronderstel doelgerigtheid by die menslike denke en handeling, en daarom is sy model daarop gerig om die verhouding tot die nagestreefde doel weer te gee. Met ander woorde hy werk op die aanname van 'n teleologiese relasie tussen die elemente van die geskiedenis. Na aanleiding van die verhouding waarin die akteurs staan tot die nagestreefde doel, maak Greimas 'n klassifikasie van akteurs, en elke klas akteurs noem hy 'n aktant. Die strewe (inspanning om die doel te bereik) beskou hy as die kern van die geskiedenis. Die verhouding waarin die aktant (klas van akteurs) staan tot die

strewes, noem Greimas die funksie (Brink, 1987:23). Behalwe dat hy by elke verhaal 'n fundamentele struktuur veronderstel, beweer hy dat hierdie struktuur analoog sal wees aan die semantiese struktuur van die sin. In hierdie indeling werk Greimas op die basis van die werk van Propp (1968, aangehaal deur Rimmon-Kenan, 1983:20-22, en deur Du Plooy, 1984:174) wat hy verder reduseer. Hier word slegs verwys na die model van Greimas self sonder verdere aanduiding van die werk van Propp. Greimas onderskei drie pare binêre teenstellings waarin alle aktante pas en wat alle funksionele akteurs van enige verhaal insluit, nl.:

- 1 **Subjek versus objek.** Die subjek is die held, die objek is die persoon of saak wat die held graag wil verwerp. Die verhouding tussen die twee aktante stem ooreen met die verhouding tussen die onderwerp en die voorwerp in die sin.

- 2 **Begunstiger en begunstigde.** 'n Subjek kan dikwels nie sy doel bereik nie, en word daartoe in staat gestel of daarvan weerhou deur ander magte wat 'n rol speel in die verhaal. Die aktant wat die strewe van die subjek aanhelp of begunstig, is die begunstiger, en die ontvanger van die objek is die begunstigde. Dikwels is die subjek en die begunstigde dieselfde karakter.

- 3 **Helper en teenstander.** 'n Verhaal word gekompliseer en uitgebrei deur die aktante van helper en teenstander - die subjek kry hulp of kry met teenstand te doen. Hierdie kategorieë stem ooreen met bywoordelike bepalinge in die sinstruktuur. Die aktante van helper en teenstander staan nie in 'n direkte verhouding tot die objek nie, maar tot die funksie wat die subjek en objek verbind. Die helper en teenstander is aktante wat slegs 'n sekondêre rol speel, omdat hulle slegs by geleentheid die verhaal beïnvloed, wat in dieselfde verhouding staan tot die hoofaktante as byvoeglike naamwoorde tot selfstandige naamwoorde of bywoorde tot werkwoorde in die sin.

In die verhaal van Tos en Otje se omswerwinge, is die **papiere beslis** 'n aktant, en wel as **objek**, aangesien dit die doel is waarna die hele tyd gestrewe word. (Dit het die implikasie vir die vertaling dat dit foutief sou wees om dit soms as **dokumente** te vertaal. Dit val ook op dat daar verskillende ondergeskikte intriges in die verhaal is waarin papiere 'n groot rol speel: die verdwyning van die papiere uit die raadshuis van Kokkelburg, en ook die verdwyning van Tos se

hospitaalpapiere uit Zuster Snijbiet se kantoor. In albei gevalle word dié papiere uiteindelik deel van die verhaal van Tos se papiere.) Die teëhanger van hierdie objek in die verhaal van die muise is die land Musopia.

Wanneer ons kyk na die elf name wat in die tabel in Lys D vervat is, blyk dit dat elkeen van hierdie karakters 'n belangrike rol speel in een of meer episodes voordat die verhaal weer verder beweeg. Hulle kan almal volgens die model van Greimas ingedeel word as óf helpers óf teëstanders. Teëstanders is dan: meneer Pardoes, mevrou Bontebaaï, meneer Zelf, en Zuster Snijbiet. Wanneer die rol van Admiraal Strafport goed ontleed word, sien ons sy naam klink ongunstig, tog help hy Tos aan 'n salaris wat hom in staat stel om sy motor se reparasies te betaal. Dit bring Tos in werklikheid niks nader aan sy eintlike doel, naamlik om wettige papiere te bekom nie, en die vertraging van die seereis veroorsaak vir Otje probleme by die tantes en lei indirek tot die opname van Tos in die hersteloord, sodat daar sekerlik ook 'n saak uit te maak is daarvoor dat Admiraal Strafport eintlik 'n teëstander is. As ons dit aanvaar, kan ons met veiligheid beweer dat die skryfster vir die teëstanders in hierdie verhaal almal spottende of onaangenaam-klinkende name gekies het.

Marius Mengel, Heppie die hond, Juffrou Twiddel, Juffrou Ochtendster en meneer Pijpetoon (alias Dr H. van Zwavel) moet gereken word tot helpers. Hierdie indeling word versterk deur die feit dat hulle almal (behalwe Juffrou Ochtendster) weer in die laaste hoofstuk verskyn as besoe kers by Tos se hotel.

As ons die model van Greimas verder toepas, kan ons die voëls as **begunstigers** deur die hele verhaal sien (vgl. 161.11-14: ' 't Is allemaal in orde gekomen, dank zij de burgemeester van Kokkelburg,' zei hij. 'Nee,' zei Otje. 'Dank zij de vogels.')

Hierby kom ook Herman, die hond, wat aanvanklik na 'n teëstander lyk, en tog telkens in die loop van die verhaal weer Tos en Otje se saak bevorder.

Hierdie ontleding op die model van Greimas bring ons tot die volgende baie interessante gevolgtrekkings wat ook implikasies het vir die vertaling:

- 1 Die hoofkarakters (subjekte) het gewone, bestaande name (Tos, Otje, Lodewijk en Suzie).

- 2 Ook die begunstigers wat deurgaans tot hulp van die subjek(te) kom, het gewone bestaande name, behalwe die voëls wie se name klanknabootsend is.
- 3 Die helpers en teëstanders wat almal net vir een of twee episodes optree, het fiktiewe name wat spottende, onaangename of (in die geval van helpers) aangename assosiasies het. Daar is gepoog om dit in die vertaling te ewenaar.

7.3.5 Perspektief verkry uit die teorie van resepsie-estetika

Die kwessie van assosiasie kan aangeknoop word by Jauss (vgl. 2.2.1) se begrip van **verwagtingshorison** by die lees van 'n literêre werk, en die **estetiese afstand**, dit wil sê die verskil wat daar is tussen die leser se verwagting en die aanpassing wat hy moet maak by wat hy in die teks aantref. As ons kyk na die eiename in die tabel in Lys D by hierdie hoofstuk, is dit duidelik dat die estetiese afstand veral hier ter sake is by hierdie oorspronklike geskepte name en die assosiasies wat hulle oproep en ook dat dit wisselend is. Sommige is baie voor die hand liggend (meneer Pardoes : Meneer Kaplaks (vgl.67.5); Marius Mengel; Juffrou Ochtendster : Juffrou Môrester). Ander verg 'n bietjie meer 'dinkwerk' van die leser (mevrouw Bontebaaï : Mev. Pelsekleed; Admiraal Strafport; meneer Pijpetoon : Meneer Pypedans). Verder word die inspanning aan die leser se kant aangehelp deur die versterking van die assosiasies met wat nog meer in die teks meegedeel word oor die betrokke karakter, sodat met veiligheid gesê kan word dat nie een van die eiename in *Otje* so teen die verwagtingshorison ingaan dat dit onbegryplik word vir die leser nie. In die vertaling is ook daarna gestreef om dit so te hou, met inagneming van die doeltaallesers se verwysingsraamwerk.

Bal wys ook daarop (1980:92) dat aan die verwagtings wat geskep word, voldoen kan word, of hulle kan deurbreek word. In die verhaal van *Otje* is geen enkele voorbeeld van laasgenoemde gevind nie, behalwe dat die karakters van Tos en *Otje* nie so eenvoudig blyk om te voorspel nie. Albei doen ook dinge wat 'n mens by die eerste kennismaking nie sou verwag het nie. Die hoë mate van voorspelbaarheid hou waarskynlik verband daarmee dat dit 'n kinderverhaal is, en dat die voorspelbaarheid van die karakter ten nouste saamhang met die verwysingsraamwerk van die leser.

7.3.6 Naamkundige perspektief

Uit die naamkunde-studie van Kruger (1988) wat 'n ontleding gemaak het van 'n aantal name in Sepulana ('n Noord-Sotho-dialek) word 'n interessante perspektief verkry. Kruger gee 'n beskrywing en ontleding van al die verskillende name wat iemand van hierdie stam gedurende sy leeftyd gegee word (nege altesame). Sy kom tot die gevolgtrekking dat die naamgewer put uit sy kennis (of intuïtiewe aanvoeling) van die werklikheid wanneer naamgewing plaasvind. Die werklikheid dien dus as 'n stimulus vir naamgewing. Die naam het as bron een of meer aspekte van die totale werklikheid.

Hierdie bevinding kan myns insiens ook van toepassing gemaak word op fiksie (by name die tipe fiksie wat ons in *Otje* het) waar ons dan te doen het met die 'verhaalwerklikheid' (eie term) wat deur die skrywer daargestel word en waarvan ook net sommige aspekte deur hom geselekteer word om te aksentueer.

Kruger (1988:60) lê breedvoerig uit dat persoonsname in die Afrikatale deel vorm van 'n kommunikatiewe handeling. Wat belangrik is, is om die name nie na hulle oënskynlike woordelike betekenis te skat nie, maar na die verskuilde semantiese waarde daarvan soos bedoel deur die naamgewer (Kruger, 1988:170). In die geval van byname is die semantiese inhoud meer eksplisiet. Die semantiese inhoud van die bynaam (in Sepulana) het betrekking op die naamdraer self en sy ervaring van die wêreld (Kruger, 1988:171).

Daar moet in gedagte gehou word hoe groot die verskil is tussen die kultuur van die Afrikatale en die westerse kultuur. Nogtans kom 'n duidelike parallel na vore tussen die bedoeling met die fiktiewe einame in *Otje* (Lys D) en die gee van byname deur die sprekers van Afrikatale. In albei gevalle selekteer die naam 'n eienskap of handeling en lig dit uit. Ook hierdie perspektief het die implikasie vir vertaling dat hierdie eienskappe geanaliseer en in die doeltaal geëksplisiteer moet word.

Soos by die Afrikatale lê in Bybelname (die eerste wat aan 'n kind gegee is, dus nie byname nie) opgesluit wat die naamgewer/ouer beweeg of aangespreek het by die geboorte (vgl. Gen 30:11) (Noth, 1980:5). Boonop is die gee van byname na aanleiding van gebeurtenisse of karaktereenskappe - wat inhou dat die oorspronklike naam nie altyd gehandhaaf word nie - 'n praktyk wat ook uit die Bybel aan ons bekend is, vergelyk Abram > Abraham (Gen. 17:5), Jakob > Israel (Gen 32:28). Noth, wat 'n studie gemaak het van Semitiese en Israelitiese naamgewing, waarsku dat in dié studieveld moeilik 'n eenduidige uitleg aan 'n

enkele naam gegee kan word, en dat dit eers met sekerheid verklaar kan word wanneer dit **qua** vorm en inhoud met ander name verbind word. Hoewel dit baie verskil, moet in die onderhawige studie van eiename ook daarop gelet word dat daar slegs tot die tipe gevolgtrekkings gekom kan word wat hier aangebied word omdat elke fiktiewe naam gesteun word deur meer sulke name, en omdat die konteks waarin die naam gebruik word, dit verder 'verduidelik'. Noth (1980:12) verdeel op grammatikale gronde Semitiese name in twee hoofgroepe: name wat direk betrekking het op die draer en as selfstandige naamwoorde behandel kan word, en name wat op sigself 'n sin vorm. Dit kom voor of hier weer eens 'n indeling gegee word wat korrespondeer met die predikatiewe en funksionele assosiasies soos genoem onder 7.3.1 en 7.3.2. Dit is egter belangrik dat die name in **Otje** meer ellipties van aard is, en die Israelitiese persoonsname baie meer eksplisiet.

Gemser (1924:3) wys op die feit dat by die ou volke meesal in die naam iets weergegee is van die persoon en die naam gelyk geag is aan die persoon. Stamm (1939:9) stel dit ook eksplisiet dat die naam wat ouers aan kinders gegee het, dikwels 'n uiting was van hulle eie emosies of wense vir die kind, afgesien van vernoeming wat 'n kontinuering van hulself was. Met huiwering sou 'n mens ook die volgende woorde van Gemser (1924:2) van toepassing kon maak op die skrywer wat 'n karakter skep, hom/haar 'n besondere naam gee, en dan verder laat optree in die verhaal: 'Scheppen, benoemen en het lot bepalen zijn drie momenten van dezelfde daad, het is dezelfde daad uit verschillend oogpunt gezien.'

'n Mens sou redelikerwys kon aanvaar dat die kennis van sulke Bybelse naamgewing en naamsveranderinge deel uitmaak van die meeste Afrikaanssprekende kindes se verwagtingshorison en dat dit hulle des te meer ontvanklik maak vir dié tipe name in **Otje**, en die weergawe daarvan in die vertaling.

7.4 LYSIE VAN NAME UIT OTJE

LYS A : PLEKNAME

Hotel De Koperwiek : Die Koper Lyster Hotel

De Kroon : Die Kroon

De Stevige Pot : Die Stewige Pot

Garzelen : Garsalia

Hollebroek : Holspruit
Hotel Do-Do : Hotel Do-Do
Klaverstraat : Klaverstraat
Kokkelburg : Kokkelburg
Kokkelse plas : Kokkelse meer
Koordwijk : Koordwyk
Musopia : Musopia
Rusthuis Vredelief : Hersteloord Vredelief
Weldorp : Weldorp

LYS B : BESTAANDE EIENAME

(Slegs veranderings word aangedui.)

Annemarie
Arie
Bessie
Betsie
Dirk
Dirk-Jan
Emilia
Heppie : Happy
Herman
Jan
Lenie
Lodewijk : Lodewyk
Margriet : 'n tydskrif
Mimi : Miemie
Otje : Ottie
Riekje : Riekie
Suzie : Susie
Tante Lena : Tant Lena
Tante Mies : Tant Mien
Tos : Tom
Truus : Truida
Wachtmeester Jansen : Sersant van der Merwe

LYS C : KLANKNABOOTSENDE NAME

Boef

Kwark

Tiet : Twiet

Toep

LYS D : FIKTIEWE EIENAME MET SPESIFIEKE ASSOSIASIES

Naam	Primêre assosiasie	Moran se tipe assosiasie	Kontekstuele assosiasies	Vertaling
Meneer Pardoos	halsoorkop	predikatief	onhandig	Meneer Kaplaks
Marius Mengel	gooi dinge bymekaar	funksioneel	flans stories aanmekaar	Marius Mengel
Mevrouw Bontebaaï	rykdom deftigheid	predikatief	geel sportmotor reis na New York	Mevrou Pelsekleed
Meneer Zelf	grappige naam	leksikale voltooiing	personeel skrik as hy kom	Meneer Self
Admiraal Strafport	strengheid hawe	predikatief	word kwaad veeleisend	Admiraal Strafport
Juffrou Ochtendster	kom vroeg uit	funksioneel	doen vroeg rondes	Juffrou Mōrester
Meneer Pijpetoon	'n fluit lied	funksioneel	bring wending laat mense dinge doen	Meneer Pypedans
Falderal Halsigeen Denderon Tranidal Miximax Flippodrol Psigodram	Onbekende dinge waar -mee dokter familiêr omgaan Grappig	hiêrargies = medisynes	word voorgeskryf vir Tos Voëls herhaal name met spot/verwondering	Behou so

Zuster Snijbiet	ongewilde groente	predikatief	kwaai onaangenaam	Suster Spinasie
Dr. H. van Zwavel	imponerend belangrik	predikatief	vermomming doelbewus bombasties	Dr. H. van Zwavel
Musopia	1.muis 2 luilekker	predikatief	word nooit bereik nie	Musopia

7.5 VERTAALSTRATEGIE VIR DIE VERTALING VAN EIENAME IN KINDERBOEKE

- * Name wat nie bedoel is om besondere informasie te kommunikeer nie, moet in die vertaalde teks **behou** word in 'n vorm so na as moontlik aan die bronteks.
- * Sulke name moet egter wel aangepas word by die doeltaal se **spellingsisteem** en by die **doeltaalkonvensies** in verband met afkortings van name.
- * Name wat ooglopend bedoel is om sekere **assosiasies** te wek, moet **ontleed** word met die oog daarop om vas te stel wat die essensie is van die assosiasie wat gekommunikeer word. Sekere linguistiese en psigologiese perspektiewe kan van nut wees om die soort assosiasie te bepaal.
- * Nuwe name wat 'n soortgelyke assosiasie by lede van die doeltaalkultuur sal wek, moet **gekonstrueer** word.
- * Twyfel oor die belangrikheid van 'n naam kan verhelder word deur 'n **narratologiese ontleding** van die rol van die karakter wat die naam dra.
- * Name wat as byname geklassifiseer kan word vanuit 'n naamkundige perspektief of vanuit die perspektief van literêre konvensie, moet in die doelteks s6 gekonstrueer word dat hulle dieselfde eienskappe uitlig as die name in die bronteks.
- * Eiename wat deur die vertaler verander word, moet inpas by die oorkoepelende vertaalbeleid wat gevolg is. Indien daar nie getransponeer word na byvoorbeeld 'n volledige Afrikaanse **milieu** nie, moet name wat feitlik uitsluitlik met Suid-Afrika geassosieer word, ook vermy word.

DEEL IV : SAMEVATTING

HOOFSTUK 8 SAMEVATTENDE KONKLUSIES EN AANBEVELINGS

Die eerste doel van hierdie studie was om **vertaalprobleme** wat by die spesifieke vertaalprojek sou opduik, in hierdie geval die vertaling van die Nederlandse kinderboek *Otje* deur Annie M.G. Schmidt na Afrikaans, te **identifiseer** en te **klassifiseer** in tipes.

Daar is gevind dat probleme verdeel kon word in **sosiolinguistiese** en **suiwer linguistiese** probleme. Onder eersgenoemde groep is alle probleme uiteindelik tuisgebring en behandel onder **Landeskunde**. Die suiwer linguistiese probleme het uiteengeval in **sintaktiese** en **leksikale** probleme. Onder eersgenoemde is die vertaling van die Nederlandse teenwoordige deelwoorde en die werkwoorde behandel in twee afsonderlike hoofstukke. Ander sintaktiese probleme wat wel aangeteken is, maar nie in 'n hoofstuk verwerk is nie, word kortliks genoem in die inleiding tot dié afdeling. Onder leksikale probleme is die vertaling van die eiename in die boek behandel. Ook hier word kortliks leksikale probleme aangestip wat nie in 'n hoofstuk opgeneem is nie.

Tweedens is as leemte aangedui die **bestaande gebrek aan literatuur oor die vertaling van kinderboeke**. Ter aanvulling hiervan is telkens aangetoon hoe die keuse van oplossings vir spesifieke probleme beïnvloed en gerig is deur die oorweging dat die vertaalde teks bedoel is vir kinderlesers. Oorwegings soos die volgende is ter sake:

Probleme van **kultuurvreemde dinge** kon nie opgelos word deur voetnotas of 'n woordelys nie. Alle oplossings moes binne die teks self geskied.

Alternatiewe by die vertaling van die **teenwoordige deelwoorde** moes dikwels uitgeskakel word omdat dit te moeilik sou wees vir die kind, of te hoogdrawend om in die register van 'n kinderboek te pas.

Oorwegings by die vertaling van die **werkwoorde** was in die eerste plek gemik op **natuurlike Afrikaans**, wat boonop verstaanbaar moes wees vir die kinderleser.

'n Aantal **eiename** in die boek is deur die skryfster gekies om sekere dinge aan die kind te kommunikeer. Dit was van die

uiterste belang om met behulp van analise vas te stel wat die boodskap was wat hulle moes oordra en dit weer te gee in name wat vir die kind hierdie boodskap sou kommunikeer.

As doelstelling is genoem die integrering van teorie en praktyk in vertaling. Daar is gepoog om te werk in die lig van toepaslike **linguistiese, vertaal- en literatuurteorie**. Landeskundige probleme is benader in die lig van die teoretiese insig dat elke teks ingebed is in 'n kultuur en dat die vertaalde teks ook moet inpas in die doeltaalkultuur. Ook die sintaktiese probleme het die vertaler voor die eis te staan gebring van dinamiese ekwivalensie, in hierdie geval dat die sintaksis van die doeltaal die bepalende faktor is by die formulering van vertaling. So moes by die vertaling van die werkwoorde die werkwoordsisteem van die brontaal heeltemal laat vaar word, hoewel die twee tale so nou verwant is, terwyl daar oorgegaan word na 'n ander soort sisteem waar werkwoorde nie primêr tyd aandui nie, maar eerder aspek. Diskoersanalise het hiervoor 'n waardevolle hulpmiddel gebied.

By die vertaling van eiename het 'n hele aantal teoretiese perspektiewe gehelp om tot bevredigende resultate te kom. Die vertaalprobleem hier was dat sekere eiename geskep is om sekere assosiasies te wek. Uit psigologiese studies kom die perspektief dat baie woorde 'n gemiddelde voorspelbare assosiasie het. Uit die linguistiek kom die perspektief dat die vorming van sintagmatiese assosiasies waarskynlik beheer word deur 'n reël vir die realisasie van die seleksiekenmerke, en 'n reël vir die voltooiing van idiomatiese uitdrukkings. Literêre konvensie toon 'n neiging om sekere (karikatuuragtige) karakters name te gee wat berekende assosiasies oproep. Dit strook met die naamgewing in **Otje**. Wanneer die narratologiese teorie van Greimas toegepas word op 'n ontleding van die karakters van **Otje**, word gevind dat juis dié wat as helpers en teenstanders getipeer moet word, hierdie soort name gekry het. Die feit dat hulle saamgegroepeer word deur 'n toepassing van hierdie teorie, het die vertaler se vermoede versterk dat hulle as 'n aparte groep behandel moet word onder die eiename.

Die teorie van resepsie-estetika met die begrippe **verwagtingshorison**, **estetiese afstand** en **gapings** wat gekonkretiseer moet word, werp lig op die wyse waarop hierdie eiename in die teks sekere verwagtings skep, hoe dit bydra tot die genot van die verhaal, en dus ook op die soort vertaling wat vir hulle geskik is. Terselfdertyd hou dit vir die vertaler 'n waarskuwing in om nie te ver buite die (gemiddelde) kind se verwagtingshorison te gaan nie. Ook die begrippe

implisiete leser en lesersgemeenskap verskaf aan die vertaler insigte met betrekking tot sy teikenlesers.

Uit 'n naamkundige perspektief gesien, kwalifiseer dié besondere eiename as byname wat sekere karaktertrekke selekteer om te aksentueer.

Daar is ook in die vooruitsig gestel dat hierdie studie 'n pertinente bydrae sou kon lewer oor die **vertaling van Nederlands na Afrikaans**. Dit is immers waaruit al die probleme onder bespreking na vore gekom het. Elkeen van die hoofstukke in Dele II en III, met die moontlike uitsondering van die hoofstuk oor eiename, behandel dan ook so 'n probleem wat hom sekerlik weer sal voordoen met die vertaling van enige stuk uit Nederlands na Afrikaans.

Soos in Hoofstuk 1 gemeld is, is die hele vertaling (behalwe die eiename) eers voltooi suiwer op die intuïsie van die vertaler voordat met 'n besinning oor die vertaalprobleme begin is. Volgens afspraak (vgl.1.1) is daar egter nie verder aan die vertaling verander nie. Dit het die gevolg dat daar deur die teoretiese besinning 'n aantal gevalle aan die lig gekom het waar die vertaling 'foutief' of minder geslaag was. Hiermee word dan ook die geslaagdheid van die teoretiese besinning uitgewys. Die volgende word as voorbeelde genoem:

Deur die versamel van al die gevalle waar Nederlands **asjeblyeft** gebruik, het aan die lig gekom dat dit in versoeke alleen gebruik word wanneer daar 'n besondere dringendheid by is (bv. 53.41). Gevolglik sou dit meer adekwaat weergegee kon word met **asseblyeftog** in Afrikaans, veral ook om dit te onderskei van **asseblyef** wat op plekke in die vertaalde teks ingevoeg is, omdat die gewone gebruik in Afrikaans dit verg (vgl. 4.2.5.7).

Die gebruik van diskoersanalise in die besinning oor die vertaling van die werkwoorde het 'n hele aantal voorbeelde aan die lig gebring waar die vertaling verbeter kan word. In die volgende gevalle blyk is 'n beter vertaling te wees as **was**: 24.42; 51.31; 129.5; terwyl in 51.47 **wou** liever vervang kan word met **wil** (vgl. 6.3.4). 'n Noukeuriger vertaling van die Nederlandse plusquamperfektum kan dikwels bereik word deur invoeging van bywoorde, soos reeds in 131.48. Sorgvuldige analise van al die hoofstukke (wat nie gedoen is vir die proefskrif nie) sal waarskynlik meer sulke verbeterings aan die hand doen.

Die vertaling van die eienaam **Wachtmeester Jansen** as **Sersant van der Merwe** (37.22) het uiteindelik geblyk ook nie die ideale oplossing te wees nie. Die voltooide vertaling adem nie 'n eg Suid-Afrikaanse atmosfeer nie, hoewel die

dinge wat ondeursigtig sou wees vir Afrikaanssprekende kinders geëksplisiteer is. Die naam van der Merwe pas eintlik nie daarin nie. Dit sou beter wees om dit weer te gee met **Sersant Jansen**, waarin die rang duidelik is, en die naam bloot iets algemeens kommunikeer.

Waarskynlik die belangrikste bydrae deur hierdie studie gelewer is die formulering van 'n aantal strategieë wat deur vertalers gebruik kan word by die vertaling van Nederlandse kinderboeke. Deur dié strategieë te selekteer wat nie uitsluitlik op kinderboeke gerig is nie, kan ook vertalers van ander literatuur nut daarvan hê. Hier volg 'n samevatting van sulke strategieë.

VERTAALSTRATEGIEË

Vir die benoeming van dinge wat vreemd is aan die doeltaalkultuur:

Die eerste keuse wat 'n vertaler moet maak, is die **omvattende strategie** wat hy gaan volg: Gaan hy die hele verhaal transponeer na 'n ander kultuur of gaan hy bloot 'n deursigtige vertaling maak sonder 'n totale verskuiwing van milieu.

Vertaling slaan 'n brug tussen twee kulture waarvan die twee tale wat ter sake is, 'n integrale deel vorm. Hoewel die vertaler dus primêr met tale werk, moet hy as **uitgangspunt** aanvaar dat die bronteks ingebed is in die bronkultuur waarvan hy as vertaler die **merkers/konnotasies** moet kan uitken.

Die vertaler moet op grond van sy **vertroudheid met die doelkultuur** kan antisipeer wanneer 'n blote vertaling **ondeursigtig** sal wees vir die doeltaalleser.

Dis belangrik om te bepaal of 'n begrip van die vreemde objek/gewoonte **funksioneel** is vir die verstaan van die verhaal, of vir die atmosfeer daarvan. Daarom kan vreemde name (soos **kastaiings** en **beuke**) soms behou word as dit 'n **ondergeskikte rol** het in die verhaal, terwyl die soort wel begryp word óf uit die konteks óf deur die invoeging van 'n klassifiseerder.

'n **Klassifikasie** van die soort probleem is noodsaaklik. Is dit 'n kwessie van:

- * die benoeming van 'n vreemde objek;
- * 'n vreemde gewoonte wat geen parallel het in die doeltaalkultuur nie;
- * 'n ander manier om iets te doen wat in die doeltaalkultuur ook bestaan (vgl. bv. aanspreekvorm); of
- * enige van bogenoemde waaraan 'n besondere assosiasie verbonde is

Daar moet 'n keuse gemaak word oor die manier waarop elke probleemgeval opgelos kan word:

- * met behulp van metateks
- * deur die verstelling tot iets in die doeltaalkultuur met dieselfde assosiasie
- * deur verwerking tot 'n min of meer parallelle stelsel / situasie in die doeltaalkultuur.
- * deur 'n kombinasie van twee of meer van hierdie metodes

By die vertaling van 'n kinderboek moet in gedagte gehou word dat die oorspronklike illustrasies gewoonlik saam met die vertaalde teks gepubliseer word. Dit bied verdere verduideliking aan die lesers, dikwels ook van dié dinge wat nie so gewoon is nie, en is dus nog 'n hulpmiddel vir die opklaar van landeskunde-probleme.

Die illustrasies bring egter ook mee dat die vertaler moet sorg dat sy vertaling daarmee korreleer.

Wanneer meer as een doeltaalekwivalent oorweeg word, kan die neem van 'n beslissing vergemaklik word deur gebruik te maak van komponentanalise.

By vertaling van teenwoordige deelwoorde van Afrikaans na Nederlands:

Die vertaler moet in die eerste plek aanvaar dat daar 'n frekwensieverskil is in die gebruik van teenwoordige deelwoorde tussen

Afrikaans en Nederlands, wat die soeke na bepaalde oplossings noodsaak.

Die genre en register moet in ag geneem word. Albei beïnvloed die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans.

Geykte teenwoordige deelwoorde waar die Afrikaanse idioom dit vereis, is gewoonlik aanvaarbaar, tensy daar 'n probleem is met hoogdrawendheid of onverstaanbaarheid soos in kinderlektuur.

Nederlandse teenwoordige deelwoorde waarvan die verbale karakter sterk opval, kan slegs in uitsonderlike gevalle en dan uitsluitlik (?) in prosa van hoogstaaande litêre gehalte weergegee word met Afrikaanse teenwoordige deelwoorde.

In die meeste gevalle sal die Afrikaanse idioom vereis dat 'n Nederlandse teenwoordige deelwoord omgestel word na 'n **ander sintaktiese struktuur**. Voorbeelde hiervan is gegee onder tipes 1-13 onder 5.3.2.2.1. Dit is egter nie moontlik om voorskriftelik te wees hieroor nie.

Vir die weergawe van werkwoorde by die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek:

Aangesien dit 'n kinderboek is, bly die fokus op die teikenleser /-hoorder. Die teks moet dus natuurlike en begryplike alledaagse Afrikaans wees.

Hou in gedagte dat die **ongemerkte patroon** in Afrikaans baie dikwels voorkom in **vertellings** (wat uiteraard baie voorkom in kinderverhale) en dat dit nie juis net hoef te korrespondeer met die Nederlandse presens nie. Dit moet dikwels gebruik word as ekwivalent vir die Nederlandse imperfektum wat baie gebruik word in geskrewe vertelling.

Die **beslissing** oor die vertaling van die Nederlandse imperfektum met die ongemerkte patroon al dan nie, kan vergemaklik word deur **analise** van die besondere tipe **diskoers** (vgl. hierbo onder 6.3.3.1).

Die kombinasie **imperfektum + te + infinitief** kan meesal in Afrikaans weergegee word met 'n verbale hendiadis (ongemerkte patroon / gemerkte patroon + en + ongemerkte patroon).

Aangesien die Nederlandse **plusquamperfektum** so sterk die aspek van **voltooidheid** uitdruk, moet dit byna altyd met die Afrikaanse **gemerkte patroon** weergegee word. Dikwels is dit raadsaam om **voegwoorde, bywoorde of frases in te voeg** wat nie in die bronteks staan nie (byvoorbeeld **reeds, klaar, tevore, nadat**) ten einde te onderskei tussen twee gemerkte patrone wanneer die een gebeurde die ander voorafgaan.

Sowel in dialoog as ander diskoerstipes is dit byna altyd aanvaarbaar as korrek om die Nederlandse **perfektum** weer te gee met die Afrikaanse **gemerkte patroon**.

Wanneer 'n Nederlandse **presens** 'n sterk modaliteit van **belofte of sekerheid** of selfs **dreigement** in verband met die toekoms uitdruk, kan dit die beste in Afrikaans met **sal + die ongemerkte patroon** weergegee word.

Vir die vertaling van eiename

Name wat nie bedoel is om besondere informasie te kommunikeer nie, moet in die vertaalde teks **behou** word in 'n vorm so na as moontlik aan die bronteks.

Sulke name moet egter wel aangepas word by die doeltaal se **spellingsisteem** en by die **doeltaalkonvensies** in verband met afkortings van name.

Name wat ooglopend bedoel is om sekere **assosiasies** te wek, moet **ontleed** word met die oog daarop om vas te stel wat die essensie is van die assosiasie wat gekommunikeer word. Sekere linguistiese en psigologiese perspektiewe kan van nut wees om die soort assosiasie te bepaal.

'n Nuwe naam wat 'n soortgelyke assosiasie by lede van die doeltaalkultuur sal wek, moet **gekonstrueer** word.

Twyfel oor die belangrikheid van 'n naam kan verhelder word deur 'n **narratologiese ontleding** van die rol van die karakter wat die naam dra.

Name wat as byname geklassifiseer kan word vanuit 'n naamkundige perspektief of vanuit die perspektief van literêre konvensie, moet in die doeltteks só gekonstrueer word dat hulle dieselfde eienskappe uitlig as die name in die bronteks.

Eiename wat deur die vertaler verander word, moet inpas by die oorkoepelende vertaalbeleid wat gevolg word. Indien daar nie getransponeer word na byvoorbeeld 'n volledige Afrikaanse milieu nie, moet name wat feitlik uitsluitlik met Suid-Afrika geassosieer word, ook vermy word.

AANBEVELINGS

Metodologies gesien is dit gewens dat hierdie strategieë aan evaluering onderwerp moet word, maar dit is hier nie die plek daarvoor nie, aangesien dit sou neerkom op 'n evaluering van die vertaling en die proefskrif deur die kandidaat self. Daar word derhalwe aanbeveel dat hierdie strategieë op 'n onafhanklike wyse geëvalueer word. Dit bied dan ook moontlikhede vir verdere navorsing.

Die toepassing van die strategieë self by toekomstige vertaalprojekte bied verdere moontlikhede vir die evaluering daarvan sowel as vir vertaalkundige navorsing.

Nog 'n moontlikheid vir verdere navorsing sou wees om te ondersoek in watter mate die strategieë, wat ontwerp is by hierdie vertaling van Nederlands na Afrikaans, van toepassing gemaak kan word op vertaling tussen Afrikaans en ander Europese tale.

Soos aangedui word in 3.5 is Tos en Otje redelik onkonvensionele karakters. Deel van die genot van die boek is geleë daarin dat dié karakters onkonvensionele dinge doen wat die leser nie self kan doen nie. En saam met die genot kom ook 'n empatie met die karakters en hopelik ook begrip vir mense wat nie altyd konformeer nie. As dit verwesenlik sou word deur dié vertaling, sou 'n mens met reg kon beweer dat dit - ofskoon dit geensins rewolusionêr is of bedoel is om te wees nie - tog 'n groter plek kan inneem in die Afrikaanse

kinderliteratuur as die normale sekondêre plek op die periferie wat Toury aan vertaalde kinderliteratuur toesê.

BIBLIOGRAFIE

- ALGEO, J. 1985. Is a theory of names possible? *Names*, 33(3):136-144, Sept.
- ATKINSON, M., KILBY, D. & ROCA, I. 1982. *Foundations of general linguistics*. London : George Allen & Unwin.
- BAL, Mieke 1980. *De theorie van vertellen en verhalen: inleiding in de narratologie*. Muiderberg : Coutinho.
- BAMBERGER, R. ca. 1963. *Übersetzung von Jugendbüchern*. Wien : Österreichischer Buchklub der Jugend.
- BARTHES, R. 1967. *L'analyse rhétorique*. (in *Littérature et société: Problèmes de méthodologie en sociologie de la littérature*. Brussel : Université libre. Institut de sociologie, p.31-35).
- BARTHES, R. 1988. *The semiotic challenge*. Tr. by R. Howard. New York : Hill & Wang.
- BARTELINK, G.J.M. 1980. *Hieronymus - Liber de optimo genere interpretandi (Epistula 57): Ein Kommentar*. Leiden : Brill.
- BARTSCH, R. 1976. *The grammar of adverbials*. Amsterdam : North-Holland Publishing Company.
- BASSNETT-McGUIRE, Susan. 1980. *Translation studies*. London : Methuen.
- BELL, R.T. 1976. *Sociolinguistics: Goals, approaches and problems*. London : Batford.
- BENDIX, E.H. 1966. *Componential analysis of general vocabulary: The semantic structure of a set of verbs in English, Hindi, and Japanese*. The Hague : Mouton.
- BETTELHEIM, B. 1976. *The uses of enchantment: The meaning and importance of fairy tales*. Harmondsworth : Penguin.
- BINDER, Lucia. 1976. *Creativity and research in connection with book production*. *Bookbird*, 14(1):21-26, March.

- BOSKER, A. 1961. Het gebruik van het imperfectum en het perfectum in het Nederlands, het Duits, het Frans en het Engels. Groningen : Wolters.
- BOTHA, J. 1988. Semeion: Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- BOUSFIELD, W.A. & PUFF, C.R. 1965. Relationship between free associational and judgmental measures of word relatedness. *Psychological Reports*, 16:279-282, Jan - Jun.
- BRACHIN, P. 1985. The Dutch language: A survey. Tr. by P. Vincent. Leiden : Brill.
- BRAVO-VILLASANTE, Carmen. 1978. Translation problems in my experience as a translator. (In Klingberg et al. Children's books in translation. Stockholm : Almqvist & Wiksell. p.46-50.)
- BRINK, A.P. 1987. Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste. Pretoria : Academica.
- BRISLIN, R.W. 1976. Translation: Applications and research. New York : Garner Press.
- CATFORD, J.C. 1965. A linguistic theory of translation: An essay in applied linguistics. London : Oxford University Press.
- CHOMSKY, N. 1965. Aspects of the theory of syntax. Cambridge, Mass. : M.I.T. Press.
- CLARK, H.H. 1970. Word association and linguistic theory. (in Lyons, J.J., ed., 1970:271-286).
- CLOETE, T.T., BOTHA, Elize & MALAN, C. 1985. Gids by die literatuurstudie. Pretoria : HAUM-Literêr.
- COMBRINK, J.G.H. 1990. Afrikaanse Morfologie: Capita exemplaria. Pretoria : Academica.
- CONRADIE, C.J. 1986. Taalgeskiedenis. Pretoria : Academica.
- CUDDON, J.A. 1985. A dictionary of literary terms. Middlesex : Penguin.

- DEESE, J. 1962. On the structure of associative meaning. *Psychological Review*, 69:161-175.
- DE KLERK, W.J. 1978. Inleiding tot die semantiek. Durban : Butterworth.
- DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in algemene taalkunde. Vertaal deur Alewyn Lee. Pretoria : van Schaik.
- DE VILLIERS, M. 1948. Werkwoorde, woordsoorte en tye. Kaapstad : Nasionale Pers.
- DE VILLIERS, M. 1951. Werkwoordsvorme in Afrikaans in die verlede tyd (Annale van die universiteit van Stellenbosch, Jrg. xxvi, Reeks B, no. 1.)
- DE VILLIERS, M. 1956. Nederlands vir Suid-Afrika. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- DE VILLIERS, M. 1968. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad : Balkema.
- DE VILLIERS, Yvonne. 1987. Die vertaling van sprokies as deel van kinderliteratuur: 'n ondersoek. (Skripsie (Hons.B.A. Toeg. Ling.) - RAU.)
- DROSTE, F.G. 1958. Het temporele stelsel in het moderne Nederlands. *Nieuwe taalgids*, 51:305-312.
- DU PLESSIS, Hans. 1982. Sintaksis vir eerstejaars. Pretoria : Academica.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1984. Sintaksis. (In Van Rensburg, 1984:35-195).
- DU PLOOY, Heiltje J.G. 1984. Verhaalteorie in die twintigste eeu: Sintese en toepassing. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Litt.) PU vir CHO.)
- ELIZAGARY, Alga M. 1981. Some considerations on Cuban revolutionary poetry for children. Translated by Gabriel Lagunas. *Phaedrus*, 8:49-51.
- ERDMENGER, M. & ISTEEL, H.-W. 1973. Didaktik der Landeskunde. München : Max Hueber.
- FENTON, E. 1977. Blind Idiot: The problems of translation. *The Horn Book Magazine*, 43(5): 505-513 Oct.

- FISH, S. 1980. Is there a text in this class? The authority of interpretive communities. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.
- FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, Elrud. 1977. Theories of literature in the twentieth century. London : Hurst.
- FOWLER, R. 1986. Linguistic criticism. Oxford : Oxford University Press.
- FOWLER, W.S. 1971. Literature for adult students of English as a foreign language. *English Language Teaching*, XXVI(1):84-90 Oct.
- GADAMER, H-G. 1975. Truth and method. Tr. by Barden and Cumming. New York : Continuum.
- GEMSER, B. 1924. De betekenis der persoonsnamen voor onze kennis van het leven en denken der oude Babyloniërs en Assyriërs. Wageningen : Veenman.
- GOODENOUGH, W.H. 1956. Componential Analysis and the study of meaning. *Language*, 32(1):195-216.
- HAFFTER, P. 1984. Sosiokulturele voorveronderstellings en moontlike oplossings vir die weergawe daarvan in literêre vertalings. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 24(1):17-31, Maart.
- HAWKES, T. 1977. Structuralism and semiotics. London : Methuen.
- HAZARD, P. 1966. Books, children and men. Tr. by Marguerite Mitchell. Boston : The Horn Book.
- Lonsdale, B.J. & MacIntosh, H.K. 1968. Children experience literature. New York : Randan House.
- HERMANS, T., ed. 1985. The manipulation of literature: Studies in literary translation. London : Croom Helm.
- HOLLAND, N.N. 1980. Re-covering 'The purloined letter': Reading as a personal transaction. (In Suleiman, Susan & Crosman, Inge, eds., 1980:356-370)
- HOLMES, J.S., ed. 1970. The nature of translation: Essays on the theory and practice of literary translation. The Hague : Mouton.

- HOLMES, J.S., LAMBERT, J. & VAN DEN BROECK, R., eds. 1978. Literature and translation: New perspectives in literary studies. Leuven : Acco.
- HOLUB, R.C. 1984. Reception theory: A critical introduction. London : Methuen.
- HOUSE, Juliane. 1977. A model for translation quality assessment. Tübingen : Gunter Narr Verlag.
- ISER, W. 1974. The implied reader: Patterns of communication in prose fiction from Bunyan to Beckett. Baltimore : John Hopkins University Press.
- ISER, W. 1980. Interaction between text and reader. (In Suleiman, Susan & Crosman, Inge eds.).
- JAUSS, H.R. 1982. Ästhetische Erfahrung und literarische Hermeneutik. Frankfurt/Main : Suhrkamp.
- JOHNSON, O.E. 1936. Tense significance as the time of the action. Philadelphia : Linguistic Society of America.
- KELLY, L. 1979. The true interpreter. Oxford : Blackwell.
- KEMPEN, W. 1965. Die verbale hendiadis in Afrikaans. (In Dietse studies: Bundel aangebied aan Prof. Dr. J. du P. Scholtz by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag. Kaapstad : Academica p. 77-97.)
- KLINGBERG, G., ØRVIG, Mary & AMOR, S., eds. 1978. Children's books in translation. Stockholm : Almqvist & Wiksell.
- KLINGBERG, G. 1986. Children's fiction in the hands of the translators. Lund : Bloms Boktryckeri.
- KLOOSTER, W.G., VERKUYL, H.J. & LUIF, H.J. 1974. Inleiding tot de syntaxis: Praktische zinsleer van het Nederlands. Culemborg : Stam/Robijns.
- KOENEN, M.J. & ENDEPOLS, J. 1951. Verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal. Groningen : Wolters.
- KONINKLIJKE NEDERLANDSCHE TOERISTENBOND 1965. Reisboek voor Nederland. 3de druk. Amsterdam : ANWB met medewerking van Uitgeverij Contact.

KRITZINGER, J.P.K. 1990. Hieronymus, Brief 57: 'n Literêr-strukturele analise. (Verhandeling (MA-Latyn) - UP.)

KRUGER, Aletta. 1990. Die vertaling van idiosinkratiese vorme van spraak in narratiewe fiksie, met spesiale verwysing na "Fiela se Kind". Pretoria. (Verhandeling (MA-Linguistiek) - UNISA.)

KRUGER, Hester J. 1988. Naamgewing by die Moganestam: 'n kultuurhistoriese en linguistiese beskrywing. Potchefstroom. (Verhandeling (MA-Afrikatale) - PU vir CHO.)

LABUSCHAGNE, F.J. 1972 Die oorsprong en wese van taal en die funksielingemaat in Afrikaans. (R.G.N.-Publikasiereeks 16) Potchefstroom : Pro Rege.

LADO, R. 1957. Linguistics across cultures. Ann Arbor : University of Michigan Press.

LANGEVELD, A. 1986. Vertalen wat er staat. Amsterdam : Arbeiderspers.

LEFEVERE, A. 1977. Translating literature: The German tradition. Amsterdam : Van Gorcum.

LEXICON van literaire terme
kyk
VAN GORP, H. et al.

LINDGREN, Astrid. 1969. Traduire des livres d'enfant - est-ce possible? *Babel*, 1969:98-100.

LIVINGSTONE, Myra C. 1989. Translation of poetry for children. *Bookbird*, 27(1):3-4, March.

LOHANN, C.A., samest. 1978. SABV-toekennings vir kinderboeke. Potchefstroom : SABV.

LOHANN, C.A. 1985. Kinderlektuur en biblioterapie. *Literator*, 6(2):46-54.

LOHANN, C.A. 1986. Kinderlektuur. Pretoria : HAUM.

LOUBSER, J.E. 1961. Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands na Afrikaans. Groningen : Wolters

- LYONS, J.J., ed. 1970. *New horizons in linguistics*. Harmondsworth : Penguin.
- MARAIS, H.C. 1985. Semantiese dimensies van aanspreekvorme. (In Mouton, J., red. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria : RGN. p.225-245.)
- MOOLMAN, Christine. 1990. 'n Vergelyking van twee vertalings van Lewis Carrol se *Alice's Adventures in Wonderland*. Johannesburg. (Skripsie (Honns.-BA Toeg. Ling.) - RAU.)
- MARCHAM, Ailsa. 1989. Need children's books concern the familiar? *Artes Natales*, 7(7):5-14, Feb.
- MORAN, L.J., MEFFERD, R.B.jr. & KIMBLE, J.P.jr. 1964. Idiodynamic sets in word association. *Psychological Monographs: General and Applied*, 78(2):1-22
- MORAN, L.J. 1966. Generality of word-association response sets. *Psychological Monographs: General and Applied*, 80(4):1-25.
- MORAN, L.J. 1967. Critique of 'Objective approximations of idiodynamic associative sets'. *Psychological Reports*, 21:240, August.
- MORRIS, Rose. 1975. *Temps et temps grammaticaux*. Pretoria. (Verhandeling (MA Romaanse tale) - UNISA.)
- MOTYASHOV, I. 1978. The social and aesthetic criteria applied in choosing children's books for translation. (In Klingberg, G. et al. *Children's books in translation*. Stockholm : Almqvist & Wiksell. p. 97-103.)
- NEWMARK, P. 1981. *Approaches to translation*. Oxford : Pergamon Press.
- NEWMARK, P. 1988. *A textbook of translation*. New York : Prentice Hall.
- NEWTON, K.M. 1990. *Interpreting the text*. London : Harvester Press.
- NICOLAISEN, W.H.F. 1976. Are there connotative names? *Names*, 26(1):41-47, March.
- NIDA, E.A. 1975. *Componential analysis of meaning*. The Hague : Mouton.

- NIDA, E.A. 1976. A framework for the analysis and evaluation of theories of translation. (In BRISLIN, R.W., 1976:47-79).
- NIDA, E.A. & TABER, C.R. 1982. The theory and practice of translation. Leiden : E.J. Brill.
- NIENABER, G.S. 1953. Oor Afrikaans. Tweede deel. Johannesburg : Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- NOTH, M. 1980. Die israelitischen Personennamen in Rahmen der gemeinsemitischen Namengebung. Hildesheim : Georg Olms.
- OVERDIEP, G.S. 1949. Stilistiese grammatica van het moderne Nederlandsch. 2e druk. Zwolle : van Es.
- OVERDIEP, G.S. 1923. Een opmerking over het Nederlandsche perfectum. *Nieuwe taalgids*, 17:26-33.
- PAARDEKOOPEP, P.C. 1957. De 'tijd' als spraakkunstgroep in het ABN. *Nieuwe taalgids*, 50:38-45.
- PELLOWSKI, Ann. 1979. The third apple: Some thoughts on the universality of children's literature on the eve of the International Year of the Child. *School library journal*, 25(5):15-28, Jan.
- PERGNIER, M. 1980. Les fondements sociolinguistiques de la traduction. Paris : Diffusion Libraire Honore Champion.
- PICARD, J. 1988. Vertalers en vertalings : 'n Handleiding in Afrikaans vir taalpraktisyns. Pretoria : Serva.
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : van Schaik.
- RJPMA, E. & SCHURINGA, F.G. 1968. Nederlandse spraakkunst. Bewerkt door J. van Bakel. Groningen : Wolters.
- RIMMON-KENAN, S. 1983. Narrative fiction: Contemporary poetics. New York : Methuen.
- SAS INSTITUTE INC. 1985. SAS user's guide: Basics, Version 5 Edition. Cary, N.C. : SAS Institute Inc.
- SAVORY, T. 1957. The art of translation. London : Jonathan Cape.

- SCHMIDT, Annie M.G. 1980. *Otje*. Amsterdam : Querido.
- SEARLE, J.R. 1971. The problem of proper names. (In Steinberg, D.D. & Jakobovitz, L.A., eds. *Semantics, an interdisciplinary reader in philosophy, linguistics and psychology*. Cambridge : Cambridge University Press. p. 134-141.)
- SMIT, Ronel. 1986. *Kindgerigte taal in Afrikaanse kinderboeke*. (MA-verhandeling (Afr.-Ndl.) - RAU.)
- SMITH, E.C. 1966. The significance of name study. (In Blok, C.P., ed. *Proceedings of the eighth International Congress of Onomastic Sciences*. The Hague : Mouton. p.492-499)
- STAMM, J.J. 1939. *Die akkadische Namengebung*. Leipzig : Hinrichs.
- STEENBERG, Elsabe. 1974. *Die kind in die Afrikaanse prosa: 'n literêre evaluasie*. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Litt.) - UOVS.)
- STEENBERG, Elsabe. 1983. *Die vertaling van kleuter-, kinder- en jeugboeke*. (In SAVAL-Kongresreferate II: vertalingsteorie en die briefroman. Potchefstroom 1983. p.42-46.)
- STEINER, G. 1975. *After Babel: Aspects of language and translation*. London : Oxford University Press.
- STOKES, F.G. 1949. *A dictionary of the characters and proper names in the works of Shakespeare*. New York : Peter Smith.
- STOLT, Birgit. 1978. *How Emil becomes Michel: on the translation of children's books*. (In Klingberg et al. *Children's books in translation*. Stockholm : Almqvist & Wiksell. p.130-146.)
- SUCKSMITH, H.P. 1970. *The narrative art of Charles Dickens*. Oxford : Clarendon Press.
- SULEIMAN, Susan & CROSMAN, Inge, eds. 1980. *The reader in the text: Essays on audience and interpretation*. New Jersey : Princeton University Press.
- SWIGGERS, P. 1986. *Karakterisering en beskrywing via persoonsnamen*. *Naamkunde*, 18(1-4) : 159-163, Jan. - Dec.

TÖTEMEYER, Andree-Jeanne. 1985. Afrikaanse kinderlektuur in 'n veelrassige samelewing. *Literator*, 6(2):66-89.

TOURY, G. 1980. In search of a theory of translation. Tel Aviv : Porter Institute for Poetics and Semiotics.

TOURY, G. 1985. A rationale for descriptive translation studies. (in Hermans, T., ed., *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. London : Croom Helm. p.16-41)

TRUDGILL, P. 1983. *Sociolinguistics: An introduction to language and society*. Harmondsworth : Penguin.

VAN DEN BROECK, R. & LEFEVERE, A. 1984. *Uitnodiging tot de vertaalwetenskap*. Muiderberg : Coutinho.

VAN DEN TOORN, M.C. 1975. *Nederlandse grammatica*. Groningen : H.D. Tjeenk Willink.

VAN DER MADE-VAN BEKKUM, I.J. 1973. *Nederlandse woordassosiatie normen*. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.

VAN GORP, H., GHESQUIERE, R., DELABASTITA, D., FLAMEND, J., 1986. *Lexicon van literaire termen*. Groningen : Wolters-Noordhoff.

VAN JAARVELD, G.J. 1987. *Wat bedoel jy?* Pretoria : Serva.

VAN LUXEMBURG, J., BAL, Mieke. & WESTSTEIJN, W.G. 1985. *Inleiding in de literatuurwetenskap*. Muiderberg : Coutinho.

VAN RENSBURG, M.C.J. (leier) 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. Band I, Deel I. Pretoria : Ongepubliseerde RGN-verslag.

VON HUMBOLDT, W. 1988. *On language: The diversity of human language-structure and its influence on the mental development of mankind*. Tr. by Peter Heath. Cambridge : University Press.

WAT

kyk

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

WEINREICH, T. 1978. International book production for children related to the children's local experiences and local consciousness. (In Klingberg, G. et al. Children's books in translation. Stockholm : Almqvist & Wiksell. p.147-158)

WILSS, W. 1982. The science of translation. Tübingen : Gunter Narr Verlag.

WISSING, D.P. 1965 'n Aspekties-aktionsartige ondersoek na die funksielingematiese ge-premorfeem, diachronies gesien. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1950-1985. 7dle. Pretoria : Staatsdrukker.

WYBENGA, D.M. 1981. Aanspreekvorme en wisselende status: 'n Ondersoek na die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark. Vanderbijlpark. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

WYBENGA, D.M. 1983. Grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans: 'n Linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Litt.) - PU vir CHO.)

WYBENGA, D.M. 1987. Diskoersanalise en stilistiek. Pretoria : Serva.

OPSOMMING

Die doel van hierdie navorsing was om te ondersoek watter probleme ondervind is met die vertaling van die Nederlandse kinderboek *Otje* deur Annie M.G. Schmidt na Afrikaans, en om die probleme te klassifiseer en na te gaan op watter maniere dit opgelos is.

Na besinning oor die tipe vertaling wat die geskikste sou wees vir kinders, is die vertaling aanvanklik intuïtief gemaak. Daar is in enkele gevalle gebruik gemaak van komponentanalise om tot beslissings te kom. Na voltooiing van die vertaling is ooreengekom met die promotors dat geen verdere veranderings aan die vertaling aangebring sou word nie. Eers daarna is die teoretiese besinning gedoen.

Deel I is inleidend. Na die probleemstelling en motivering vir die studie (Hoofstuk 1) volg in Hoofstuk 2 'n oorsig oor ekwivalensie in vertaling en 'n stelling van die kandidaat se eie ideaal vir die vertaling van *Otje*. Hoofstuk 3 behandel kinderboeke en hul vertaling.

Deel II behandel sosiolinguistiese probleme wat spruit uit die kultuurverskille tussen die brontekstaal en die doeltekstaal (Hoofstuk 4). Daar is gevind dat hierdie probleme opgelos kon word deur die invoeging van metatekstuele elemente soos klassifiseerders, of deur die onbekende voorwerp / gewoonte te verwerk na 'n parallelle situasie wat bekend is aan die doeltekslesers, of deur dit te vervang met iets wat ongeveer dieselfde assosiasie het. 'n Vloediagram vir die volg van prosedures by dergelike vertaling is ontwerp.

Deel III behandel suiwer linguistiese probleme. Die sintaktiese probleme wat ondersoek word, is die vertaling van die Nederlandse teenwoordige deelwoorde (Hoofstuk 5) en die vertaling van die Nederlandse werkwoorde (Hoofstuk 6). Daar is gevind dat teenwoordige deelwoorde 'n baie hoër gebruiksfrekwensie het in die bronteks as in die doelteks. Minder as die helfte van die teenwoordige deelwoorde in die bronteks is in die doelteks met teenwoordige deelwoorde weergegee. Die res is vertaal met behulp van grammatikale omstellings, waarvan 13 tipes onderskei kon word. Hulle is geklassifiseer volgens die grammatikale funksie wat die deelwoorde in die bronteks gehad het.

In die ondersoek na die vertaling van die werkwoorde is die algemene gevolgtrekking gemaak dat die verwagting dat Afrikaans die gemerkte patroon ('het geloop') sou gebruik vir die drie Nederlandse verlede tye, die imperfektum,

perfektum en plusquamperfektum, deurbreek is in die geval van die imperfektum wat 84 % van die kere weergegee is met 'n ongemerkte patroon ('loop'). 'n Verdere gevolgtrekking was dat die gebruik van Afrikaanse werkwoorde groot ooreenstemming vertoon met werkwoorde in die Nederlandse spreektaal.

Die vertaling van eiename is in Hoofstuk 7 behandel as 'n leksikale probleem. Dit behels die vind van vertalings vir eiename wat deur die skryfster geskep is om sekere assosiasies op te roep. Perspektiewe op hierdie byname is verkry uit die psigologie, linguistiek, naamkunde, resepsie-estetika, literêre konvensie en narratologie. Daar is telkens gevind dat die kenmerke wat deur sulke byname benoem word, geëksplisiteer moet word in die doeltaaltekst.

Aan die einde van Hoofstukke 4 tot 7 word telkens algemene strategieë uiteengesit vir die aanpak van die spesifieke soorte probleme.

Deel IV bevat samevattende konklusies en dui gevalle van minder geslaagde vertaling aan wat deur die teoretiese besinning aan die lig gebring is.

Die bylae, wat apart gebind is, bevat die volledige Nederlandse teks en die Afrikaanse vertaling in kolomme langs mekaar.

SUMMARY

'ZE WILLEN GRIEVEN ETEN' : THEORY AND PRACTICE OF THE TRANSLATION OF A DUTCH CHILDREN'S BOOK

This research project was undertaken with the aim of exploring the problems experienced in the translation of a Dutch children's book (*Otje* by Annie M.G. Schmidt) into Afrikaans, classifying these problems and examining the solutions arrived at.

After reflection on the type of translation most suitable for child readers, the translation itself was done mainly in accordance with the intuition of the candidate. In a few instances analyses were made to come to a decision. The rest of the research was done only after the completion of the translation. It was then agreed by the candidate and promoters that no more alterations would be made to the translation.

Part One is introductory. After stating the problem and the motivation for the study (Chapter 1), Chapter 2 is devoted to an overview of the question of equivalence in translation, and what the candidate set for herself as an ideal in the translation of *Otje*. Chapter 3 deals more generally with children's books and their translation.

Part Two is devoted to problems of a sociolinguistic nature, arising from the difference in the cultures of the source and target texts (Chapter 4). It was found that these could be solved by inserting a metatextual element like a classifier, or by transposing it to a cultural equivalent known to the target language users, or by substituting a rough equivalent. A flow chart was devised for the procedures followed here.

Part Three deals with purely linguistic problems. The syntactical problems covered are the translation of the Dutch present participle into Afrikaans (Chapter 5) and the translation of the Dutch verbs (Chapter 6). The present participle was found to have a much higher frequency in the Dutch text. Approximately half of the present participles in the source text were translated by present participles in the target text. The rest were translated by means of other syntactic structures, 13 different types of which were used. These are classified according to the grammatical functions the participle had in the source text.

In describing the translation of verbs (Chapter 6) the overall conclusion was reached that the expectation that the marked pattern should be used for the Dutch imperfect, perfect and pluperfect, is not realized in the case of the imperfect. A further conclusion was that Afrikaans verbs largely resemble spoken Dutch.

The translation of proper names posed a lexical problem (Chapter 7). It entailed finding translations for some proper names probably created by the author to evoke certain associations. Perspectives on these nicknames were obtained from linguistics, psychology, onomastics, reception aesthetics, literary convention and narratology. These all pointed to the necessity of expounding, in the target text, the characteristics highlighted by the nicknames.

Part Four contains a summary of conclusions and points out the less successful instances of translation brought to light by the theoretical reflection.

The appendix, bound separately, contains the complete Dutch source text as well as the Afrikaans translation in side by side paragraphs.

At the end of Chapters 4-7 general strategies are set out for dealing with the different types of translation problems encountered in these chapters.